# Kommunikasie tussen die CDC-lede en die gemeenskap van Rundu: 'n Ontwikkelingskommunikasieperspektief

**L. Miller**

**orcid.org/0000-0002-2528-2193**

Verhandeling voorgelê ter nakoming vir die graad *Magister Artium in Kommunikasie* aan die Noordwes-Universiteit

Studieleier: Dr EM Klopppers

Gradepegtigheid: Oktober 2019

Studentenommer: 23600527

**Opsomming**

Rundu is ŉ dorp in die noorde van Namibië wat verskeie ontwikkelingskwessies soos werkloosheid en armoede in die gesig staar. In Namibië volg die regering ŉ gedesentraliseerde benadering tot sosiale ontwikkeling en as deel daarvan is in elke kiesafdeling ŉ komitee saamgestel (CDC) wat verantwoordelik is vir ontwikkeling op voetsoolvlak. Hierdie komitee dien ook as tussenganger tussen die regering en die plaaslike gemeenskap.

In hierdie studie word geargumenteer dat kommunikasie tussen die CDC-lede en die plaaslike gemeenskap van Rundu aan die beginsels van die deelnemende benadering tot ontwikkelingskommunikasie behoort te voldoen ten einde die ontwikkelingsdoelwitte te bereik.

Die algemene navorsingsvraag wat vir die studie geformuleer is, vra: *Wat is die aard van kommunikasie tussen die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu?*

In die beantwoording van hierdie vraag is daar eerstens ŉ literatuurstudie gedoen oor die deelnemende benadering tot ontwikkelingskommunikasie om te bepaal hoe kommunikasie tussen die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap daaruit behoort te sien. Die beginsels wat vanuit die teorie bespreek is, is deelname, dialoog, kulturele identiteit en bemagtiging.

Die empiriese deel van die studie is kwalitatief benader deur middel van semigestruktureerde onderhoude met CDC-lede en fokusgroepe met gemeenskapslede van Rundu.

Daar is bevind dat die kommunikasie tussen die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu nie tans aan die beginsels van die deelnemende benadering voldoen nie. Dit blyk eerstens dat die ontwikkelende gemeenskap nie aktief deelneem aan CDC-ontwikkelingsinisiatiewe nie. Verder is dit duidelik dat die kommunikasie tussen die CDC-lede en die gemeenskap nie dialogies is nie. Die CDC poog om die kulturele identiteit van die ontwikkelende gemeenskap te beskerm, maar dit word nie genoegsaam geïntegreer binne die konteks van ontwikkeling of die boodskappe wat die CDC kommunikeer nie. Laastens is bevind dat die plaaslike gemeenskap nie bemagtig word deur hul deelname aan die CDC-ontwikkelingsinisiatiewe nie. Gevolglik kan gesê word dat die aard van kommunikasie tussen die CDC-lede en die plaaslike gemeenskap van Rundu nie deelnemend is nie.

**Sleutelterme:**

Bemagtiging, deelname, deelnemende benadering, dialoog, kulturele identiteit, Namibië, ontwikkelingskommunikasie, regeringsinisiatiewe, Rundu, voetsoolvlakontwikkeling.

**Abstract**

Rundu is a town in northern Namibia facing various development issues such as unemployment and poverty. In Namibia, the government follows a decentralized approach to social development and, as such, a committee (CDC) was established in each constituency, which is responsible for grassroots development. This committee also acts as an intermediary between government and the local community.

In this study, it is argued that communication between the CDC members and the local Rundu community should adhere to the principles of the participatory approach to development communication in order to achieve development goals.

The general research question formulated for the study asks: *What is the nature of communication between the CDC members and the developing community of Rundu?*

In answering this question, a literature study was first conducted on the participatory approach to development communication to determine how communication between the CDC members and the developing community ought to be. The principles discussed in theory are participation, dialogue, cultural identity and empowerment.

The empirical part of the study was approached qualitatively by means of semi-structured interviews with CDC members and focus groups with community members of Rundu.

It has been found that the communication between the CDC members and the developing community of Rundu does not currently comply with the principles of the participatory approach. First, it appears that the developing community does not actively participate in CDC development initiatives. Furthermore, it is clear that the communication between the CDC members and the community is not dialogic. The CDC seeks to protect the cultural identity of the developing community, but it is not sufficiently integrated within the context of development or the messages communicated by the CDC. Finally, it was found that the local community is not empowered by their participation in the CDC development initiatives. Consequently, it can be said that the nature of communication between the CDC members and the local Rundu community is not participatory.

**Key terms:**

Cultural identity, development communication, dialogue, empowerment, grassroots development, government initiatives, Namibia, participation, participatory approach, Rundu.

# Inhoudsopgawe

**Opsomming** ........ i

**HOOFSTUK 1: INLEIDING, KONTEKS EN AGTERGROND** ........ 1

**1.1. Inleiding en konteks** ........ 1

1.1.1. Streeksontwikkelingsbeplanning ........ 2

1.1.2. Die rol van die CDC in ontwikkeling ........ 3

1.1.3. Kavango-Oos – Rundu ........ 4

**1.2. Teoretiese begronding** ........ 5

**1.3. Probleemstelling** ........ 7

**1.4. Algemene navorsingsvraag** ........ 7

**1.5. Spesifieke navorsingsvrae** ........ 7

**1.6. Navorsingsdoelstellings** ........ 8

**1.7. Teoretiese argumente** ........ 8

**1.8. Navorsingsbenadering** ........ 9

**1.9. Navorsingsmetode** ........ 10

1.9.1. Literatuurstudie ........ 10

1.9.2. Empiriese metodes ........ 10

*1.9.2.1. Semigestruktureerde onderhoude ........ 11*

*1.9.2.2. Fokusgroepe ........ 11*

**1.10. Etiese oorwegings** ........ 12

**1.11. Beperkings van die studie** ........ 13

**1.12. Bydraes van die studie** ........ 13

**1.13. Hoofstukindeling** ........ 13

**HOOFSTUK 2: DIE DEELNEMENDE BENADERING TOT ONTWIKKELINGSKOMMUNIKASIE** ........ 15

**2.1. Inleiding** ........ 15

**2.2. Vorige benaderings tot ontwikkelingskommunikasie** ........ 15

2.2.1. Die moderniseringsbenadering ........ 16

2.2.2. Afhanklikheidsbenadering ........ 18

2.2.3. Basiese-behoefte-benadering ........ 19

**2.3. Die deelnemende benadering tot ontwikkelingskommunikasie** ........ 21

2.3.1. Deelname ........ 22

2.3.2. Dialoog ........ 27

2.3.3. Kulturele identiteit ........ 33

2.3.4. Bemagtiging ........ 36

**2.4. Gevolgtrekking ... 38**

**HOOFSTUK 3: SEMIGESTRUKTUREERDE ONDERHOUDE EN FOKUSGROEPE BINNE DIE KONTEKS VAN DIE KWALITATIEWE BENADERING ... 40**

**3.1. Inleiding ... 40**

**3.2. Die kwalitatiewe navorsingsbenadering ... 40**

**3.3. Uiteensetting van navorsingsvrae en metodes ... 41**

**3.4. Teoretiese stellings, konsepte en konstrukte ... 42**

**3.5. Navorsingsmetodes ... 45**

3.5.1. Semigestruktureerde onderhoude ... 45

*3.5.1.1. Semigestruktureerde onderhoude: Toepassing in die studie ... 46*

3.5.2. Fokusgroepe ... 49

*3.5.2.1. Fokusgroepe: Toepassing in die studie ... 49*

**3.6. Geldigheid ... 58**

**3.7. Betroubaarheid ... 58**

**3.8. Struikelblokke ... 59**

3.8.1. Struikelblokke ervaar tydens die semigestruktureerde onderhoude ... 59

3.8.2. Struikelblokke ervaar tydens die fokusgroepe ... 59

**3.9. Gevolgtrekking ... 60**

**HOOFSTUK 4: PERSEPSIES VAN DIE CDC-LEDE ... 61**

**4.1. Inleiding ... 61**

**4.2. Deelname ... 61**

4.2.1. Aktiewe rol in besluitneming ... 61

4.2.2. Aktiewe rol in beplanning ... 64

4.2.3. Aktiewe rol in implementering ... 66

4.2.4. Gedeelde mag ... 68

4.2.5. Gedeelde verantwoordelikheid ... 69

*4.2.4.1. Gevolgtrekking oor deelname ... 70*

**4.3. Dialoog ... 71**

4.3.1. Gereelde proses ... 71

4.3.2. Horisontale kommunikasie ... 73

4.3.3 Tweerigtingkommunikasie ... 75

4.3.4. Gedeelde en wedersydse begrip ... 76

4.3.5. Vertrouensverhouding ... 78

*4.3.5.1. Gevolgtrekking oor dialoog ... 79*

**4.4. Kulturele identiteit ... 80**

4.4.1. Begrip ... 80

4.4.2. Respek ... 81

4.4.3. Integrasie ... 82

*4.4.4.1. Gevolgtrekking oor kulturele identiteit ... 83*

**4.5. Bemagtiging ... 84**

4.5.1. Eienaarskap ... 84

4.5.2 Selfstandige denke ... 85

4.5.3. Probleemanalise en -oplossingsvaardighede ... 86

*4.5.4.1. Gevolgtrekking oor bemagtiging ... 87*

**4.6. Gevolgtrekking van die CDC-lede se persepsies oor die ontwikkelende gemeenskap se deelname aan die ontwikkelingskommunikasieproses ... 88**

**HOOFSTUK 5: PERSEPSIES VAN DIE ONTWIKKELENDE GEMEENSKAP VAN RUNDU ... 89**

**5.1. Inleiding ... 89**

**5.2. Konteks: huidige aard van kommunikasie tussen die CDC en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu ... 89**

**5.3. Deelname ... 90**

5.3.1. Aktiewe rol in besluitneming ... 90

5.3.2. Aktiewe rol in beplanning ... 92

5.3.3. Aktiewe rol in implementering ... 94

5.3.4. Gedeelde mag ... 97

5.3.5. Gedeelde verantwoordelikheid ... 98

*5.3.6.1. Gevolgtrekking oor deelname ... 99*

**5.4. Dialoog ... 100**

5.4.1. Gereelde proses ... 100

5.4.2. Horisontale kommunikasie ... 102

5.4.3. Tweerigtingkommunikasie ... 104

5.4.4. Gedeelde en wedersydse begrip ... 105

5.4.5. Vertrouensverhouding ... 108

*5.4.6.1. Gevolgtrekking oor dialoog ... 110*

**5.5. Kulturele identiteit ... 111**

5.5.1. Begrip ... 111

5.5.2. Respek ... 112

5.5.3. Integrasie ... 113

*5.5.4.1. Gevolgtrekking oor kulturele identiteit ... 115*

**5.6. Bemagtiging ... 116**

5.6.1. Eienaarskap ... 116

5.6.2. Selfstandige denke ... 118

5.6.3. Probleemanalise en -oplossingsvaardighede ... 119

*5.6.4.1. Gevolgtrekking oor bemagtiging ... 119*

**5.7. Gevolgtrekking van die ontwikkelende gemeenskap van Rundu se persepsies oor hulle deelname aan die ontwikkelingskommunikasieproses .................... 120**

**HOOFSTUK 6: GEVOLGTREKKINGS EN BEANTWOORDING VAN DIE ALGEMENE NAVORSINGSVRAAG ..................................................................................... 123**

**6.1. Inleiding ........................................................................................... 123**

**6.2. Die beginsels van die deelnemende benadering wat relevant is vir kommunikasie tussen die CDC en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu ........................... ........................................................................................................ 124**

**6.3. Die CDC se persepsie rakende die aard van kommunikasie tussen hulself en die gemeenskap van Rundu ........................................................................ 124**

6.3.1. Deelname ......................................................................................... 125

6.3.2. Dialoog ............................................................................................ 125

6.3.3. Kulturele identiteit ............................................................................ 126

6.3.4. Bemagtiging ...................................................................................... 127

6.3.5. Gevolgtrekking oor die persepsies van die CDC-lede ......................................... 127

**6.4. Die gemeenskap van Rundu se persepsie rakende die aard van kommunikasie tussen hulself en die CDC ......................................................................... 129**

6.4.1. Deelname ......................................................................................... 129

6.4.2. Dialoog ............................................................................................ 130

6.4.3. Kulturele identiteit ............................................................................ 131

6.4.4. Bemagtiging ...................................................................................... 131

6.4.5. Gevolgtrekking oor persepsies van die ontwikkelende gemeenskap van Rundu ... 132

**6.5. Die aard van kommunikasie tussen die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu ........................................................................ 133**

6.5.1. Deelname ......................................................................................... 134

*6.5.1.1. Gevolgtrekking: deelname ....................................................................... 137*

6.5.2. Dialoog ............................................................................................ 137

6.5.2.1. Gevolgtrekking: dialoog ............................................................................. 139

6.5.3. Kulturele identiteit ............................................................................ 140

*6.5.3.1. Gevolgtrekking: kulturele identiteit ............................................................ 141*

6.5.4. Bemagtiging ...................................................................................... 141

*6.5.4.1. Gevolgtrekking: bemagtiging ..................................................................... 142*

6.5.5. Gevolgtrekking oor die aard van kommunikasie tussen die CDC en die gemeenskapslede in Rundu ..................................................................... 143

**6.6. Beperkings van die studie ......................................................................... 143**

**6.7. Aanbevelings vir verdere studie ................................................................. 144**

**Bibliografie .............................................................................................. 145**

# Lys van tabelle

**Tabel 3.1. Spesifieke navorsingsvrae en metodes ........................................................ 42**
**Tabel 3.2. Konsepte, konstrukte en operasionele definisies ........................................ 43**
**Tabel 3.3. Onderhoudskedule vir semigestruktureerde onderhoude ........................... 47**
**Tabel 3.4. Moderatorsgids vir fokusgroepe 1-5 .............................................................. 52**
**Tabel 3.5. Moderatorsgids vir fokusgroepe 6 en 7 .......................................................... 54**

# Lys van figure

**Figuur 2.1. ’n Voorstelling van Maslow (1943) se hiërargie van behoeftes .................. 20**
**Figuur 2.2 ’n Voorstelling van Arnstein (1969) se leer van deelname. .......................... 24**
**Figuur 2.3 Visuele voorstelling van horisontale kommunikasie – aangepas................ 30**

# HOOFSTUK 1: INLEIDING, KONTEKS EN AGTERGROND

1 Heading 1 sal nie druk nie. Moenie uitvee nie – dit sal verkeerde nommering tot gevolg hê.

## 1.1. Inleiding en konteks

Namibië is ŉ relatiewe jong demokrasie wat in 1990 ŉ onafhanklike land geword het. Dit kan gesien word as ŉ ontwikkelende land wat onder die top tien mees ongelyke lande ter wêreld geklassifiseer word (UN, 2018). Ontwikkelingskwessies waarmee Namibië gekonfronteer word sluit onder andere lae ekonomiese groei, armoede, ongelyke verspreiding van rykdom en werkloosheid in (Alweendo, 2012:ix).

In ontwikkelende lande is dit die regering se taak om die land se agenda ten opsigte van ontwikkeling te identifiseer en die nodige ontwikkelingsbeleide daarvolgens op te stel (Davids & Maphunye, 2009:53). Davids en Maphunye (2009) beklemtoon dat die regering ontwikkeling moet aanmoedig en ondersteun deur gemeenskapgesentreerde deelname te fasiliteer, wat behels dat mense op voetsoolvlak behoort deel te neem aan die beleidsamestellingsproses asook implementeringsproses sodat hulle behoeftes en realiteite deur die beleid weerspieël en aangespreek word.

Namibië het ŉ beleid van desentralisasie aanvaar ten einde die regering nader aan die landsburgers te bring. Die doel van desentralisasie is om te verseker dat ekonomiese, kulturele en sosio-ekonomiese ontwikkeling geskied sodat mense op voetsoolvlak die geleentheid gebied word om aan besluitneming deel te neem ten einde demokrasie uit te brei (Government of Namibia, 2015). Die doelstellings van desentralisasie sluit onder andere die volgende in:

- Om vinnige, volhoubare ontwikkeling te verseker, te verbeter en te beveilig
- Om werklike mag oor te dra aan die streeksrade en plaaslike owerhede soos uiteengesit in die nasionale ideale en waardes (Government of Namibia, 2015).

Volgens die handleiding vir ontwikkelingskomitees (Nam, 2014) benadruk die beleid van desentralisasie deelname van gemeenskappe op voetsoolvlak aan die beplanning en implementering van ontwikkelingsinisiatiewe. Deelname aan hierdie inisiatiewe poog om te verseker dat die plaaslik-geïdentifiseerde behoeftes en prioriteite van die gemeenskappe in beleide weerspieël word.

Die Namibiese regering het voorgestel dat verskeie regeringsfunksies en dienste na streekvlak gedelegeer word. Hierdie afvaardiging beteken dat die regering op streekvlak meer administratiewe en finansiële mag het om te beplan, prioritiseer en eindelik om uit te voer as in die verlede. Desentralisasie stel die regering ook in staat om plaaslike

ontwikkelingskwessies te identifiseer en te prioritiseer om sodoende aan die unieke behoeftes van die mense te voldoen (Nam, 2014:15).

Die beleid van desentralisasie plaas groot fokus op ŉ deelnemende demokrasie; dit veronderstel dat enige iemand wat ŉ belang in ŉ inisiatief het ŉ stem behoort te hê. Hierdie individu moet self sy bydrae kan lewer, maar wanneer dit nie moontlik is nie behoort daar ŉ verteenwoordiger te wees wat sy belang kan oordra. Desentralisasie veronderstel verder dat daar ŉ *bottom-up*-benadering moet wees, of te wel ŉ deelnemende aanslag op beplanning (Nam, 2014:20). Die afleiding kan dus gemaak word dat gemeenskappe op voetsoolvlak ook ŉ aandeel in die beplanning van ontwikkelingsinisiatiewe behoort te hê.

In Namibië word landsburgers deur openbare deelname by die besluitnemingsproses betrek en veronderstel dit dat hulle insae in ag geneem sal word wanneer besluite uitgevoer word. Dit gaan veral daaroor dat die publiek die geleentheid het om besluitneming te beïnvloed wat die potensiaal het om hulle lewens te beïnvloed (Nam, 2014:26).

Die Namibiese regering identifiseer die volgende voordele van openbare deelname: eerstens kan dit lei tot beter en meer uitvoerbare besluite wat die werklike behoeftes van gemeenskappe weerspieël. Tweedens kan openbare deelname die gemeenskappe bemagtig met die langtermynkapasiteit om ander sosiale kwessies op te los. Derdens kan dit eienaarskap en toegewydheid van die publiek bevorder en besluitneming op plaaslike vlak verbeter. Vierdens kan dit konflik tussen belangegroepe verminder en daartoe bydra dat daar minder beswaar gemaak word teenoor die besluit wat geneem word. Vyfdens kan dit help om dit ŉ duidelike begrip vir die omvang van die projekte te skep en ŉ verhoogde bewustheid daarvan te kweek. Laastens kan dit ook bydra tot die volhoubaarheid van regeringsinisiatiewe (Nam, 2014:27-28).

Dit blyk uit bostaande dat die beleid van desentralisasie en openbare deelname vir gewone Namibiese landsburgers die geleentheid behoort te bied om deel te kan neem aan alle fases van die land se ontwikkelingsinisiatiewe.

Ten einde die nodige agtergrond te verskaf waarteen die studie se navorsingsvraag gestel sal word gaan die onderstaande afdeling verduidelik hoe desentralisasie en openbare deelname by wyse van streeksontwikkelingsbeplanning in Namibië uitgevoer word.

### 1.1.1. Streeksontwikkelingsbeplanning

Streeksbeplanning verwys na beplanning rondom die land, die gebruik van hulpbronne, ekonomiese en wetlike aspekte, infrastruktuur binne gemeenskappe en die vervulling van noodsaaklike behoeftes vir die welstand van gemeenskappe (Nam, 2014:23).

Die oorhoofse doelwit van streeksbeplanning is om die ontwikkelingsgaping tussen die meer ontwikkelde stedelike gebiede en die onderontwikkelde landelike gebiede reg te stel ten einde gebalanseerde ontwikkeling op nasionale, streeks- en plaaslike vlak mee te bring (Nam, 2014:23).

Streeksbeplanning kan verskeie voordele vir die land inhou. Beplanning op streeksvlak kan die sosio-ekonomiese ongelykhede binne en tussen die verskillende streke in Namibië verminder. Dit skep die geleentheid vir die streke om aktiewe deelnemers aan die nasionale en streeksontwikkelingsinisiatiewe te wees. Streeksbeplanning skep verder die geleentheid vir mobilisering en vennootskappe tussen gemeenskappe op grondvlak, finansiële hulpbronne en die regering om sodoende ekonomiese geleenthede binne die verskeie streke te bewerkstellig. Streeksbeplanning bevorder makro-ekonomiese groei, verhoog inkomste en skep werksgeleenthede op plaaslike vlak. Verder bevorder dit gemeenskapgebaseerde ontwikkelingstrategieë wat gemeenskapsdeelname aan die implementering van ontwikkelingsinisiatiewe meebring (Nam, 2014:23-24).

Ten einde desentralisasie effektief te implementeer en meer mag aan die landsburgers te gee, is ontwikkelingskomitees saamgestel. Daar is op nasionale, streeks- sowel as plaaslike vlak ontwikkelingskomitees gestig ten einde gemeenskapsdeelname aan ontwikkelingsinisiatiewe meer uitvoerbaar te maak (Nam, 2014:35).

Daar is drie vlakke van ontwikkelingsbeplanning in Namibië. Op die eerste vlak is die Nasionale Beplanningskommissie (NPC). Die NPC is die regeringsinstelling wat die ontplooiing van nasionale ontwikkeling bestuur en prioritiseer. Die NPC is ook verantwoordelik vir die samestelling en implementering van die nasionale ontwikkelingsplan. Op streeksvlak is die rol van die streekskoördineringsontwikkelingskomitee (RDCC) die koördinering en effektiewe beplanning van ontwikkeling binne die verskeie streke (Nam, 2014:35). Die kiesafdelingontwikkelingskomitee (CDC) is verantwoordelik vir ontwikkeling binne die verskeie kiesafdelings (Nam, 2014:37).

Vir die doeleindes van hierdie studie word gefokus op die rol van die CDC in ontwikkeling, aangesien hierdie komitee binne dorpe en die verskeie kiesafdelings direk met gewone burgers werk.

### 1.1.2. Die rol van die CDC in ontwikkeling

Die CDC vervul die rol van koördinering van ontwikkelingsbeplanning binne die kiesafdeling. Daar is streng vereistes by die samestelling van die CDC. Ten minste een derde van die komitee moet vroue wees en minstens drie komiteelede moet gestremd wees, om sodoende die belange van gestremdes en vroue te benadruk. Verder behoort daar twee jongmense te wees wat die jeug van die kiesafdeling verteenwoordig. Ten minste een van die twee

jongmense moet ŉ vrou wees. Voorts kan ander gemeenskapslede of besigheidsmense genooi word om as adviseurs die CDC te dien (Nam, 2014:37). Die raadslid van die kiesafdeling dien as die voorsitter van die CDC. Twee lede van ŉ erkende tradisionele gesag in die kiesafdeling moet ook deel uit maak van die komitee (Nam, 2014:37). Daar is geen vasgestelde termyn vir die CDC-lede nie.

Die CDC is veronderstel om een maal per kwartaal te vergader, maar wanneer dit nodig is, kan ekstra vergaderings geskeduleer word (Nam, 2014:38).

Van die funksies van die CDC sluit in:

- Die identifisering en assessering van die gemeenskap se behoeftes of kwessies wat ingesluit kan word in die kiesafdeling-ontwikkelingsplan;
- Die voorbereiding en evaluering van ontwikkelingsvoorstelle van die kiesafdeling wat aan die streeksraad voorgelê word;
- Om selfhelpprojekte in die gemeenskap te inisieer, te ondersteun en aan te moedig;
- Om die implementering van ontwikkelingsplanne, soos goedgekeur deur die streeksraad, te monitor en evalueer;
- Om te dien as kommunikasiekanaal tussen die gemeenskap en die streeksraad; en
- Om die implementering van projekte en inisiatiewe van die regering, streeksraad, plaaslike gesag, nie-winsgewende organisasies en gemeenskapgebaseerde organisasies te koördineer en te monitor (Nam, 2014:37-38).

Die CDC vertolk ŉ baie belangrike rol ten opsigte van ontwikkeling, weens die feit dat hulle op voetsoolvlak met die ontwikkelende gemeenskap nie net binne dorpe werk nie, maar spesifiek in die verskillende kiesafdelings. Dit is die werk van die CDC om as skakel tussen die ontwikkelende gemeenskap en dorpsraad op te tree en om te verseker dat die behoeftes van die gemeenskap gehoor word (Nam, 2014:37-38).

Gegee die belang van hierdie aspek van die CDC's se werk, word in hierdie studie gefokus word op die aard van kommunikasie tussen die ontwikkelende gemeenskap en die CDC en die bydrae wat dit lewer tot ontwikkeling.

### 1.1.3. Kavango-Oos – Rundu

Namibië is verdeel in 14 streke en hierdie streke word verder verdeel in 121 kiesafdelings (Government of Namibia, 2015). Rundu is die 'hoofstad' (grootste dorp) in die Kavango-Oos-streek en staar bepaalde ontwikkelingskwessies in die oë. Die oorgrote meerderheid van Rundu se inwoners is Kavangos, terwyl daar ŉ klein hoeveelheid inwoners van ander streke of lande ook in die dorp woonagtig is.

In 2011 is daar deur middel van ŉ sensus vasgestel dat 53.2% van die Kavango-streek se bevolking as 'arm' geklassifiseer kan word. Hierdie studie dui verder aan dat die Kavango-streek die armste streek in Namibië is en dat dié streek bydra tot 21% van die hele land se armoedesyfers. Die Kavango-streek het verder ook ŉ 50%-werkloosheidsyfer, wat heelwat hoër is as die land se gemiddeld van 26.9% (NPC, 2015:13-29,55; NPC, 2015:11).

Die bogenoemde statistiek is van toepassing op die inwoners van Rundu. Gegewe die ernstige ontwikkelingsprobleme van armoede en werkloosheid wat hierdie dorp raak en die belangrike rol wat die CDC in die aanspreek hiervan kan speel, gaan hierdie studie fokus op die aard van kommunikasie tussen die CDC en die gemeenskapslede in Rundu.

## 1.2 Teoretiese begronding

Kwessies soos werkloosheid en armoede word geïdentifiseer as ontwikkelingskwessies omdat dit sosio-ekonomiese implikasie soos swak higiëne, onveilige behuising, hongerte, ongeletterdheid en gesondheidskwessies vir individue, hulle families, die gemeenskap waarin hulle woon en eindelik vir die land as geheel inhou (Malakwane, 2012:1). Kommunikasie oor ontwikkelingskwessies val in die teoretiese veld van ontwikkelingskommunikasie.

Die deelnemende benadering word as die normatiewe benadering tot ontwikkelingskommunikasie erken (Jacobson & Kolluri, 1999:265; Tufte & Mefalopulos 2009:3; Waisbord, 2014:147) en berus onder andere op die volgende kernbeginsels: deelname, dialoog, kulturele identiteit en bemagtiging (Thomas, 1994:53-58; Servaes, 1999:77-88).

Deelname, soos in die deelnemende benadering beskou, behels die aktiewe betrokkenheid van die gemeenskappe waar ontwikkeling plaasvind tydens alle fases van die ontwikkelingsproses wat ten doel het om die gemeenskap toe te rus en te bemagtig. Hierdie fases sluit in die beplanning, implementering sowel as evaluering van die ontwikkelingsinisiatief (Yoon, 1996:40; Bessette, 2004:6; Tufte & Mefalopulos, 2009:2). Deur deelname word gepoog om ontwikkelende gemeenskappe toe te rus met vaardighede om toekomstige probleme self te kan oplos.

In die deelnemende benadering word dialogiese kommunikasie as van kernbelangrik beskou. Dialoog veronderstel ŉ gebalanseerde, horisontale tweerigtingvloei van kommunikasie, wat behoort te lei tot die uitruil van kennis, gedeelde begrip en wedersydse respek tussen verskillende deelnemers aan die kommunikasie- en ontwikkelingsproses (Waisbord, 1999:35; Jacobson & Kolluri, 1999:268; Waisbord, 2014:152).

ŉ Persoon se kulturele identiteit beïnvloed hoe kommunikasie geïnterpreteer, verstaan en aanvaar word (Hecht & Choi, 2012:137-141). In die deelnemende benadering word beklemtoon dat ontwikkeling moet plaasvind binne die konteks van die gemeenskap se kultuur, wat beteken dat ontwikkeling behoort te spreek tot die gemeenskap se norme en waardesisteme. Die beskerming en integrasie van kulturele identiteit binne die raamwerk van ontwikkeling behoort verhoogde deelname aan die ontwikkelingsproses tot gevolg te hê (Servaes, 1995:45), wat noodsaaklik is vir die bereiking van ontwikkelingsdoelwitte.

Wanneer daar gemeenskapsdeelname tydens alle vlakke van die ontwikkelingsprojek bestaan, baan dit die weg vir bemagtiging en so ook vir volhoubare ontwikkeling. Bemagtiging verlang vaardighede vir individue en gemeenskappe om hul lewenstandaard te verbeter en is die oorhoofse doel van ontwikkeling binne die konteks van die deelnemende benadering (Schurink, 1998:406; Waisbord, 1999:30; Tufte & Mefalopulos, 2009:4; Waisbord, 2014:153). Bemagtiging beteken dat die individu eienaarskap en beheer oor sy eie lewe verkry (Waisbord, 1999:27). Volgens die deelnemende benadering is bemagtiging ŉ kernelement van ontwikkeling omdat dit mense in staat stel om die rigting van hulle eie lewens te bepaal (Tufte & Mefalopulos, 2009:4).

Dit blyk vanuit die bostaande dat die deelnemende benadering by uitstek impliseer dat plaaslike gemeenskappe en individue op voetsoolvlak aktief behoort deel te neem aan die identifisering van hulle eie behoeftes asook van maniere waarop dié kwessies aangepak kan word (Thomas, 1994:49; Davids & Maphunye, 2009:56).

Die deelnemende benadering word as die mees toepaslike benadering tot ontwikkelingskommunikasie erken (Waisbord, 2014:147) aangesien hierdie benadering die meeste sukses behaal in volhoubare ontwikkeling (Jacobson & Kolluri, 1999:265; Tufte & Mefalopulos 2009:3).

In hierdie studie word geargumenteer dat kommunikasie tussen CDC-lede en gemeenskapslede in Rundu aan die beginsels van die deelnemende benadering behoort te voldoen ten einde by te dra tot bemagtiging en volhoubare ontwikkeling van die gemeenskap.

Daar word egter in ag geneem dat die beginsels van die deelnemende benadering gewoonlik in kleiner ontwikkelingsinisiatiewe toegepas word, wat die potensiaal skep dat die onkritiese toepassing daarvan op regeringsvlak problematies kan wees. Om hierdie rede word erken dat die beginsels van die deelnemende benadering moontlik aangepas moet word om relevant te wees in die konteks van die huidige studie. Dit impliseer ŉ kritiese spanning tussen die deelnemende benadering as normatiewe uitgangspunt, die regering se beleid jeens ontwikkeling en die spesifieke konteks wat hier aan die orde gestel word.

## 1.3. Probleemstelling

Kommunikasie tydens alle fases van ontwikkelingsinisiatiewe behoort te voldoen aan die beginsels van die deelnemende benadering tot ontwikkelingskommunikasie. Indien die gemeenskap nie deelneem aan die gesprek oor die ontwikkelingskwessies en oplossings daarvoor nie, kan dit moontlik gebeur dat die kwessies wat uitgewys word en die maniere waarop dit aangespreek gaan word nie die gemeenskap se ware behoeftes weerspieël nie. Die gevolg hiervan kan wees dat gemeenskappe nie bemagtig word nie en dat ontwikkeling nie volhoubaar geskied nie.

In Namibië is ontwikkelingskomitees, naamlik CDC's, deur die regering gestig om die ontwikkeling van gemeenskappe op voetsoolvlak te fasiliteer. Dit geld ook vir Rundu, 'n dorp in die noorde van Namibië, waar 'n verskeidenheid ontwikkelingsprobleme ondervind word.

Aangesien elke CDC saamgestel is om ontwikkeling te fasiliteer, behoort kommunikasie tussen die Rundu-CDC en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu deelnemend van aard te wees en gevolglik te voldoen aan die beginsels van die deelnemende benadering ten einde by te dra tot bemagtiging en volhoubare ontwikkeling.

Gevolglik is dit belangrik om ondersoek in te stel na die aard van kommunikasie tussen die CDC en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu om te kan vasstel tot watter mate die kommunikasie voldoen aan die beginsels van die deelnemende benadering. Dit kan die basis bied waarop enige voorstelle gegrond kan word wat kan lei tot die verbetering van die bestaande kommunikasie.

## 1.4. Algemene navorsingsvraag

Vanuit die bogenoemde probleemstelling word die algemene navorsingsvraag soos volg geformuleer:

*Wat is die aard van kommunikasie tussen die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu?*

## 1.5. Spesifieke navorsingsvrae

Ten einde die bogenoemde navorsingsvraag te beantwoord, word die volgende spesifieke navorsingsvrae geformuleer:

1.5.1 Hoe kan die beginsels van die deelnemende benadering tot ontwikkelingskommunikasie gedefinieer word om relevant te wees vir die kommunikasie tussen die plaaslike CDC en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu?

1.5.2. Wat is die persepsie van die CDC van Rundu rakende die aard van kommunikasie tussen hulself en die gemeenskap van Rundu?

1.5.5. Wat is die gemeenskap van Rundu se persepsie rakende die aard van kommunikasie tussen hulself en die CDC?

## 1.6. Navorsingsdoelstellings

Hierdie navorsingsdoelstellings word geformuleer om die spesifieke navorsingsvrae te beantwoord en eindelik ook die algemene navorsingsvraag:

1.6.5. Om by wyse van 'n literatuurstudie die beginsels van die deelnemende benadering tot ontwikkelingskommunikasie te definieer sodat dit relevant is vir kommunikasie tussen die CDC en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu.

1.6.6. Om by wyse van semigestruktureerde onderhoude vas te stel wat die persepsie van die CDC van Rundu rakende die aard van kommunikasie tussen hulle en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu is.

1.6.7. Om deur middel van fokusgroepe vas te stel wat die gemeenskap van Rundu se persepsie van die aard van kommunikasie tussen hulle en die CDC-lede is.

## 1.7. Teoretiese argumente

- Die rol van regering tydens ontwikkeling is die *bottom-up*-samestelling van agendas, beleide en die fasilitering van die implementering van dié beleide ten einde volhoubare ontwikkeling te bewerkstellig (Davids & Maphunye, 2009:53-54).

- Wanneer die doel van 'n inisiatief is om tot volhoubare ontwikkeling by te dra, val hierdie kommunikasie in die teoretiese raamwerk van ontwikkelingskommunikasie waar die deelnemende benadering wyd as norm erken word (Jacobson & Kolluri, 1999:265; Tufte & Mefalopulos 2009:3; Waisbord, 2014:147).

- Die deelnemende benadering tot ontwikkelingskommunikasie veronderstel dat bevoordeeldes tydens die beplanning-, samestelling- en implementeringsfases van die ontwikkelingsproses behoort deel te neem (Yoon, 1996:40; Schurink, 1998:407; Bessette, 2004:6; Tufte & Mefalopulos, 2009:2). Daar behoort dialogiese kommunikasie tussen die ontwikkelaar en die begunstigdes te wees (Servaes, 1995:46). Die begunstigdes se kulturele identiteit behoort in ag geneem te word tydens ontwikkelingsinisiatiewe (Servaes, 1995:45) ten einde die begunstigdes te bemagtig tot selfonderhoud (Schurink, 1998:406; Waisbord, 1999:30; Waisbord, 2014:153).

- Die gemeenskap van Rundu in Namibië beleef bepaalde ontwikkelingskwessies en vanuit bostaande word geargumenteer dat hulle moet deelneem aan alle ontwikkelingsinisiatiewe wat op hulle gemik is. Hierdie argument word versterk deur

die Namibiese regering se sterk fokus op desentralisasie en openbare deelname aan inisiatiewe wat hul lewens kan beïnvloed (Nam, 2014:15, 26; Government of Namibia, 2015).

- Die CDC is die regeringsinstelling wat op voetsoolvlak met die ontwikkelende gemeenskap van Rundu werk en daarom word daar in hierdie studie geargumenteer dat die kommunikasie tussen die CDC en die gemeenskap behoort te voldoen aan die beginsels van die deelnemende benadering tot ontwikkelingskommunikasie ten einde by te dra tot die ontwikkeling en bemagtiging van die betrokke gemeenskap.
- Vanweë die feit dat die deelnemende benadering grootliks in die konteks van kleiner ontwikkelingsinisiatiewe toegepas word, gaan ván die beginsels beredeneer en moontlik geherdefinieer moet word om die toepassing daarvan binne die konteks van kommunikasie tussen die CDC en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu uitvoerbaar te maak.

## 1.8. Navorsingsbenadering

ŉ Kwalitatiewe navorsingsbenadering is gebruik tydens hierdie studie. Die kwalitatiewe benadering is gepas wanneer indieptenavorsing gedoen word oor ŉ spesifieke situasie en stel nie ten doel om te veralgemeen nie (Du Plooy, 2011: 34). Hierdie studie het dan spesifiek gepoog om ŉ indieptebegrip te verkry van die aard van kommunikasie tussen die CDC en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu,.

Die kwalitatiewe benadering fokus byvoorbeeld daarop om mense se persepsies vanuit hul unieke perspektiewe te verstaan (Fouché & Schurink, 2011:308). Die navors van die persepsies van die betrokke CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu oor die aard van kommunikasie tussen hulle is gedoen ten einde moontlike leemtes in dié proses te kon identifiseer. So word gepoog om deur navorsing ŉ konstruktiewe bydrae tot ontwikkelingskwessies te maak.

Die verwagting is dat die kwalitatiewe navorsingsbenadering die navorser in staat sal stel om kwessies te ontbloot wat nie voorheen nie in ag geneem is nie (sien Du Plooy, 2011:38). Vanweë die ondersoekende aard van kwalitatiewe navorsing word verwag dat inligting uit die empiriese studie na vore kan kom wat groter begrip sal gee van die gemeenskap en CDC-lede se persepsies en ervarings van die kommunikasieproses. Struikelblokke in kommunikasie kan dus geïdentifiseer word wat nie noodwendig vooraf geantisipeer kan word nie.

## 1.9. Navorsingsmetodes

In hierdie studie is die navorsingsvrae beantwoord deur ŉ kombinasie van ŉ literatuurstudie en die gebruik van empiriese navorsingsmetodes.

### 1.9.1. Literatuurstudie

Die eerste spesifieke navorsingsvraag is deur middel van ŉ literatuurstudie beantwoord. ŉ Literatuurstudie is gebruik om vas te stel hoe die beginsels van deelnemende benadering gedefinieer kan word om relevant te wees vir kommunikasie tussen die betrokke CDC en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu.

Die databasisse wat geraadpleeg is, naamlik die Ferdinand Postma-Biblioteek, Google Scholar, EBSCO Host en Nexus, het aangetoon dat daar voldoende literatuur beskikbaar was om hierdie studie uit te voer asook dat daar nog nie voorheen ŉ soortgelyke studie gedoen is nie.

Arnstein (1969) Servaes (1995), Servaes (1996), Waisbord (1999), Haynes (2008), Servaes (2008), Davids en Maphunye (2009), asook Tufte en Mefalopulos (2009) is van die belangrikste teoretici wie se werk die kern van die literatuurstudie vorm.

Meesters- en doktorsgrade wat sedert 2010 voltooi is en wat met die deelnemende benadering tot ontwikkelingskommunikasie as teoretiese grondslag gewerk het, sluit die volgende in: Vermeulen (2012), Visser (2013), Jooste (2014), Van Dyk (2014) en Kloppers (2015). Hoewel die bostaande studies dieselfde teoretiese onderbou as hierdie studie het, verskil die konteks en toepassing daarvan. Hierdie studies is wel geraadpleeg om vas te stel hoe die outeurs die deelnemende benadering tot ontwikkelingskommunikasie in verskillende kontekste gebruik en aangepas het.

Daar is tot op hede min studies uitgevoer in die Namibiese konteks. Die meeste van die studies wat wel op Namibië fokus, val binne die velde van gesondheid en ekonomie. Hierdie studie is daarom uniek omdat dit ondersoek instel na die aard van ontwikkelingskommunikasie, in die besonder tussen die betrokke plaaslike CDC en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu. Dié studie is potensieel belangrik omdat dit leemtes kan ontbloot wat moontlik vanuit toepaslike teorie aangespreek kan word.

### 1.9.2. Empiriese metodes

Die twee kwalitatiewe empiriese navorsingsmetodes wat tydens hierdie studie gebruik is, is fokusgroepe en semigestruktureerde onderhoude.

#### *1.9.2.1. Semigestruktureerde onderhoude*

Semigestruktureerde onderhoude kombineer die beste eienskappe van beide die gestruktureerde en ongestruktureerde onderhoud (du Plooy, 2011:198). Hierdie metode verseker dat relevante vrae gevra word, maar bied aan die deelnemer die vryheid om vrae te beantwoord op hul eie manier en meer te sê as bloot ŉ antwoord op dit wat gevra is.

Vir die doeleindes van hierdie studie was dit noodsaaklik om die aard van kommunikasie tussen die CDC en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu te verstaan. Semigestruktureerde onderhoude was die mees relevante navorsingsmetode om die persepsies van hierdie persone te begryp, aangesien die gestruktureerde aard daarvan beteken dat dieselfde vrae aan al die CDC-lede gestel kon word sodat die inligting geïntegreer kan word. Ruimte is gelaat vir inligting wat die navorser nie vooraf geantisipeer het nie, maar wat ook deel van die studie kon vorm.

In November 2016 was daar ongeveer 22 nuut verkose CDC-lede wat in die verskillende kiesafdelings van Rundu en die omliggende landelike nedersettings werksaam was. Vir dié studie is semigestruktureerde onderhoude met vier van die betrokke CDC-lede gevoer. Die deelnemers is met die hulp van die raadslid, Vicky Kauna geïdentifiseer. Kauna het gevra dat die CDC-lede wat wil deelneem in kontak met die navorser tree. Die lede wat deelgeneem het, het dus vrywilliglik deelgeneem aan die onderhoude.

ŉ Onderhoudskedule is saamgestel vanuit die konsepte en konstrukte wat uit die literatuurstudie geïdentifiseer is. Hierdie onderhoudskedule is gebruik om die semigestruktureerde onderhoude te lei, maar deelnemers het die geleentheid gehad om uit te brei en inligting in te sluit wat nie pertinent gevra is nie. Na afloop van die onderhoude is dit getranskribeer en deur middel van kwalitatiewe inhoudsanalise ten einde gevolgtrekkings te kon maak. Die konsepte en konstrukte is as kategorieë vir die kwalitatiewe inhoudsanalise gebruik.

#### *1.9.2.2. Fokusgroepe*

Fokusgroepe is gehou om die persepsies van die ontwikkelende gemeenskap op voetsoolvlak in te win.

ŉ Fokusgroep bestaan tipies uit sewe tot twaalf mense wat deelneem aan ŉ gesprek oor ŉ vasgestelde onderwerp. Dit bring die idees, opinies en houdings van verskillende deelnemers na vore en die navorser kan relevante inligting relatief vinnig insamel (du Plooy, 2011:199; Babie *et al.*, 2012:292; Nieuwenhuis, 2013:90). In hierdie studie was die doel met fokusgroepe om te bepaal wat die gemeenskap van Rundu se persepsie oor die aard van kommunikasie

tussen hulle en die CDC is. Rundu is die grootste en mees ontwikkelde dorp in die Kavango-Oos gebied van Namibië. Daar is minstens nege informele nedersettings rondom die dorp wat gebuk gaan onder die realiteite van armoede en werkloosheid. Fokusgroepe is gehou met gemeenskapslede uit vyf van Rundu se informele nedersettings. Die eerste vyf fokusgroepe is in 2016 gehou en in 2018 nog twee. Deelnemers vir die fokusgroepe is bepaal met behulp van kerkleiers in elk van die bepaalde informele nedersettings. ŉ Vrywillige steekproef is gebruik, omdat die geleentheid aan die gemeentelede bekend gemaak is en hierdie lede kon kies om aan die fokusgroep deel te neem of nie.

Vanuit die literatuurstudie is teoretiese konsepte en konstrukte geïdentifiseer wat gebruik is om die moderatorsgids saam te stel.

Die fokusgroepe het uit informele gesprekvoering bestaan (gelei deur die moderator), wat daartoe gelei het dat die idees, opinies en houdings van die verskillende deelnemers na vore kon kom. Die deelnemers kon voortbou op wat ander gesê het en hulle opinies duidelik uitdruk (sien Du Plooy, 2011:199-200; Babie *et al*., 2012:292; Nieuwenhuis, 2013:90; Greef, 2013:360).

Na afloop van die fokusgroepe is die inligting getranskribeer en deur middel van ŉ kwalitatiewe inhoudsanalise geanaliseer. Die teoretiese konsepte en konstrukte is gebruik as kategorieë vir die kwalitatiewe inhoudsanalise.

### 1.10. Etiese oorwegings

Dit was noodsaaklik dat daar met sowel die CDC-lede as lede van die gemeenskappe onderhoude gevoer is. Die deelnemers se persepsies kon op geen ander manier effektief en in diepte vasgestel word nie.

Tydens die uitvoering van die empiriese navorsing het die navorser geen deelnemer omgekoop om deel te neem aan die semigestruktureerde onderhoude of aan die fokusgroepe nie en toestemming is telkens verkry voordat die onderhoude opgeneem is. Al die deelnemers het vrywillig aan die studie deelgeneem. Die navorser het die identiteit van die deelnemers beskerm en het toegesien dat geen inligting aan ŉ individu gekoppel kan word nie.

Aangesien die deelnemers van die fokusgroepe kwesbaar is, het die navorser met sorgsaamheid die fokusgroeponderhoude gevoer word en seker gemaak dat geen deelnemer op enige manier benadeel kon word op grond van sy/haar deelname nie.

Hierdie studie is deur die Noordwes-Universiteit se etiekkomitee goedgekeur en die etiekklaringnommer is: NWU-00277-16-A7.

## 1.11. Beperkings van die studie

Omdat dié studie kwalitatief van aard was, sal dit nie moontlik wees om die resultate van die empiriese navorsing te veralgemeen nie. Die fokus was spesifiek op ontwikkelende gemeenskappe van een dorp, naamlik Rundu, en weerspieël slegs verteenwoordigers van hierdie gemeenskappe se ondervindings en persepsies. Die navorser besef dat die individue wat aan die fokusgroepe en semigestruktureerde onderhoude deelgeneem het se persepsies nie noodwendig dié van die hele gemeenskap weerspieël nie en dat dit daarom ook nie tot die hele gemeenskap veralgemeen kan word nie.

## 1.12. Bydraes van die studie

Die studie lewer unieke insig in die kommunikasieprosesse tussen die plaaslike regeringsentiteite en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu.

Die bevindinge van hierdie studie dui op leemtes in die kommunikasie tussen die CDC en die gemeenskap van Rundu. Vanuit die teorie is daar beredeneer tot watter mate toe hierdie kommunikasie moontlik aan die beginsels van die deelnemende benadering kan voldoen. Daar is telkens ook voorstelle vir verbetering gemaak.

## 1.13. Hoofstukindeling

Hoofstuk 1: Inleiding, konteks en agtergrond
In hierdie hoofstuk word die agtergrond van die studie bespreek sowel as die probleemstelling, navorsingsvrae en die navorsingsdoelstellings.

Hoofstuk 2: Die deelnemende benadering tot ontwikkelingskommunikasie
In hierdie hoofstuk word die beginsels van die deelnemende benadering tot ontwikkelingskommunikasie bespreek ten einde dit te definieer om toepaslik te wees vir kommunikasie tussen die CDC en die gemeenskap van Rundu.

Hoofstuk 3: Die semigestruktureerde onderhoude en fokusgroepe binne die konteks van die kwalitatiewe benadering.
In hierdie hoofstuk word die empiriese studie uiteengesit. Die konsepte, konstrukte en onderhoudskedules wat gebruik is tydens die empiriese navorsing word ook hier bespreek.

Hoofstuk 4: Persepsies van CDC-lede
In hierdie hoofstuk word die persepsies van die CDC-lede na afloop van die semigestruktureerde onderhoude bespreek en geanaliseer.

Hoofstuk 5: Persepsies van die ontwikkelende gemeenskap van Rundu

In hierdie hoofstuk word die persepsies van die ontwikkelende gemeenskap van Rundu na afloop van die fokusgroepe bespreek en geanaliseer.

Hoofstuk 6: Gevolgtrekkings

In hierdie hoofstuk word die spesifieke navorsingsvrae sowel as die algemene navorsingvraag beantwoord. Aanbevelings vanuit die teorie sowel as die voorstelle vanaf die CDC en die ontwikkelende gemeenskap vir verbetering van kommunikasie word ook in hierdie hoofstuk behandel.

# HOOFSTUK 2: DIE DEELNEMENDE BENADERING TOT ONTWIKKELINGSKOMMUNIKASIE

2. Heading 1 sal nie druk nie. Moenie uitvee nie – dit sal verkeerde nommering tot gevolg hê.

## 2.1. Inleiding

In hoofstuk 1 is die uitgangspunte van die deelnemende benadering tot ontwikkelingskommunikasie bondig bespreek en is aangedui dat kommunikasie rakende ontwikkeling tussen die CDC en die gemeenskap van Rundu ideaal gesproke aan die beginsels van hierdie benadering moet voldoen. Die deelnemende benadering veronderstel dat bevoordeeldes tydens al die fases van die ontwikkelingsproses behoort deel te neem aan dialogiese kommunikasie tussen die ontwikkelaar en die begunstigdes en dat die begunstigdes se kulturele identiteit in ag geneem moet word ten einde die begunstigdes te bemagtig tot selfonderhoud. Vanuit hierdie argument oor die rol van die CDC en die uitgangspunte van die deelnemende benadering tot ontwikkelingskommunikasie is die probleemstelling, navorsingsvrae en navorsingsdoelwitte vir die studie daargestel.

Hoofstuk 2 stel ten doel om die eerste spesifieke navorsingsvraag, (1.5.1) *Hoe kan die beginsels van die deelnemende benadering tot ontwikkelingskommunikasie gedefinieer word om relevant te wees vir die kommunikasie tussen die plaaslike CDC en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu?,* te beantwoord. Hierdie navorsingsvraag gaan by wyse van ŉ literatuurstudie beantwoord word.

Eerstens, gaan vorige teorieë en benaderings in die veld van ontwikkelingskommunikasie bespreek word om die konteks waaruit die deelnemende benadering ontstaan het, uiteen te sit. Na afloop hiervan word die deelnemende benadering tot ontwikkelingskommunikasie breedvoerig bespreek. Hier word veral gefokus op die beginsels van hierdie benadering en hoe dit vir die bepaalde konteks gedefinieer word. Om die bostaande navorsingsvraag te kan beantwoord, word teoretiese stellings na afloop van die bespreking vir elkeen van die beginsels geformuleer. Hierdie teoretiese stellings sal die empiriese deel van die studie rig.

## 2.2. Vorige benaderings tot ontwikkelingskommunikasie

In die onderstaande afdeling word vorige benaderings tot ontwikkelingskommunikasie, naamlik die moderniseringsbenadering, afhanklikheidsbenadering asook die basiese-behoefte-benadering, bespreek ten einde die konteks waarbinne die deelnemende benadering ontstaan het, duidelik te maak. Dié bespreking sal fokus op ŉ oorsigtelike agtergrond van vorige benaderings wat die basiese uitgangspunte, die aard van kommunikasie en kritiek teen hierdie benaderings sal insluit. Sodoende sal duidelik word

waarom die deelnemende benadering tans as die verkieslike normatiewe benadering in die veld van ontwikkelingskommunikasie erken word.

### 2.2.1. Die moderniseringsbenadering

Na die Tweede Wêreldoorlog het Amerika na vore gekom as die nuwe Westerse supermoondheid wat finansiële steun aan die oorloggeteisterde Europa gebied het om te help met hulle ekonomiese herstel. In 1947 is die Marshall Plan, saamgestel deur George Marshall, aan die Amerikaanse publiek bekend gestel. Die Marshall Plan het amptelik bekend gestaan as die *European Recovery Program* (ERP), met as doel gehad die herstel van Wes-Europa se ekonomieë en die moreel van die mense. Marshall was oortuig dat die sleutel tot politieke stabiliteit in Europa gelê het in die herlewing van hul nasionale ekonomieë. In totaal is sestien Europese lande deur die Marshall Plan bygestaan deur middel van voedsel, brandstof en masjinerie ter waarde van $13 miljard wat Amerika aan hulle geskenk het. Die resultate wat die Marshall Plan opgelewer het, het daarop gedui dat die program suksesvol was, want tussen 1948 en1952 het die lande wat deur Amerika ondersteun is ongekende ekonomiese groei ervaar (Marshall Foundation, 2016).

Omdat die Marshall Plan oënskynbaar suksesvol was in die poging om ekonomiese herstel in Europa mee te bring, het ontwikkelingsteoretici redeneer dat hulle ontwikkelende lande op dieselfde wyse kon help ontwikkel (Provan, 2017). Hierdie denkwyse het daartoe gelei dat Amerikaanse ekonome en sosioloë navorsing begin doen het oor die “onderontwikkeldheid” van gewese kolonies. Hulle het bepaal dat burgers van ontwikkelende lande meestal dieselfde eienskappe deel, naamlik: armoede, tegnologiese agterstande en die keuse van tradisionele lewenswyses bo moderne denkwyses (Haynes, 2008:21). Gevolglik is die moderniseringsbenadering konseptualiseer wat ten doel gestel het om ontwikkelende lande te moderniseer, oftewel te ‘ontwikkel’.

Die moderniseringsbenadering het ekonomiese vooruitgang as voorvereiste vir ontwikkeling gestel (Yoon, 1996:37-39; Coetzee, 2001:27; Haynes, 2008:21). Die sentrale gedagte van dié benadering was dat ‘ontwikkeling’ en vooruitgang ŉ liniêre proses is. Voorts was dit ŉ Westerse interpretasie van hoe ŉ land behoort te ontwikkel om die lewenskwaliteit van landsburgers te verbeter (Coetzee, 2001:30). Die moderniseringsbenadering het ŉ soort evolusie van ontwikkelende lande voorgestaan en daar is geargumenteer dat dié lande daarna moes streef om só sosio-ekonomies ontwikkeld te wees soos ontwikkelde lande (Servaes & Malikhao, 2008:159).

Voorts het moderniseringsteoretici aangevoer dat daar ŉ kousale verhouding tussen tradisie en onderontwikkeling bestaan het. Hulle het geargumenteer dat wanneer tradisie in

ontwikkelende lande uitgefaseer word en ekonomiese groei by wyse van industrialisering voorgestaan word, hierdie lande 'ontwikkeld' sal word soos die geval van ontwikkelde lande (Coetzee, 2001:30).

Daar is met die moderniseringsbenadering gepoog om deur middel van die massamedia sosiale verandering in ontwikkelende lande mee te bring. Kommunikasie is meestal ingespan om die ontwikkelende gemeenskap in te lig oor nuwe tegnologieë en om hulle te oorreed om die modernisering van hul samelewing te aanvaar (Yoon, 1996:37). Tydens die moderniseringsbenadering is daar grootliks gekommunikeer deur middel van massamediakanale soos radio, koerante en televisie om die ontwikkelende lande aan die Westerse kultuur bloot te stel. Hierdie kommunikasie was hoofsaaklik eenrigting en afwaarts van aard (Melkote, 2003:134) en gevolglik was daar byna geen ruimte vir deelname of insette van die ontwikkelende gemeenskap nie (Yoon, 1996:38-39).

Teen die einde van die sestigerjare was dit duidelik dat die moderniseringsbenadering nie sy ontwikkelingsdoelwitte verwesenlik het nie, omrede die gapings tussen ontwikkelde en ontwikkelende lande in hierdie tydperk eerder vergroot as verklein het (Melkote & Steeves, 2001:158-159). Voorts het die ekonomiese en sosiale gapings binne ontwikkelende lande eerder vergroot as verklein, al het die lande se bruto binnelandse produk (GDP) groei getoon (Madikiza & Bornman, 2007:23).

Kritiek op die moderniseringsbenadering is daarop gemik om redes te identifiseer vir die mislukking van dié benadering. Van die kritiek is dat veranderingsagente die slagoffer blameer (Waisbord, 1999:11) het indien die ontwikkelingsinisiatiewe nie suksesvol uitgevoer is nie. Voorts is kritiek gelewer op die idee dat sosiale verandering binne ontwikkelende lande gelyk gestel is aan verwestering, terwyl die kultuur en lewenswyses van die ontwikkelende gemeenskappe nie in ag geneem is nie (Servaes, 1995:41; Servaes & Malikhao, 2008:160). Dit het daartoe bygedra dat ontwikkelingsinisiatiewe nie sosiale verandering kon meebring nie. Die feit dat die moderniseringsbenadering ekonomiese vooruitgang gelyk gestel het aan ontwikkeling is ook gekritiseer omdat dit veroorsaak het dat die ontwikkelende gemeenskap se menslike en nie-materiële behoeftes geïgnoreer is (Melkote & Steeves, 2001:19-20).

Die eenrigtingvloei van kommunikasie het daartoe gelei dat die 'ontvangers' van hierdie ontwikkeling passief was en geen aandeel aan die proses gehad het nie. Van die kritici was van mening dat die plaaslike gemeenskappe gekonsulteer behoort te word voordat voorafbepaalde 'oplossings' op hulle afgedwing word (Yoon, 1996: 38-39). Gevolglik het kritici gereken dat die Westerse bloudruk van eenrigtingkommunikasie, ongelyke magsverhoudings en onsensitiwiteit jeens kulturele identiteit 'n belangrike bydraende faktor was in die mislukking

van die moderniseringsbenadering (Yoon, 1996:39; Servaes, 1999:41; Servaes & Malikhao, 2008:161; Haynes, 2008:24).

### 2.2.2. Afhanklikheidsbenadering

Vanuit kritiek teen die moderniseringsbenadering, het die idee van ŉ afhanklikheidsbenadering tot stand gekom (Servaes, 1995:41; Haynes, 2008:24). Waar die moderniseringsbenadering ideologies gegrond was in kapitalisme, het die kritici ŉ sterk Marxistiese inslag gehad, dus radikaal teen kapitalisme.

Die sogenaamde afhanklikheidsbenadering het sy ontstaan tydens die sestigerjare in Suid-Amerika gehad en was eintlik radikaal teen afhanklikheid gekant (Servaes, 1995:41; Waisbord, 1999: 16; Haynes, 2008:24). Dié benadering, het die kritici gesê, is gewortel in die kapitalistiese aard van die internasionale ekonomie tydens daardie jare. Die argument wat die afhanklikheidsteoretici gemaak het, was dat ontwikkelde lande slegs 'ontwikkeld' was as gevolg van die dominerende verhouding wat daar tussen hulle en hul destydse kolonies bestaan het (Servaes, 1995:41; Servaes & Malikhao, 2008:161-162). Voorts is daar deur die kritici van afhanklikheid geargumenteer dat ekonomiese groei en vooruitgang nie gelyk gestel kon word aan ontwikkeling nie (Servaes, 1995:42; Agunga, 1999:15).

Die sentrale uitgangspunt van die afhanklikheidsbenadering is gebaseer op die bostaande kritiek teen die moderniseringsbenadering en daar is geredeneer dat die ontwikkelde lande se veranderingsagente gesorg het dat ontwikkelende lande, beide sosiaal en ekonomies, onderontwikkel bly. Volgens kritici het ontwikkelde lande die ontwikkelende land op ŉ sosio-ekonomiese wyse probeer ondersteun, maar die einddoel van hierdie 'ondersteuning' was vir die gewin van die ontwikkelde lande. Dit het tot gevolg gehad dat ŉ afhanklikheidsverhouding tussen die ontwikkelde en ontwikkelende lande tot stand gekom het wat daartoe bygedra het dat volhoubare ontwikkeling nie in ontwikkelende lande kon plaasvind nie (Servaes, 1995: 42; Servaes & Malikhao, 2008: 161; Haynes, 2008:24). Die "afhanklikheidsbenadering" was dus nie ŉ benadering wat deur kritici van die moderniseringsbenadering voorgestaan is nie, maar juis ŉ kritiek op laasgenoemde. Hulle wou juis dat ontwikkeling anders plaasvind as binne ŉ situasie van afhanklikheid (vgl. Haynes, 2008:26). Daar is geglo dat hierdie verbreking daartoe sou lei dat ontwikkelende lande deur hulle eie mag en hul eie bronne ontwikkeling en sosiale transformasie sou bring (Servaes, 1995:42).

Kommunikasie tydens die afhanklikheidsbenadering het daarop gefokus om die "bloudruk" van die moderniseringsbenadering uit te wis en die massamedia het begin fokus op binne-eerder as buitelandse nuus en vermaak (Yoon, 1996:39). Dit beteken dat daar tydens die afhanklikheidsbenadering meer klem gelê is op die eienaarskap van media en bronne van

inligting as vantevore (Mefalopulos, 2001:6; Etana, 2014: 4-5). Die ontwikkelingskommunikasie wat toegepas is tydens die afhanklikheidsbenadering was egter steeds eenrigting van aard (Agunga, 1999:229-230) en gevolglik was daar steeds baie min ruimte vir terugvoer of deelname van gemeenskapslede in ontwikkelende lande.

Die afhanklikheidsbenadering het ook nie daarin geslaag om die beplande ontwikkelingsdoelwitte te bereik nie. Van die kritiek teen die afhanklikheidsbenadering sluit onder ander die volgende in: ontwikkelende lande was nie altyd ekonomies stabiel genoeg om te onttrek aan die globale ekonomie en outonoom voort te bestaan nie (Servaes, 1995: 42; Servaes & Mlikhao, 2008: 163). Dus het hierdie onttrekking van ontwikkelende lande, ander nuwe ekonomiese probleme veroorsaak. Daar is verder aangevoer dat dié benadering ŉ goeie diagnose was vir hoekom die moderniseringsbenadering nie gewerk het nie, maar dit het selde uitvoerbare oplossings voorgestel nie (Servaes, 1995:42; Agunga, 1999:150; Servaes & Malikhao, 2008:163). Dieselfde kritiek geld vir die kommunikasie tydens hierdie benadering: hoewel die afhanklikheidsbenadering uitgewys het dat die eenrigtingaard van kommunikasie in die moderniseringsbenadering problematies was, was die vloei van inligting in hierdie benadering steeds eenrigting van aard en gehore was steeds gesien as passiewe ontvangers van die media (Madikiza & Bornman, 2007:26).


Graaf en Venter (2001) meen dat die moderniserings- en afhanklikheidsbenadering die teoretiese grondslag gevorm het vir ontwikkelingsstudies. Kritiek op die moderniseringsbenadering en die afhanklikheidsbenadering tot sosiale ontwikkeling en transformasie het daartoe gelei dat ander benaderings, soos die basiese-behoefte-benadering, vorendag gekom het (Haynes, 2008:28).

### 2.2.3. Basiese-behoefte-benadering

Die basiese-behoefte-benadering het in die 1970's en 1980's ontstaan en het klem gelê op groter betrokkenheid deur diegene op wie die ontwikkelingsinisiatiewe gefokus was (Emmerij, 2010:1; Nederveen Pieterse, 2010:94; Haynes, 2008:29).

Dié benadering is geskoei op die werk van Abraham Maslow (1943), ŉ bekende sielkundige in die 1950's. Maslow (1943) het ŉ hiërargie van behoeftes saamgestel wat ten doel gestel het om te verduidelik wat die mens motiveer om te lewe en aanspoor om te werk. Maslow (1943) se hiërargieë kan verdeel word in vyf basiese behoeftes: Die eerste is fisiologiese behoeftes, wat verwys na die mees basiese behoeftes waaroor elke mens beskik, en waaraan voldoen moet word. Die volgende behoeftes is uitgewys as veiligheid, om in te pas of te behoort, eiewaarde en selfaktualisering. Maslow (1943) was van mening dat die vervulling van hierdie behoeftes opeenvolgend moes geskied, van die eerste tot die laaste, ten einde te kan

sê dat iemand se behoeftes werklik vervul is (McLeod, 2014). Die onderstaande piramiede stel menslike behoeftes, soos deur Maslow (1943) geïdentifiseer, in hiërargiese volgorde voor:




Figuur 2.1 - ŉ Voorstelling van Maslow (1943) se hiërargie van behoeftes

(Wikimedia Commons, 2015)

Soos reeds genoem, het ontwikkelende lande heelwat gedeelde probleme, soos armoede, tegnologiese agterstande, gesondheidsprobleme, werkloosheid, hongersnood, onhigiëniese sanitasie, ongeletterdheid asook ŉ gebrek aan lopende water, geskikte skuiling en gesondheidsorg (Servaes, 1999:80; Emmerij, 2010:1; Haynes, 2008:20-21). Die basiese-behoefte-benadering se sentrale aanname was dat daar eers aan mense se basiese behoeftes voorsien behoort te word voordat daar op ontwikkeling gefokus kan word.

Die fokus op ontwikkelingsbloudrukke het met hierdie benadering weggeval en klem is gelê op die verskille tussen ontwikkelende lande. Ontwikkeling is gesien as ŉ multidimensionele proses (en nie ŉ liniêre proses nie), wat op die kollektiewe samelewing moes fokus (Servaes, 1999:62, 78).

Binne hierdie benadering is eerstens aangeneem dat die vervulling van uitgebuite gemeenskappe se mees basiese behoeftes sou lei tot die vervulling van menslike, materiële en immateriële behoeftes. Die tweede aanname is dat selfstandige denke daartoe sou lei dat ontwikkelende gemeenskappe eindelik op hul eie krag en hulpbronne kan staatmaak om voort te leef. Die derde aanname is dat volhoubare ontwikkeling ook die aarde en sy natuurlike hulpbronne in ag moes neem tydens die ontwikkelingsproses (Latouche, 1993:117; Servaes, 1995:42; Servaes, 1999:62; Nederveen Pieterse, 2010:85).

Die basiese-behoefte-benadering is die eerste ontwikkelingsbenadering wat bepleit het dat dié individue wat by ontwikkelingsinisiatiewe moet baat, ook betrokke behoort te wees tydens die ontwikkelingsproses. Kommunikasie tydens hierdie benadering is gevolglik gedesentraliseer en gemeenskappe het meer mag gehad tydens die kommunikasieproses. Daar is steeds gebruik gemaak van massamedia om inligting te versprei, maar die inligting het in ŉ groter mate gefokus op gemeenskappe se inligtingsbehoeftes as wat vroeër die geval was. In hierdie benadering is die belang van dialogiese kommunikasie en deelname aan gesprekvoering is benadruk. Daar was geleentheid vir terugvoer op programme en gesprekvoering oor ontwikkelingskwessies van die ontwikkelende gemeenskappe af. Terugvoer en gesprekvoering het meestal tydens interpersoonlike kommunikasiegeleenthede geskied, maar massamedia is ook gebruik om as ŉ platform vir terugvoer te dien. Ontwikkelende gemeenskap is byvoorbeeld die geleentheid gebied om in te bel tydens programme om hul menings te deel.

Hoewel die basiese-behoefte-benadering die denke en beginsels van ontwikkelingsteoretici in die regte rigting begin stuur het, is hierdie benadering nie sonder kritici nie. Haynes (2008) meen dat die fondse wat geskenk is om ontwikkelende lande se basiese behoeftes te vervul, nie noodwendig vir daardie doeleindes gebruik is nie. Dikwels het die regerende hooggeplaastes nie hierdie benadering gesteun nie en hulle het die oordrag van hulpbronne om basiese behoeftes te vervul, verhinder (Haynes, 2008:189). Verdere kritiek was dat die basiese-behoefte-benadering steeds modernisties van aard was omdat die fokus steeds op ekonomiese ontwikkeling geval het (Agunga, 1999:154). Voorts is geargumenteer dat die basiese-behoefte-benadering nie tot volhoubare sosiale ontwikkeling gelei het nie.

Die bostaande bespreking van vorige benaderings skep die konteks waarbinne die deelnemende benadering tot ontwikkelingskommunikasie ontstaan het: Die deelnemende benadering probeer om kritiek op die moderniseringsbenadering, afhanklikheidsbenadering sowel as die basiese-behoefte-benadering te ondervang (Servaes: 1995: 47). Dié benadering word tans beskou as die mees aanvaarbare normatiewe benadering in die veld van ontwikkelingskommunikasie (Tufte & Mefalopulos 2009:3; Waisbord, 2014:147).

### 2.3. Die deelnemende benadering tot ontwikkelingskommunikasie

In hoofstuk 1 is vier kernbeginsels van die deelnemende benadering genoem wat relevant is vir kommunikasie tussen die CDC-lede en die gemeenskap in Rundu, naamlik deelname, dialoog, kulturele identiteit en bemagtiging.

In hierdie afdeling gaan dié beginsels vanuit die teorie bespreek word. Die teorie sal deurgaans op die kommunikasie tussen die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap van

Rundu toegepas word, sodat daar teoretiese stellings geformuleer kan word wat relevant vir die huidige studie is.

### 2.3.1. Deelname

Binne die deelnemende benadering tot ontwikkelingskommunikasie verwys die term 'deelname' na die aktiewe betrokkenheid van gemeenskapslede in die doen en late van burgerlike sowel as ontwikkelingsorganisasies, politieke partye en plaaslike regerings om sodoende te verseker dat hulle ook 'n aandeel het in die besluitnemingsproses wat hul lewens direk kan beïnvloed (Roodt, 2001:470). In hierdie benadering word die ontwikkelende gemeenskap beskou as aktiewe deelnemers aan sosiale verandering en nie passiewe ontvangers van ontwikkelingsinisiatiewe nie (Bessette, 2004:9). Omdat die ontwikkelende gemeenskap 'n aktiewe rol tydens die ontwikkelingsproses speel, word hulle belange en behoeftes as sentraal tot die verwesenliking van ontwikkeling en sosiale verandering beskou (Servaes, 1995:46; White, 1999:32). Die geleentheid vir 'deelname' lei daartoe dat die deelnemende benadering gemeenskapgesentreerd is. Voorts sien hierdie benadering ontwikkeling as iets wat vir die gemeenskap is en wat deur die gemeenskap self verwesenlik word (Davids, 2009:17). Deelname binne die deelnemende benadering tot ontwikkelingskommunikasie stel ten doel om erkenning, verstandhouding en kritiese denke na vore te bring ten einde kwessies binne die gemeenskap te identifiseer en op te los.

Deelname kan verder daartoe bydra dat die gemeenskap toegerus word met vaardighede om toekomstige ontwikkelingskwessies self te kan oplos. Ideaal gesproke laat dit die gemeenskap met meer vrymoedigheid om onafhanklik op te tree en gemeenskapskwessies in die toekoms selfstandig aan te durf (Servaes & Arnst, 1999:111-113; Davids, 2013:19).

Die deelnemende benadering verlang die aktiewe betrokkenheid van gemeenskapslede waar ontwikkeling plaasvind, tydens al die verskillende fases en vlakke van die ontwikkelingsproses. Die fases van die ontwikkelingsproses waarin deelname moet geskied sluit onder andere beplanning, besluitneming en implementering van die ontwikkelingsprojek in (Yoon, 1996:40; Roodt, 2001:471; Bessette, 2004:6; Tufte & Mefalopolus, 2009:4,6). Daar word veronderstel dat 'n hoë ofte wel aktiewe mate van deelname aan die bogenoemde fases bemagtiging tot gevolg sal hê (Tufte & Mefalopulos, 2009:6).

Binne die konteks van die ontwikkelende gemeenskap van Rundu en die CDC, behoort die gemeenskap ideaal gesproke aktief betrokke te wees tydens die besluitneming, beplanning en implementering van CDC-ontwikkelingsinisiatiewe. In hierdie studie word geargumenteer dat die ontwikkelende gemeenskap in alle gevalle moet deelneem aan die ontwikkelingsdiskoers, die beplanning van ontwikkelingsinisiateiwe en aan alle besluitneming

te opsigte van ontwikkelingsinisiatiewe. Deelname aan die implementering sal egter afhang van die aard van die ontwikkelingsinisiatief. In sommige situasies sal dit regeringsfunksies wees waar daar nie noodwendig geleentheid vir deelname vanaf die gemeenskap is nie, maar in ander situasies kan daar wel geleentheid vir deelname wees en in sulke gevalle is dit belangrik dat die gemeenskap deelneem.

Deelname is ŉ poging om verteenwoordigende demokrasie te versterk wat een van die belangrikste redes is waarom deelname binne die deelnemende benadering beklemtoon word (Roodt, 2001:470). Hierdie demokrasie stel ten doel om te verseker dat gemeenskapslede se stem nie slegs gehoor word wanneer hulle vir plaaslike regeringsamptenare stem nie, maar ook tydens besluitneming wat hulle lewens beïnvloed. Hierdie argument is by uitstek belangrik vir kommunikasie tussen die gemeenskapslede en die CDC in Rundu; omdat die gemeenskap in Rundu groot ontwikkelingskwessies in die gesig staar, is dit belangrik dat hulle deelneem aan gesprekvoering, beplanning en besluitneming ten opsigte van hierdie kwessies en waar moontlik ook aan die implementering van ontwikkelingsinisiatiewe.

Met betrekking tot die rol van deelname in demokrasie, verduidelik Korten (soos aangehaal deur Davids, 2009) dat deelname binne die deelnemende benadering ŉ geleentheid vir gemeenskapslede skep om betrokke te wees by die bestuur van hulpbronne en die regverdige verspreiding daarvan. Sodoende kan hulle bydra tot die verbeteringe van hul eie lewe en tot die verwesenliking van hul eie aspirasies. Die demokratiese aard van deelname verlang dus dat ontwikkeling op individue en nie uitsluitlik op ŉ gemeenskap fokus nie. Daarom moet elke individu die geleentheid hê om sy stem te laat hoor; dit behoort moontlik te wees dat sy aspirasies uitgeleef kan word.

Voorts daag die demokratiese aard van deelname die gemeenskap uit om verantwoordelikheid te neem en betrokke te raak in die aanspreek en oplos van hulle probleme (Schurink, 1998:407). In die huidige studie word geargumenteer dat die gemeenskap van Rundu wel moet deel in die verantwoordelikheid om die ontwikkelingskwessies wat hulle raak aan te pak. Dit is egter belangrik om in ag te neem dat vanweë die regering se betrokkenheid die konteks van hierdie studie verskil van dié van 'tradisionele' ontwikkelingsprojekte. Soos geargumenteer met betrekking tot die gemeenskap se deelname aan implementing, word ook hier geargumenteer dat die mate waarin gemeenskapslede verantwoordelikheid vir ontwikkelingsinisiatiewe kan neem, sal afhang van die aard van die inisiatiewe; in sommige gevalle sal dit uitsluitlik die regering se verantwoordelikheid wees, terwyl daar ander situasies kan wees waarin die gemeenskap ook verantwoordelikhede het om te vervul.

In hierdie studie word geargumenteer dat beide die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap verantwoordelikheid deel vir die gemeenskap se ontwikkeling. In die meeste gevalle behoort dit te beteken dat die ontwikkelende gemeenskap en die CDC-lede die verantwoordelikheid vir beplanning en besluitneming deel, maar dat die CDC in sommige gevalle ŉ groter verantwoordelikheid sal hê in die uitvoer van besluite, afhangend van die aard van die inisiatief.

Omdat deelname ŉ vae konsep is wat op baie verskillende maniere geïnterpreteer kan word, het Arnstein reeds in 1969 ŉ "leer van deelname" voorgestel wat gebruik kan word om verskillende vlakke van deelname te definieer. In die onderstaande figuur word Arnstein (1969) se klassifikasie van deelname visueel voorgestel.




Figuur 2.2 - ŉ Voorstelling van Arnstein (1969) se leer van deelname

(Debitage, 2008)

Arnstein (1969) argumenteer dat daar verskillende vlakke is waarop gemeenskapslede deel kan neem aan ontwikkelingsinisiatiewe, en vergelyk hierdie 'vlakke' met die trappe van ŉ leer (soos in figuur 2.1 visueel voorgestel word). Die leer bestaan uit agt trappe wat Arnstein in drie oorhoofse vlakke ingedeel het. Die laagste vlak van die leer is *nie-deelname,* die middelste vlak is *skyngebaarpraktyk* en die hoogste vlak is *burgerlike mag.*

Die vlak van *nie-deelname* bestaan uit twee trappe, naamlik: *manipulasie* en *terapie. Manipulasie* is ook die heel laagste trap op Arnstein se leer*. Nie-deelname* stel dat daar minimale of selfs geen deelname deur gemeenskapslede is nie en dat hulle baie beperkte of geen mag in die proses het nie. Die vlak van *nie-deelname* veroorsaak dikwels dat gemeenskappe mislei word om te dink dat hulle deelname mag vir hulle beteken, maar in werklikheid het hulle nie mag nie. Verder word 'deelname' as dekmantel gebruik om burgers

se stem of toestemming vir regeringsidees te verseker (Arnstein, 1969:217; Rosier, 2013). Geen hedendaagse ontwikkelingsinisiatief behoort op die vlak van *nie-deelname* op Arnstein (1969) se leer te funksioneer nie.

Die volgende vlak van hierdie leer staan bekend as *skyngebaarpraktyk.* Merriam-Webster (2016) definieer dit as: enige aksie wat gedoen word om kritiek te vermy en die skyn te handhaaf dat mense regverdig behandel word. Die laagste trap van die *skyngebaarpraktyk* vlak, naamlik *inligting*, stel dat die gemeenskap ingelig word maar nie die geleentheid het om insette te lewer nie. Kommunikasie op hierdie vlak is gewoonlik eenrigting van aard. Die volgende trap, naamlik *konsultasie,* behels dat gemeenskapslede se opinies en insette op verskeie wyses ingesamel word, hoewel die finale besluit steeds by die fasiliteerder lê. *Versoening* is die hoogste trap op die vlak van *skyngebaarpraktyk* en stel dat gemeenskappe aktief betrokke behoort te wees by die vorming van idees en oplossings, hoewel hierdie deelname steeds nie verseker dat hulle stem gehoor word nie (Arnstein, 1969:220-221). Arnstein (1969) se tweede vlak - *skyngebaarpraktyk* - stel dat gemeenskapslede die mag het om te luister en gesprek te voer. Dit behels dat gemeenskapslede deelneem aan gesprekvoering oor gemeenskapskwessies en oplossings voorstel. Wat die tweede vlak van deelname gemeenskapslede nie van verseker nie, is die mag dat wat hulle sê en tot gesprekvoering bydra inderdaad tot aksie sal lei. Gevolglik is daar ŉ ongelyke magsverhouding tussen die gemeenskapslede en die fasiliteerder omdat die mag om besluite te neem steeds by die fasiliteerder lê. In die huidige studie word deelname op die vlak van skyngebaarpraktyk nie as ŉ aanvaarbare vorm van deelname beskou nie omdat dit nie aan mense die geleentheid bied om aktief deel te neem aan hul eie ontwikkeling soos in die deelnemende benadering asook in Namibië se beleid van desentralisasie voorgestaan word nie.

Die derde vlak van deelname verwys na 'ware' deelname, waar gemeenskapsdeelname aan ontwikkelingsinisiatiewe verhoog - vanaf die beplanning tot by die implementering daarvan (Arnstein, 1969:217-220). Die hoogste vlak van die leer, *burgerlike mag,* bestaan uit die volgende trappe: *vennootskap, gedelegeerde mag* en *burgerlike beheer.*

Die laagste trap in die vlak van *burgerlike mag* is *vennootskap* en dit stel dat gemeenskapslede ŉ aktiewe rol in die besluitnemingsproses sowel as die verwesenliking van dié besluite het. Tweerigtingkommunikasie is van belang tydens hierdie trap (Rosier, 2013).

Die volgende trap, *gedelegeerde mag,* stel dat die fasiliteerder die oorhoofse doelstelling of doelwit formuleer, maar die mag van hoe, waar of wanneer dit verwesenlik word, by die gemeenskap lê. Die fasiliteerder delegeer dus verantwoordelikhede na die gemeenskap en

los die gemeenskap om self oplossings uit te dink en te implementeer wat eindelik daartoe sal lei dat die oorhoofse doelstelling verwesenlik word (Rosier, 2013). Dit blyk asof die gemeenskap tydens hierdie trap mag het by die implementering, maar nie by die beplanning of die besluitnemingsproses nie.

Die hoogste trap van die vlak *burgerlike mag* is *burgerlike beheer* en dit is ook die hoogste trap van Arnstein se leer. *Burgerlike beheer* vereis dat alle fases, van beplanning tot implementering, die verantwoordelikheid van die gemeenskap is. Die fasiliteerders is bloot daar om geraadpleeg te word vir hulp of raad deur die gemeenskap en lewer verder geen insette by die inisiatief nie (Rosier, 2013). *Burgerlike beheer* bied vir die gemeenskap ŉ groter geleentheid om deel te neem en meer mag om die uitkoms van die inisiatief te beïnvloed. Deelname op die vlak *burgerlike mag* van hierdie leer is waartoe ontwikkelingsinisiatiewe behoort te streef wat onder die vaandel van die deelnemende benadering te werk gaan.

Omdat die deelnemende benadering gemeenskapsdeelname tydens alle fases van die ontwikkelingsinisiatief verlang, is Arnstein (1969) se leer van deelname belangrik vir die huidige studie. Die vlak van *burgerlike mag* verteenwoordig die mate van aktiewe betrokkenheid wat binne die deelnemende benadering as ideaal beskou word. Hierdie is ook die soort deelname wat die Namibiese regering vir hulle landsburgers voorstaan. Dit is egter ook hier belangrik om die konteks van die huidige studie, waar ŉ regeringskomitee en ŉ plaaslike gemeenskap betrokke is, in ag te neem. Hoewel daar in dié studie geargumenteer word dat die gemeenskap aktief betrokke moet wees by besluitneming en beplanning (soos in die vlak van *burgerlike beheer* veronderstel word), is die rol van die CDC, gegewe die spesifieke konteks, groter as slegs dié van fasiliteerder. In hierdie studie word dus geargumenteer dat beide die gemeenskap en die CDC verantwoordelikheid en mag moet deel vir ontwikkelingsinisiatiewe.

Die deelnemende benadering lê klem op die gebalanseerde verspreiding van mag tussen die fasiliteerder en die ontwikkelende gemeenskap – bevoordeeldes word beskou as gelyke vennote in die ontwikkelingsproses (Servaes 1995:46; White, 1999:32,33; Melkote & Steeves, 2001:350) Die fasiliteerder word erken as ŉ kenner op die gebied van sosiale verandering, maar die gemeenskap moet erken word as kenners van hulle situasie en kwessies rakend hulle gemeenskap (Servaes, 1995:46; Servaes & Arnst, 1999:109). Indien daar ŉ gelyke magsverhouding tussen die fasiliteerder en die gemeenskap is, kan dit moontlik ŉ wedersydse uitruil van kennis fasiliteer wat weer ŉ platform kan skep waar die fasiliteerder en die gemeenskap by mekaar kan leer (Servaes & Arnst, 1999:110).

Binne die konteks van die CDC en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu, is gelyke mag ŉ ideaal wat waarskynlik nie te alle tye bereik gaan word nie, aangesien die CDC as regeringskomitee meer mag as die gemeenskap het. Hierdie ideaal behoort egter wel nagestreef te word vanweë die voordele wat dit kan bied. Gegewe die regeringskonteks word geargumenteer dat gedeelde mag tussen die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu meer realisties en haalbaar as gelyke mag is. Gedeelde mag behels dat beide die CDC en die ontwikkelende gemeenskap mekaar as gelykes sien, maar laat ruimte dat die CDC of ontwikkelende gemeenskap se stem in sekere gevalle meer of minder kan tel. Binne die konteks van gedeelde mag, sou die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap saam kon werk om volhoubare ontwikkeling mee te bring.

Vanuit bostaande bespreking kan die eerste teoretiese stelling geformuleer word:

Teoretiese stelling 1: Deelname

| |
|---|
| Die kommunikasie tussen die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu behoort ŉ geleentheid vir die gemeenskap daar te stel om ŉ aktiewe rol tydens die besluitneming, beplanning en implementering van die ontwikkelingsinisiatief te vertolk binne die konteks van gedeelde mag en verantwoordelikheid. |

Deelname binne die bestek van die deelnemende benadering word gekenmerk deur ŉ spesifieke tipe kommunikasie, naamlik: dialoog. Dialoog gaan in die onderstaande afdeling bespreek word.

### 2.3.2. Dialoog

Binne die deelnemende benadering is effektiewe kommunikasie belangrik ten einde ontwikkeling en sosiale verandering mee te bring (Chauhan & Verma, 2009:581). In hierdie benadering behels kommunikasie nie die eenrigtingoordrag van ŉ boodskap vanaf ŉ sender na ŉ ontvanger nie (Servaes, 1991:68; Servaes, 2002:12), maar eerder ŉ ontvanger-gesentreerde benadering tot wedersydse kommunikasie, in die vorm van dialoog (Servaes, 1991:68; Servaes, 1995:46; Yoon, 1996:43).

Dialoog is ŉ basiese uitgangspunt van kommunikasie in die deelnemende benadering en word beskou as ŉ sleutel tot volhoubare ontwikkeling (Gumucio-Dagron, 2008:81; Chang & Jacobson, 2010:662). Dialogiese kommunikasie is voorts ook belangrik omdat dit bydra tot ŉ volgehoue proses van deelname (Jdiaye, 2009:388). Servaes (2008:20) sluit hierby aan deur te maan dat aktiewe deelname aan die kommunikasieproses in sigself die proses van ontwikkeling kan bespoedig. Dialoog is verder nodig tydens ontwikkelingsinisiatiewe omdat dit

ŉ wyse is waarop die magsverhouding tussen die fasiliteerder en die ontwikkelende gemeenskap gelyk gestel kan word (Yoon, 1996:43).

Paulo Freire word aanvaar as die "vader van dialoog" binne die konteks van ontwikkelingskommunikasie en hy beklemtoon die belang van dialogiese kommunikasie tydens ontwikkelingsinisiatiewe. Die *conscientization method* is deur Freire gekonsepsualiseer en fokus daarop om individue in staat te stel om krities te kan nadink oor hul omstandighede om eindelik die 'kultuur van stilte' te kan verbreek. Hierdie denke spruit uit die kritiek op die moderniseringsbenadering waar geargumenteer is dat die kapitalistiese sisteem die oorsaak van onderdrukking van ontwikkelende lande was. Freire (1983:76) meen dat elke individu die reg op deelname en emansipasie behoort te hê. Vir hierdie regte om verwesenlik te kan word, behoort die sosiale strukture sowel as die sosiale en interpersoonlike verhoudings wat lei tot onderdrukking, verander te word sodat individue vry is om aan ontwikkelingsdiskoerse deel te kan neem (Servaes, 1996:98). Freire stel dat wanneer ontwikkelende gemeenskappe praat oor hulle realiteit, dit hulle in staat kan stel om oorsaaklike verbande tussen hulle kwessies raak te sien. Voorts kweek hierdie diskoers ŉ kritiese bewussyn by die ontwikkelende gemeenskap wat hulle gevolglik in staat kan stel om hulle bestaande realiteit te verander (Freire, 1969:40).

Freire (1970:44) maan dat refleksie en aksie belangrike en interafhanklike dimensies van dialoog uitmaak. Refleksie en aksie lei gesamentlik tot die proses van *conscientization* (of bewusmaking), waar die ontwikkelende gemeenskap krities op hulle realiteit reflekteer. Kritiese refleksie tydens dialoog stel die individue in staat om die werklikheid self te ontbloot en dit verseker dat hulle nie bloot iemand anders se weergawe van 'werklikheid' aanvaar nie (Thomas, 1994:51).

Rahim het tydens die 1990's gepoog om dialoog verder binne die konteks van ontwikkelingskommunikasie te konseptualiseer. Terwyl Freire (1983) beklemtoon het dat ontwikkeling behoort te fokus op die individu en om die individu te bevry, was Rahim (1994:118,120) se fokus op die ontwikkeling van die gemeenskap toegespits. Sy bekende woorde dat daar geen kommunikasie sonder gemeenskap is nie (en so ook geen gemeenskap sonder kommunikasie nie), beklemtoon daardie mening. Rahim maan dat die gemeenskap deur middel van dialogiese kommunikasie ŉ *ontwikkelingsideologie* behoort te skep wat die betekenis en waarde van ontwikkeling vir die gemeenskap uiteensit. Hierdie ontwikkelingsideologie is belangrik omdat die ontwikkelingsisteme uit die gemeenskapslede en hulpbronne bestaan. Gevolglik is dit belangrik dat individue saam met die res van die ontwikkelende gemeenskap vasstel wat ontwikkeling is en watter rol elke gemeenskapslid hierin behoort te vervul (Rahim, 1994:135).

Dit is noodsaaklik dat gemeenskapslede saam behoort te besluit wat gedoen moet word om hulle huidige omstandighede te verbeter. Om hierdie mikpunt van eenstemmigheid te bereik behoort 'n unieke vorm van kommunikasie ingespan te word (Rahim, 1994:119). Hierdie unieke vorm van kommunikasie behels dialoog wat beide intern en ekstern gerig is, sodat nuwe idees binne reeds bestaande ideologiese raamwerke geïnterpreteer kan word sodat daardie raamwerk in die proses by nuwe idees kan aanpas. Rahim (1994) argumenteer dat individue ten alle tye betrokke is by dialoog met hulself en met ander lede van die gemeenskap. Die aard van dialoog word gedurig beïnvloed deur die 'stemme' van ander waarmee die individu reeds kennis gemaak het (Rahim, 1994:120-121).

Beide Freire (1970; 1983) en Rahim (1994) se sienings oor dialoog en hoe dit gebruik kan word, is belangrik vir die huidige studie omdat dit die belang van dialogiese kommunikasie tydens ontwikkeling benadruk en dialoog help definieer. Die werk van ander outeurs word ook ingesluit ten einde dialoog vir hierdie studie te kan omskryf.


Dialogiese kommunikasie dui op horisontale, tweerigtingkommunikasie tussen die fasiliteerder en die ontwikkelende gemeenskap (Servaes, 1995:46). Tweerigtingkommunikasie dui op 'n proses waar al die deelnemers ewe veel geleentheid het om deel te neem aan die kommunikasieproses.

Tweerigtingkommunikasie berus ook op die idee dat alle betrokke partye werklik na mekaar behoort te luister. Kommunikasie in die deelnemende benadering fokus nie slegs daarop om almal 'n gelyke kans te gee om te praat nie, maar ook dat almal 'n gelyke kans het om na mekaar te luister (Servaes & Arnst, 1999:126; Bessette, 2004:15). Om te luister is ook 'n belangrike sleutel tot die fasilitering van 'n vertrouensverhouding; dit is dus noodsaaklik dat almal wat betrokke is by die ontwikkelingsproses werklik na mekaar moet luister (Servaes & Arnst, 1999:12).

Terugvoer is 'n noodsaaklike element van dialoog. Terugvoer bied vir die gemeenskap die geleentheid om deurentyd oor die ontwikkelingsinisiatief te kommunikeer (Jamieson, 1991:33). Terugvoer is 'n manier waarop die ontwikkelende gemeenskapslede die ontwikkelingsinisiatief deurentyd kan evalueer. Die fasiliteerder kan hierdie terugvoer weer gebruik om aanpassings aan die inisiatief te maak. Die deelnemende benadering verlang juis aanpasbaarheid, wat behels dat die ontwikkelingsinisiatief deurlopend aangepas word soos wat die gemeenskap terugvoer lewer oor die effek daarvan (Jamieson, 1991:33; Colle, 2008:39). Wanneer dialogiese kommunikasie tydens ontwikkelingsinisiatiewe ingespan word, kan kwessies in huidige sisteme ontbloot en opgelos word (Jamieson, 1991:34).

Binne die konteks van hierdie studie is tweerigtingkommunikasie belangrik en die CDC moet doelbewus geleenthede daarvoor skep. Beide die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap behoort daarna te streef om vir mekaar beurte te gee om insette te lewer en kennis uit te ruil, om terugvoer te kan gee wanneer hierdie insette geïmplementeer is en om werklik na mekaar te luister. Dit is belangrik dat die CDC pertinent daarop fokus om geleenthede en platforms te skep waartydens die gemeenskap kan deelneem aan die kommunikasieproses. Terugvoer is 'n noodsaaklike komponent van tweerigtingkommunikasie tussen die CDC en die gemeenskap. Die ideaal sou wees as die CDC-lede so spoedig moontlik terugvoer vir die ontwikkelende gemeenskap kon bied ten opsigte van die kwessies wat hulle (die gemeenskap) raak, terwyl die gemeenskap ook die geleentheid het om terugvoer te gee op alle aktiwiteite van die CDC.

Horisontale-kommunikasie behels dat almal gesien word as gelyke deelnemers aan die kommunikasieproses in terme van geleentheid en mag om te kommunikeer (Freire, 1970:45-46). Vir kommunikasie om horisontaal van aard te wees behoort dit ook ontvanger-gesentreerd en gedesentraliseer te wees. Dit beteken dat kommunikasie nie *top-down* (dus van bo na onder) van die fasiliteerder na die gemeenskap plaasvind nie, maar eerder horisontaal tussen die fasiliteerder en die gemeenskap as gelykes (Servaes, 1991:69). Freire (1969:40) meen dat die ontwikkelende gemeenskap 'n leidende rol tydens kommunikasie behoort in te neem.



Figuur 2.3 - Visuele voorstelling van horisontale kommunikasie – aangepas.
(Emeraldinsight.com)

Horisontale kommunikasie behels dat daar 'n simmetriese uitruil van inligting plaasvind, wat aktiewe deelname van die gemeenskap veronderstel (Servaes, 1991:69). 'n Simmetriese uitruil van inligting kan slegs plaasvind wanneer die gemeenskap aktief deelneem aan die gesprek met die fasiliteerder en hul insette lewer.

Horisontale kommunikasie dui op gelyke mag in kommunikasie tussen die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap. Gelyke mag binne die kommunikasieproses behels dat beide die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap se stem dieselfde geag word en dat beide partye dieselfde hoeveelheid "sê" tydens die proses het. Vanweë die aard van die konteks waarbinne

horisontale kommunikasie moet geskied kan dit moontlik moeilik verwesenlik word. Die CDC-lede verteenwoordig die plaaslike regering en het dus ŉ bepaalde hoeveelheid mag, terwyl die ontwikkelende gemeenskap minder mag het. Dit is belangrik dat die CDC-lede doelbewus tydens kommunikasie mag afstaan aan die gemeenskap, sodat hulle as gelykes in die proses kan deelneem. Die kommunikasie tussen die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu behoort oor die algemeen gekenmerk te word deur horisontale kommunikasie binne die konteks van gelyke mag, hoewel dit dalk nie in alle omstandighede en inisiatiewe haalbaar kan wees nie.

Dialoog veronderstel verder ŉ voortdurende proses van wedersydse kommunikasie tussen die gemeenskap en die fasiliteerder (Servaes, 1991:68; Servaes, 1995:46; Yoon, 1996:43). Hierdie voortdurende proses en vloei van inligting tussen die deelnemers dra daartoe by dat kwessies of te wel komplikasies binne die konteks van ontwikkeling aangespreek kan word soos dit teëgekom word (Colle, 2008:127). Dialogiese kommunikasie help om hierdie kwessies te identifiseer en analiseer en tydens die uitruil van kennis tussen die fasiliteerder en die ontwikkelende gemeenskap kan daar met oplossings vorendag gekom word (Tufte & Mefalopulos, 2009:7). Binne die konteks van hierdie studie kan voortdurende kommunikasie ŉ moontlike struikelblok wees. Die CDC-lede het ander verpligtinge en verantwoordelikhede wat ook nagekom moet word, wat moontlik daartoe kan lei dat daar nie konstant met die ontwikkelende gemeenskap gekommunikeer kan word nie. Hoewel, dit moeilik kan wees, is dit noodsaaklik dat kommunikasie tussen die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap gereeld plaasvind. Gevolglik sou *gereelde* kommunikasie binne die konteks van die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu eerder realisties uitvoerbaar as voortdurende kommunikasie wees.

Dialogiese-kommunikasie verlang dat daar ŉ wedersydse vertrouensverhouding tussen die ontwikkelende gemeenskap en die fasiliteerder gekweek word. Servaes (1991) maan dat kommunikasie in die deelnemende benadering nie noodwendig gaan oor die boodskap nie maar eerder oor die kommunikasieproses. Dialoog gaan oor die uitruil van betekenisse en die verhoudings wat gevorm word as gevolg van dié wedersydse verstandhouding (Servaes, 1997:83). Indien die fasiliteerder ŉ goeie verhouding met die ontwikkelende gemeenskap bewerkstellig het, behoort die gemeenskap hom/haar te vertrou en behoort hy/sy ook vertroue in die gemeenskap te hê.

Vertroue behoort gesien te word as een van die uitkomstes van dialogiese kommunikasie (Tufte & Mefalopoulos, 2009:14). Servaes en Arnst (1999) argumenteer dat dialoog nie los kan staan van vertroue nie want sonder vertroue kan ‘deelname’ gebruik word om die ontwikkelende gemeenskap doelbewus te manipuleer. Voorts kan dialoog oor tyd heen ŉ

vertrouensverhouding tussen die fasiliteerder en die ontwikkelende gemeenskap kweek (Servaes & Arnst, 1999:125).

Binne die konteks van die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu kan ŉ vertrouensverhouding oor tyd heen gebou word deur kommunikasie en dit is belangrik dat die ontwikkelende gemeenskap ervaar dat die CDC-lede hulle belange verteenwoordig en bevorder. Indien die CDC-lede toeganklik bly en deursigtig met die ontwikkelende gemeenskap kommunikeer, is dit moontlik dat daar vertroue tussen die lede en die gemeenskap geskep kan word.

Die deelnemende benadering veronderstel dat dialoog tussen verskillende rolspelers sal lei tot wedersydse en gedeelde begrip wat gebaseer is op wedersydse respek (Servaes, 1995:45-46; White, 1999:31,43). Wedersydse begrip verwys na begrip tussen die fasiliteerder en die ontwikkelende gemeenskap vir mekaar se rol en beperkings binne die konteks van die ontwikkelingsituasie, terwyl gedeelde begrip veronderstel dat hulle begrip deel vir die ontwikkelingskonteks en -kwessies. Dialoog kan gebruik word om verskillende persepsies van die fasiliteerder en die ontwikkelende gemeenskap te deel ten einde wedersydse begrip vir mekaar (Tufte & Mefalopoulos, 2009:27) te fasiliteer. Wanneer daar tydens kommunikasie-geleenthede werklik geluister word kweek dit respek en wedersydse vertroue vir mekaar en die ontwikkelingsituasie (Servaes & Malikhao, 2008:169).

In hierdie studie word geargumenteer dat dit realisties moontlik is dat daar wedersydse en gedeelde begrip tussen die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu geskep kan word, mits daar voldoende tweerigting en horisontale kommunikasie tussen die partye plaasvind.

Vroeërjare is daar geglo dat dialogiese kommunikasie slegs interpersoonlik van aard kon wees. In hierdie studie word die belangrikheid van interpersoonlike kommunikasie ook erken omdat interpersoonlike kommunikasie tussen die fasiliteerder en ontwikkelende gemeenskap baie belangrik is om te verseker dat daar nie miskommunikasie of misverstande plaasvind nie (Servaes, 1991:69). Servaes (2008:15) meen egter dat beide interpersoonlike sowel as kommunikasie-media belangrik is ten einde te verseker dat kennis binne die konteks van die sosiale proses van sosiale verandering gedeel word. Tufte en Mefalopulos (2009:14) stel dat wanneer beide monologiese (eenrigtingkommunikasie, massamedia) en dialogiese (tweerigtingkommunikasie, interpersoonlike kommunikasie) kommunikasie reg toegepas word binne die konteks van ontwikkeling dit voordelig vir ontwikkelingsdiskoers kan wees. ŉ Meer buigbare, projek-georiënteerd raamwerk behoort te sorg dat ŉ verskeidenheid kommunikasiebenaderings toegepas kan word binne die konteks van die

ontwikkelingsinisiatief (Tufte & Mefalopulos, 2009:14). Die fokus behoort dan te wees op die doel van die kommunikasie en dit behoort die toepassing daarvan te help bepaal. Fasiliteerders kan ook geïntegreerde media-tegnologie inspan om dialogiese kommunikasie met die ontwikkelende gemeenskap te verwesenlik (Servaes, 1991:69).

Omdat media-tegnologie ingespan kan word en sodoende platforms vir terugvoer verwesenlik, hoef daar nie interpersoonlik met elke gemeenskapslid gekommunikeer te word nie. Die inspanning van media is belangrik juis omdat dit nie altyd realisties haalbaar is om interpersoonlike kommunikasie met elke gemeenskapslid te verwesenlik nie.

Vanuit die bostaande word die teoretiese stelling vir dialoog as volg geformuleer:

Teoretiese stelling 2: Dialoog

| |
|---|
| Die kommunikasie tussen die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu behoort ŉ gereelde proses van horisontale tweerigtingkommunikasie te wees ten einde gedeelde begrip vir mekaar en die ontwikkelingsituasie te skep en ŉ vertrouensverhouding daar te stel. |

Dialoog binne die konteks van die ontwikkelingsprojek behoort daartoe lei dat mense begrip vir mekaar se kulturele identiteit bekom. Die ander kant van die munt is dat mense begrip en respek vir mekaar se kultuur behoort te openbaar voordat kommunikasie werklik as dialogies beskou kan word. Gevolglik is die erkenning van kulturele identiteit een van die kernbeginsels van die deelnemende benadering tot ontwikkelingskommunikasie.

### 2.3.3. Kulturele identiteit

Kultuur is die algemene, waardegebaseerde interpretasies, oorblyfsels en gebruike van ŉ groep mense wat gebonde is aan ŉ sekere omgewing (Casmir, 1991:7). Kulturele identiteit is ŉ samestelling van wie die gemeenskap is in terme van geografie en kulturele ervarings. Die sosio-kulturele tradisie in die veld van kommunikasie stel dat identiteit gevorm word binne die groep ofte wel gemeenskap waarin die individu homself bevind (Patrick, 2003). Dit wil sê dat identiteit gevorm word deur ŉ gemeenskap se patrone van interaksie en dat kultuur die konteks vir interpretasie daarstel (Patrick, 2003). Net soos taal is ŉ gemeenskap se kulturele identiteit iets wat oorgedra word van generasie tot generasie en spruit vanuit vasgestelde tradisies en norme (Tomlinson, 2003: 269). Verder is kultuur nie homogeen nie, maar eerder heterogeen van aard. Dit beteken dat elke kultuur ook nie geïsoleerd en op sy eie funksioneer nie, maar in interaksie met ander is en verskillende kulture mekaar sodoende beïnvloed (Servaes & Verschooten, 2008:46). Dit veronderstel dat kultuur nie 'staties' is nie, maar oop is vir verandering en ontwikkeling soos wat dit daagliks gebruik word. Kultuur rig voorts tot ŉ

groot mate ’n mens se gedrag (McKee, *et* al., 2008:272). Kulturele identiteit stel voorts die gemeenskap se normatiewe konteks voor (Servaes & Malikhao, 2008:173); dit is die konteks waarbinne kennis, betekenis en persepsies gevorm word (Dutta, 2011:11).

Binne die deelnemende benadering word die gemeenskap se kulturele identiteit as ’n intrinsieke sleutel tot hulle gemeenskapsdeelname aan ontwikkelingsinisiatiewe gesien en word geargumenteer dat dit ’n bate is wat beskerm moet word (Servaes, 1995:45). Dit is belangrik dat die ontwikkelingsinisiatiewe wat binne Rundu geïmplementeer word nie die oorlewing van die ontwikkelende gemeenskap se kulturele identiteit in gedrang stel nie. Die CDC behoort, waar dit moontlik, die ontwikkelende gemeenskap van Rundu se kulturele identiteit deel te maak van ontwikkelingsinisiatiewe. Dit is verder van belang dat die CDC die oorlewing van die ontwikkelende gemeenskap se kulturele norme en waardes aanmoedig.

Binne die konteks van die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu is begrip vir die ontwikkelende gemeenskap se kulturele identiteit van belang. In hierdie geval is die CDC-lede van die ontwikkelende gemeenskap en woon hulle saam met die mense op voetsoolvlak binne dieselfde ontwikkelingskwessies. Die veronderstelling kan gevolglik gemaak word dat die CDC-lede reeds begrip vir die ontwikkelende gemeenskap se kulturele identiteit behoort te hê. Waar nodig is dit belangrik dat daar gesprekvoering plaasvind oor die gemeenskap se kultuur en oorwegings sodat CDC-lede begrip daarvoor kan bekom.

Gevolglik beïnvloed kulturele identiteit hoe mense inligting interpreteer. Die sosio-kulturele tradisie stel dat verskillende gemeenskappe taal verskillend gebruik en dit het tot gevolg dat die interpretering van die boodskappe subjektief plaasvind binne die kulturele konteks van die gemeenskap (Patrick, 2013). Daarom is dit belangrik dat die fasiliteerder die kulturele identiteit van die ontwikkelende gemeenskap in ag neem tydens die ontwikkelingsinisiatief. Voorts behoort die fasiliteerder kennis en begrip te hê vir die ontwikkelende gemeenskap se kulturele identiteit sodat boodskappe en strategieë só geformuleer word dat dit tot die gemeenskap spreek ten einde kennis oordrag te verseker (Servaes, 2008:15).

In die deelnemende benadering word daar klem geplaas op die belang daarvan om die kultuur van die ontwikkelende gemeenskap te respekteer (Servaes, 1995:45; White, 1999:33; Servaes & Malikhao, 2008:169; Gumucio-Dagron & Tufte, 2006:xx; Servaes, 2008:202). Ascroft (2006) soos aangehaal deur Gumucio-Dagron & Tufte (2006:xxvi) meen dat plaaslike kulture met meer respek hanteer behoort te word tydens die ontwikkelingsproses – hierdie kan behaal word deur kommunikasie in te span wat meer dialogies van aard is.

Wanneer 'n ontwikkelende gemeenskap se kultuur en waardesisteme in ag geneem word en gerespekteer word, kan dit bydra tot die vertrouensverhouding en eindelik ook tot wedersydse respek tussen die fasiliteerder en die gemeenskap (UNESCO, 2013; UNESCO, 2014). 'n Goeie verstandhouding is nodig vir volhoubare ontwikkeling om plaas te kan vind. Die klem behoort nie op die verskille tussen kulture geplaas te word nie, maar eerder op 'ruimtes' wat gedeel word en wat ooreenstemmend is (Gupta & Ferguson, 1997 soos aangehaal deur Servaes & Verschooten, 2008:48).

Die CDC-lede behoort ten alle tye respek te toon vir die ontwikkelende gemeenskap se kulturele identiteit. Dit veronderstel dat boodskappe geformuleer behoort te word binne die konteks van die ontwikkelende gemeenskap se kulturele identiteit, sodat die gemeenskap nie aanstoot neem oor enige iets wat die CDC aan hulle kommunikeer nie, maar dat dit juis tot hulle spreek.

Behalwe dat die fasiliteerder die ontwikkelende gemeenskap se kulturele identiteit begryp en respekteer tydens ontwikkelingsinisiatiewe, behoort die ontwikkeling plaas te vind binne die konteks van die gemeenskap se kultuur. Dit beteken dat ontwikkeling behoort te spreek tot die gemeenskap se norme en waardesisteme; sodoende word demokrasie binne die ontwikkelingsinisiatief gefasiliteer. Demokrasie berus op vryheid van uitdrukking asook die respek vir uiteenlopende sienings. Interaksie en onderhandeling tussen die fasiliteerder en die ontwikkelende gemeenskap behoort plaas te vind met die verstandhouding dat een siening nie meer dominant as 'n ander is nie (Casmir, 1991:7; Bessette, 2004:14). Vervolgens behoort daar 'n integrasie van sienings tydens ontwikkeling verwesenlik te word. Casmir (1991) meen dat ontwikkeling verskillende kulture saamvoeg om met nuwe idees en gebruike vorendag te kom. Hierdie nuut-saamgevoegde kultuur skep ruimte vir ontwikkeling om plaas te vind wat in die beste belang van die ontwikkelende gemeenskap is.

Dit veronderstel voorts dat die kulturele oorwegings van die ontwikkelende gemeenskap binne die konteks van die ontwikkelingsinisiatief geïntegreer behoort te word. Met ander woorde, die ontwikkelende gemeenskap se kulturele identiteit behoort deel van die oplossing van ontwikkelingskwessies uit te maak. Verder is dit belangrik dat die CDC-lede ten alle tye kultuursensitief optree teenoor die gemeenskappe wat deelneem aan hulle inisiatiewe.

Vanuit bostaande bespreking word die teoretiese stelling vir kulturele identiteit soos volg geformuleer:

Teoretiese stelling 3: Kulturele identiteit

| |
|---|
| Die CDC-lede behoort die ontwikkelende gemeenskap van Rundu se kultuur te begryp, te respekteer en te integreer binne die konteks van die ontwikkelingsinisiatief. |

Deelname, dialoog en respek vir kulturele identiteit is onontbeerlik om bemagtiging mee te bring binne die ontwikkelingsprojek. Omdat bemagtiging die einddoel van ontwikkeling is, is dit belangrik dat elkeen van bogenoemde beginsels van die deelnemende benadering geïmplementeer word om hierdie doel te bereik.

### 2.3.4. Bemagtiging

Die deelnemende benadering beskou deelname as ŉ langtermynverbintenis (Huesca, 2008:188) wat eindelik behoort te lei tot sosiale verandering (McKee *et al.*, 2008:262). Daar word geargumenteer dat wanneer die ontwikkelende gemeenskap die geleentheid het om aktief deel te neem aan die verskillende fases van die ontwikkelingsinisiatief, dit bemagtiging tot gevolg behoort te hê (Tufte & Mefalopolous, 2009:6). Die einddoel van ontwikkeling binne die deelnemende benadering is om ontwikkelende gemeenskappe te bemagtig om selfonderhoudend te kan funksioneer (Servaes, 1995:46; White, 1999:31,33).

Bemagtiging verlang vaardighede vir individue en gemeenskappe om hul lewensstandaard te verbeter (Schurink, 1998:406; Waisbord, 1999: 30; Tufte & Mefalopolous, 2009:4). Vir die deelnemende benadering beteken bemagtiging onder andere dat ŉ individu bewus word van sy regte en eienaarskap oor sy huidige en toekomstige omstandighede neem (Waisbord, 1999:27; Thomas, 2008:35). Die deelnemende benadering stel verder dat mense verantwoordelik is vir hulle eie ontwikkeling en groot klem word geplaas op 'selfontwikkeling' (Servaes, 1995:46; White, 1999:43). Die gemeenskap moet nie slegs self kwessies identifiseer nie, maar behoort ook oplossings te identifiseer en aktief deel te neem aan die oplossings wat hulle voorstel (Tufte & Mefalopolous, 2009:11).

Wanneer ŉ ontwikkelende gemeenskap eienaarskap neem van hul eie probleme en situasie, verhoog hulle selfvertroue om kwessies self aan te pak en self uit te redeneer (Thomas, 2008:35). Verhoogde selfvertroue kan lei tot ŉ verminderde afhanklikheid van buitestanders (Schurink, 1998:406). Bemagtiging stel ten doel om probleemoplossing, besluitneming en onafhanklikheid vir die gemeenskap te leer, sodat die verandering wat plaasvind volhoubaar kan wees (Schurink, 1998:406; Yoon, 1996:4; Servaes, 2008:211; Tufte & Mefalopolous, 2009:7). Die bostaande vaardighede kan daartoe lei dat die ontwikkelende gemeenskap staat kan maak op hulself en hulle eie hulpbronne ten einde selfonderhoudend te kan wees.

CDC-ontwikkelingsinisiatiewe behoort die ontwikkelende gemeenskap van Rundu aan te moedig om ŉ groter mate van eienaarskap te neem van die ontwikkelingskwessies waarmee hulle te kampe het. Dit is moontlik dat CDC-ontwikkelingsinisiatiewe vir die ontwikkelende gemeenskap van Rundu die geleentheid kan bied om ŉ groter mate van onafhanklikheid te kan hê. Dus is dit belangrik dat CDC-ontwikkelingsinisiatiewe die gemeenskap toerus om onafhanklik probleme te analiseer en oplossings te identifiseer ten einde besluite te kan neem.

Vir probleemoplossing, besluitneming en onafhanklikheid om verwesenlik te word, behoort bemagtiging van die ontwikkelende gemeenskap op die volgende vlakke plaas te vind: individueel, organisatories en gemeenskaplik (McKee *et al,* 2008:262). Die individuele vlak van bemagtiging verwys na die individu se persoonlike effektiwiteit en beheer oor sy situasie. Die organisatoriese vlak behels prosesse wat individue in staat stel om verhoogde beheer binne 'n formele struktuur te hê. Dit beteken dat die organisasie self beleide kan beïnvloed en sodoende die besluitneming van die gemeenskap as geheel kan beïnvloed. In werklikheid behoort bemagtiging op hierdie vlak vir gemeenskapslede die geleentheid te bied om deel te neem aan die besluitnemingsproses. Die gemeenskaplike vlak verwys na die gesamentlike beheer van individue en organisasie in sekere sosiale kontekste (McKee, *et al*., 2008:262). Dit blyk uit bostaande dat hoewel daar verskillende vlakke is, bied elke vlak vir individue die geleentheid om deel te neem aan die ontwikkelingsbesluitnemingsproses.

Volhoubare sosiale verandering hang af van die mate waartoe die ontwikkelende gemeenskap deur die ontwikkelingsinisiatief bemagtig is (Tufte & Mefalopolous, 2009:46). Bemagtiging behels dat daar nie slegs ŉ tydelike gedragsverandering by die ontwikkelende gemeenskap is nie, maar dat daar ŉ houdingsverandering plaasvind (Waisbord, 1999:30). Dit is juis hierdie houdingsverandering wat lei tot probleemoplossing en deelname in besluitneming ten einde openbare beleid aan te pas sodat hulle verhoogde lewenstandaarde tot gevolg kan hê (Servaes, 2008:208).

Wanneer die ontwikkelende gemeenskap van Rundu op ŉ gereelde basis aan CDC-ontwikkelingsinisiatiewe deelneem, behoort hulle toegerus te word met verskeie vaardighede wat dit vir hulle moontlik sal maak om ŉ verhoogde lewenstandaard te handhaaf. Kommunikasie tussen die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu alleen sal egter nie ŉ verhoogde lewenstandaard tot gevolg hê nie. Hoewel deelname aan die fases van CDC-ontwikkelingsinisiatiewe ŉ verhoogde lewenstandaard tot gevolg kan hê, is dit slegs moontlik indien vaardighede soos nadink en probleemanalise bevorder en aangeleer word. Dit blyk dus dat ŉ verhoogde lewenstandaard binne dié konteks moeilik verwesenlik kan word, maar dat aktiewe deelname en die aanleer van vaardighede moontlik in die toekoms daartoe aanleiding sal kan gee.

Hieronder kan die teoretiese stelling vir bemagtiging as volg geformuleer word:

Teoretiese stelling 4: Bemagtiging

| |
|---|
| Kommunikasie tussen die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu behoort die gemeenskap te bemagtig om eienaarskap van hul eie omstandighede te neem en om meer onafhanklik te funksioneer. |

## 2.4. Gevolgtrekking

In hierdie hoofstuk is die eerste spesifieke navorsingsvraag beantwoord, naamlik: *Hoe kan die beginsels van die deelnemende benadering tot ontwikkelingskommunikasie gedefinieer word om relevant te wees vir die kommunikasie tussen die plaaslike CDC en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu?* (1.5.1)

Ten einde hierdie navorsingsvraag te kon beantwoord, is daar 'n literatuurstudie gedoen oor die deelnemende benadering. Vir die doeleindes van hierdie studie is vier kernbeginsels van die deelnemende benadering geïdentifiseer en uiteengesit. Voorts is die toepaslikheid van deelname, dialoog, kulturele identiteit en bemagtiging beredeneer binne die konteks van die kommunikasie tussen die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu. Die volgende teoretiese stellings is geformuleer as antwoord op die bostaande navorsingsvraag:

- Die kommunikasie tussen die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu behoort 'n geleentheid vir die gemeenskap daar te stel om 'n aktiewe rol tydens die besluitneming, beplanning en implementering van die ontwikkelingsinisiatief te vertolk binne die konteks van gedeelde mag en verantwoordelikheid.
- Die kommunikasie tussen die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu behoort 'n gereelde proses van horisontale tweerigtingkommunikasie te wees ten einde gedeelde begrip vir mekaar en die ontwikkelingsituasie te skep en 'n vertrouensverhouding daar te stel.
- Die CDC-lede behoort die ontwikkelende gemeenskap van Rundu se kultuur te begryp, te respekteer en te integreer binne die konteks van die ontwikkelingsinisiatief.
- Kommunikasie tussen die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu behoort die gemeenskap te bemagtig om eienaarskap van hul eie omstandighede te neem en om meer onafhanklik te funksioneer.

In hoofstuk 3 word bogenoemde teoretiese stellings gebruik om konsepte, konstrukte en operasionele definisies te identifiseer wat relevant is vir die beantwoording van navorsingsvrae 1.5.2 en 1.5.3.

Die volgende hoofstuk is die metodehoofstuk en stel ten doel om te verduidelik hoe die empiriese deel van die studie behartig is.

# HOOFSTUK 3: SEMIGESTRUKTUREERDE ONDERHOUDE EN FOKUSGROEPE BINNE DIE KONTEKS VAN DIE KWALITATIEWE BENADERING

3. Heading 1 sal nie druk nie. Moenie uitvee nie – dit sal verkeerde nommering tot gevolg hê.

## 3.1. Inleiding

In hoofstuk 2 is die literatuurstudie gedoen en vier beginsels van die deelnemende benadering wat toepaslik is vir hierdie studie uitgewys en bespreek om navorsingsvraag 1.5.1 te beantwoord. Die doel van hierdie hoofstuk is om die navorsingsmetodes wat tydens die empiriese studie gebruik is te bespreek ten einde die toepaslikheid van elk te beredeneer en aan te dui hoe die inligting ingesamel is. Die metodes wat in hoofstuk 3 aan die orde kom, is gebruik om spesifieke navorsingsvrae 1.5.2 en 1.5.3 te beantwoord.

Die navorsingsbenadering gaan eerstens bespreek word ten einde aan te dui waarom dié benadering vir hierdie studie gekies is. Die konsepte en konstrukte word tweedens geïdentifiseer voordat die navorsingsmetodes in die derde plek bespreek word. Die hoofstuk word afgesluit met ŉ uiteensetting van die probleme en struikelblokke wat tydens die uitvoering van die empiriese studie ervaar is.

## 3.2. Die kwalitatiewe navorsingsbenadering

Vir die doeleindes van hierdie studie is die kwalitatiewe navorsingsbenadering gekies om die empiriese studie te rig. Die kwalitatiewe navorsingsbenadering sien kommunikasie as ŉ subjektiewe ondervinding waarin elke individu sy eie werklikheid konstrueer. In terme van die kwalitatiewe benadering word individue se persepsies ingewin ten einde die verskynsel van kommunikasie breedvoerig binne die konteks van die individu te verstaan (Du Plooy, 2011:31). Dié studie stel ten doel om die perspektief van beide die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu oor die aard van kommunikasie vas te stel en te analiseer ten einde die algemene navorsingsvraag te kan beantwoord.

Kwalitatiewe navorsingsbenaderings behels dat die navorser mense se persepsies wil verstaan eerder as om ŉ verskynsels te verduidelik (Fouché & Schurink, 2011:308). Binne die konteks van hierdie studie stel die kwalitatiewe benadering die navorser in staat om die persepsies van die CDC-lede sowel as die ontwikkelende gemeenskap van Rundu te verstaan en die aard van kommunikasie tussen hulle te bepaal. Die navorser wou die situasie vanuit die deelnemers se perspektief beleef en daarom was die kwalitatiewe benadering by uitstek geskik vir die studie (sien Fouché & Schurink, 2011:308).

Die kwalitatiewe benadering fokus op een kwessie (ofte wel situasie) waaroor daar in diepte navorsing gedoen word en het nie ten doel om te veralgemeen nie (Du Plooy, 2011:34). Hierdie studie handel dan ook oor 'n kleiner verskynsel, naamlik die aard kommunikasie tussen die CDC en die gemeenskap in Rundu. Hierdie benadering het dus ten doel om die navorser in staat te stel om gekontekstualiseerde begrip vir die persepsies van die ontwikkelende gemeenskap te skep.

Binne die bestek van die kwalitatiewe navorsingsbenadering is dit aanvaarbaar as individue se persepsies van mekaar verskil; dit is inderwaarheid nodig omdat dit die weg vir vooruitgang baan (Du Plooy, 2011:38). Die kwalitatiewe benadering bied gevolglik ruimte vir gemeenskapslede se persepsies of redes om van mekaar te verskil en dit stel die navorser in staat om die nuanses in individue se response in ag te neem. Omdat elke individu se persepsie oor die aard van hulle deelname aan die kommunikasieprosesse uniek aan hulself was, was hierdie eienskap van dié benadering van belang vir hierdie studie.

Hierdie navorsingsbenadering stel die navorser in staat om kwessies te ontbloot wat nie voorheen in ag geneem is nie (Du Plooy, 2011:38). Alternatiewe kwessies oor die aard van gemeenskapsdeelname kan dus ontbloot word. Elke individu beleef die realiteit waarin hulle lewe op 'n unieke wyse en daar is geantisipeer dat deelnemers soms heeltemal alternatiewe antwoorde op die navorser se vrae sou gee. Sodoende kan ander kwessies rakend die gemeenskapsdeelname ontbloot word.

Vanuit die bostaande blyk dit dat die kwalitatiewe benadering toepaslik was om die persepsies van beide die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu, oor die aard van kommunikasie tussen hulle te ondersoek.

In die volgende afdeling word aangedui watter kwalitatiewe navorsingsmetodes gebruik is om die spesifieke navorsingsvrae te beantwoord, voordat die gekose navorsingsmetodes bespreek word.

### 3.3. Uiteensetting van navorsingsvrae en metodes

Die algemene navorsingsvraag wat hierdie studie wou beantwoord is: *Wat is die aard van kommunikasie tussen die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu?* (1.4)

Om hierdie algemene navorsingsvraag te beantwoord, is spesifieke navorsingsvrae geformuleer.

Die onderstaande tabel is 'n uiteensetting van die spesifieke navorsingsvrae en die gepaste navorsingsmetode wat gebruik is ten einde dié vrae te beantwoord.

**Tabel 3.1: Spesifieke navorsingsvrae en metodes**

| 3.3.1. Navorsingsvraag | | Metode |
|---|---|---|
| 3.3.1.1. | Hoe kan die beginsels van die deelnemende benadering tot ontwikkelingskommunikasie gedefinieer word om relevant te wees vir die kommunikasie tussen die plaaslike CDC en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu? | Die eerste navorsingsvraag is beantwoord deur middel van 'n **literatuurstudie** oor die deelnemende benadering. |
| 3.3.1.2. | Wat is die persepsie van die CDC van Rundu rakende die aard van kommunikasie tussen hulself en die gemeenskap van Rundu? | Die navorsingsvraag is by wyse van **semigestruktureerde onderhoude** met relevante CDC-lede beantwoord. |
| 3.3.1.3. | Wat is die gemeenskap van Rundu se persepsie rakende die aard van kommunikasie tussen hulself en die CDC? | Die navorsingsvraag is deur middel van **fokusgroepe** met die ontwikkelende gemeenskap van Rundu beantwoord. |

## 3.4. Teoretiese stellings, konsepte en konstrukte

In die onderstaande paragrawe word die teoretiese stellings wat in hoofstuk 2 geformuleer is gebruik om die konsepte en konstrukte vir die studie te identifiseer. Hierdie konstrukte is tydens die empiriese navorsing as basis gebruik vir die opstel van die onderhoudskedule en moderatorsgids, asook vir die analise van die inligting nadat dit ingesamel is.

- **Deelname** - Die kommunikasie tussen die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu behoort 'n geleentheid vir die gemeenskap daar te stel om 'n aktiewe rol tydens die besluitneming, beplanning en implementering van die ontwikkelingsinisiatief te vertolk binne die konteks van gedeelde mag en verantwoordelikheid.
- **Dialoog** - Die kommunikasie tussen die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu behoort 'n gereelde proses van horisontale tweerigtingkommunikasie te wees ten einde gedeelde begrip vir mekaar en die ontwikkelingsituasie te skep en 'n vertrouensverhouding daar te stel.
- **Kulturele identiteit** - Die CDC-lede behoort die ontwikkelende gemeenskap van Rundu se kultuur te begryp, te respekteer en te integreer binne die konteks van die ontwikkelingsinisiatief.
- **Bemagtiging** - Kommunikasie tussen die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu behoort die gemeenskap te bemagtig om eienaarskap van

hul eie omstandighede te neem en om meer onafhanklik te funksioneer ten einde probleme in die toekoms self te kan aanpak en oplos.

Die onderstaande tabel is ŉ uiteensetting van die konsepte en konstrukte wat vanuit die teoretiese stellings geïdentifiseer is, asook operasionele definisies om aan te dui hoe die konstrukte in die huidige studie verstaan word.

**Tabel 3.2: Konsepte, konstrukte en operasionele definisies**

| Konsepte | Konstruk | Operasionele definisies |
|---|---|---|
| Deelname | • Aktiewe rol in besluitneming | Die ontwikkelende gemeenskap van Rundu se stem behoort gewig te dra wanneer besluite oor CDC-ontwikkelingsinisiatiewe geneem word |
| | • Aktiewe rol in beplanning | Die ontwikkelende gemeenskap van Rundu se insette behoort gereflekteer te word in die ontwikkelingsplanne wat die CDC maak |
| | • Aktiewe rol in implementering | Die ontwikkelende gemeenskap van Rundu behoort verantwoordelikhede te hê om te vervul tydens die implementering van CDC-ontwikkelingsinisiatiewe |
| | • Gedeelde mag | ŉ Verhouding waar beide die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu mag deel ten opsigte van besluitneming en beplanning van ontwikkelingsinisiatiewe |
| | • Gedeelde verantwoordelikheid | ŉ Verhouding waar beide die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu deel in verantwoordelikhede ten opsigte van besluitneming en die uitkomstes van die ontwikkelingsinisiatiewe |
| Dialoog | • Gereelde proses | Kommunikasie tussen die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu behoort op ŉ gereelde basis te geskied, |

| | | |
|---|---|---|
| | | terwyl sekere platforms vir terugvoer altyd oop is vir die gemeenskap |
| | • Horisontale kommunikasie | Tydens die kommunikasie tussen die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap behoort alle partye se stem ewe veel gewig te dra |
| | • Tweerigtingkommunikasie | Beide CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap het ewe veel geleentheid om deel te neem aan gesprekvoering en om na mekaar te luister |
| | • Gedeelde en wedersydse begrip | ’n Verhouding waar beide die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu begrip het vir mekaar en die ontwikkelende situasie waarin hulle is |
| | • Vertrouensverhouding | ’n Verhouding waar die ontwikkelende gemeenskap glo hulle belange word op die hart gedra en beskerm en waar die CDC-lede op hulle beurt die gemeenskap vertrou om verantwoordelik deel te neem aan die proses |
| Kulturele identiteit | • Begrip | Die CDC-lede verstaan die kulturele norme en waardes van die ontwikkelende gemeenskap van Rundu |
| | • Respek | Die CDC-lede se boodskappe neem die gevoelens, wense, of regte van die ontwikkelende gemeenskap van Rundu se kulturele identiteit in ag en verstaan dat kulturele identiteit belangrik is in hierdie proses |
| | • Integrasie | Die CDC se boodskappe en ontwikkelingsinisiatiewe weerspieël die kultuur van die ontwikkelende gemeenskap van Rundu |
| Bemagtiging | • Eienaarskap | Die mate waartoe die ontwikkelende gemeenskap van Rundu verantwoordelikheid neem vir hulleself en hulle sosiale verandering |
| | • Selfstandige denke | Deelname aan CDC-ontwikkelingsinisiatiewe |

| | | |
|---|---|---|
| | | behoort die ontwikkelende gemeenskap van Rundu in staat te stel om selfstandig en krities te kan nadink oor situasies |
| | • Probleem-analise en probleem-oplossingsvaardighede | Deelname aan CDC-ontwikkelingsinisiatiewe behoort die ontwikkelende gemeenskap van Rundu in staat te stel om oor huidige en toekomstige probleme te reflekteer en selfstandig met oplossings vir hierdie omstandighede vorendag te kom |

## 3.5. Navorsingsmetodes

Die navorsingsmetode verwys na die metode wat gebruik is om die empiriese navorsing uit te voer. Vir die doel van hierdie studie is daar gebruik gemaak van twee navorsingsmetodes, naamlik semigestruktureerde onderhoude en fokusgroepe.

In die onderstaande paragrawe gaan die eienskappe van die metodes wat belangrik is vir die studie bespreek word om die toepaslikheid van beide metodes vir die studie te beredeneer voordat daar verduidelik sal word hoe die navorsingsmetodes in die huidige studie toegepas is.

### 3.5.1. Semigestruktureerde onderhoude

Die semigestruktureerde onderhoud is ŉ kombinasie van die gestruktureerde en ongestruktureerde onderhoud, wat die navorser toelaat om die beste van beide in te span tydens die onderhoud.

In gestruktureerde onderhoude word gebruik gemaak van ŉ onderhoudskedule wat riglyne is wat die onderhoud lei en waarby die navorser streng behoort te hou tydens die verloop van die onderhoud (Du Plooy, 2011:197). Daarenteen bied ongestruktureerde onderhoude die navorser baie vryheid omdat daar nie noodwendig ŉ onderhoudskedule is waarvolgens gewerk moet word nie, maar die navorser lei eerder die respondent om oor ŉ breë tema te gesels en kan addisionele vrae en opvolgvrae vra soos nodig (Du Plooy, 2011:199; Greef, 2013:348). Die semigestruktureerde onderhoud is ŉ kombinasie van die bostaande eienskappe van beide die gestruktureerde onderhoud en die ongestruktureerde onderhoud. In semigestruktureerde onderhoude word meestal gebruik gemaak van ŉ onderhoudskedule, maar die navorser mag daarvan afwyk indien die deelnemer se antwoorde dit noodsaak en het ook die geleentheid om opvolgvrae te vra (Du Plooy, 2011: 198; Babie, *et al.*, 2012: 289).

Die grootste voordeel van semigestruktureerde onderhoude lê in die kombinasie van vryheid en struktuur (Du Plooy, 2011: 198; Babie *et al*., 2012: 289). Dié metode bied aan die navorser genoegsame riglyne vir dit wat ondersoek moet word, maar bied tog baie ruimte vir die deelnemer om indieptekennis oor die onderwerp te deel. Die navorser het ook die geleentheid om opvolgvrae aan die deelnemer te rig. Die semigestruktureerde onderhoud bied vir die navorser die geleentheid om die deelnemer se verwysingsraamwerk te verstaan en te begryp hoekom hulle die antwoorde gee wat hulle doen (Du Plooy, 2011: 198). Voorts bied die struktuur van die semigestruktureerde onderhoud ʼn voordeel aangesien al die deelnemers dieselfde basiese vrae gevra word, wat dan ook help met die analise en interpretasie van die verskeie insette. Vir die doel van hierdie studie is semigestruktureerde onderhoude met die CDC-lede wat direk betrokke is by die ontwikkeling van Rundu se gemeenskap toepaslik omdat dit die persepsie van hierdie lede oor die deelnemende benadering en gemeenskapsdeelname aan ontwikkelingsinisiatiewe kon ondersoek.

#### *3.5.1.1. Semigestruktureerde onderhoude: Toepassing in die studie*

Daar is vier semigestruktureerde onderhoude met lede van die CDC in Rundu gevoer. Hierdie CDC-lede is deur raadslid Vicky Kauna geïdentifiseer om aan die studie deel te neem nadat hulle aangedui het dat hulle bereid was om deel te neem.

Die semigestruktureerde onderhoude is in 2016 gevoer. Daar is vir elke deelnemer aan die semigestruktureerde onderhoude (behalwe een wat sy eie motor gehad het) taxigeld gegee om na die afgespreekte plek te kom en ook om terug te keer huis toe. Die detail van die vier onderhoude gaan hieronder bondig bespreek word:

##### 3.5.1.1.1. Semigestruktureerde onderhoud 1

Hierdie onderhoud is by die kantore van die raadslid Kauna gehou omrede dit vir hierdie CDC-lid gerieflik was. Die onderhoud het ongeveer 58 minute geduur omdat taal bietjie van ʼn struikelblok was. Hierdie CDC-lid het nie Engels baie goed verstaan of gepraat nie en wou glad nie hê dat ʼn tolk teenwoordig moes wees tydens die onderhoud nie. Die navorser moes gevolglik baie van die vrae vereenvoudig en deurlopend seker maak dat sy die deelnemer se persepsies reg verstaan.

##### 3.5.1.1.2. Semigestruktureerde onderhoud 2

Hierdie onderhoud is gehou in die skoolkantoor van *Revival Centre Christian Academy*, wat nie ver van hierdie CDC-lid se huis af is nie. Die onderhoud het ongeveer een uur geduur omdat die deelnemer sy bespreking toegelig het met voorbeelde wat vir die navorser die geleentheid gebied het om vele opvolgvrae te kan stel. Hoewel hierdie CDC-lid van al die

deelnemers die minste ervaring in die posisie gehad het, het hy baie opinies oor die proses gehad. Hierdie menings is gegrond op die feit dat hy lank ’n inwoner van die bepaalde kiesafdeling was voordat hy ’n CDC-lid geword het.

3.5.1.1.3. Semigestruktureerde onderhoud 3

Hierdie onderhoud is ook in die skoolkantoor van *Revival Centre Christian Academy* gehou. Die onderhoud het ongeveer 48 minute lank geduur. Hierdie CDC-lid het baie insig gelewer oor die lewe van die mense binne sy gemeenskap wat vir die navorser alternatiewe kwessies ontbloot het.

3.5.1.1.4. Semigestruktureerde onderhoud 4

Hierdie onderhoud is ook in die skoolkantoor van *Revival Centre Christian Academy* gehou. Die onderhoud met hierdie deelnemer het ongeveer 58 minute lank geduur. Hierdie deelnemer het nege jaar se ondervinding as CDC-lid gehad en kon heelwat verduidelik oor die verskillende prosesse daar rondom.

Die onderstaande tabel is ’n voorstelling van die onderhoudskedule wat gebruik is tydens die semigestruktureerde onderhoude met die CDC-lede. Soos reeds genoem, is die teoretiese konsepte en konstrukte gebruik om die onderhoudskedule te begrond.

**Tabel 3.3: Onderhoudskedule vir semigestruktureerde onderhoude**

| Vrae | Konsepte | Konstrukte |
|---|---|---|
| 1. Wat is die funksie van die CDC? | | |
| 2. Wat is jou persepsie van gemeenskapsdeelname aan CDC-ontwikkelingsinisiatiewe? | Deelname | • Aktiewe rol in besluitneming<br>• Aktiewe rol in beplanning<br>• Aktiewe rol in implementering<br>• Aktiewe rol in evaluering<br>• Gedeelde verantwoordelikheid |
| 3. Tot watter mate word daar vir die gemeenskap geleenthede gebied om deel te neem aan CDC-ontwikkelingsinisiatiewe? | Deelname | • Aktiewe rol in besluitneming<br>• Aktiewe rol in beplanning |
| 4. Wat is jou persepsie oor die aard van kommunikasie tussen die CDC en die | Dialoog | • Horisontale kommunikasie<br>• Tweerigtingkommunikasie Deurlopende proses |

| | | |
|---|---|---|
| ontwikkelende gemeenskap? | | • Horisontale kommunikasie<br>• Tweerigtingkommunikasie |
| 5. Wat is jou persepsie van die CDC se verhouding met die ontwikkelende gemeenskap van Rundu? | Dialoog | • Gedeelde begrip<br>• Vertrouensverhouding |
| 6. Watter rol dink jy vervul die gemeenskap ten opsigte van ontwikkeling in Rundu? | Deelname | • Aktiewe rol in besluitneming<br>• Aktiewe rol in beplanning<br>• Aktiewe rol in implementering<br>• Aktiewe rol in evaluering<br>• Gedeelde verantwoordelikheid |
| 7. Wat is jou persepsie van die RDCC se einddoel ten opsigte van ontwikkeling? | Dialoog | • Gedeelde begrip |
| 8. Watter rol dink jy speel die gemeenskap se kultuur ten opsigte van volhoubare ontwikkeling? | Kulturele identiteit | • Integrasie |
| 9. Wat is jou persepsie van die CDC se einddoel ten opsigte van ontwikkeling? | Bemagtiging | • Eienaarskap<br>•<br>• Probleemanalise<br>• Probleemoplossings-vaardighede |
| 10. Tot watter mate dink jy word die gemeenskap van Rundu bemagtig deur hulle deelname aan CDC-ontwikkelingsinisiatiewe? | Bemagtiging | • Eienaarskap<br>• Selfstandige denke<br>• Probleem-analise<br>• Probleemoplossings-vaardighede |
| 11. As jy enige deel van die CDC se prosesse kon verander, wat sou jy verander? | | |

Die inligting wat deur die semigestruktureerde onderhoud ingesamel is, is deur middel van kwalitatiewe inhoudsanalise geanaliseer. Die konsepte en konstrukte (sien Tabel 3.2) wat in die teoretiese stellings geïdentifiseer is, is gebruik as kategorieë tydens die inhoudsanalise.

### 3.5.2. Fokusgroepe

’n Fokusgroep is wesenlik ’n groepsbespreking tussen nege tot twaalf mense, wat gelei word deur gerigte vrae. Fokusgroepe bied vir die navorser die geleentheid om op een slag die persepsies van verskeie individue oor ’n kwessie in te win. Hierdie eienskap is baie belangrik aangesien die navorser ’n indieptebegrip van verskillende gemeenskapslede se uiteenlopende persepsies oor die aard van kommunikasie wou verkry.

Hierdie metode lewer opinie ryke inligting omdat dit die deelnemers op hul gemak stel (Du Plooy, 2011: 199). Fokusgroepe behels dat deelnemers oor ’n enkele kwessie kan gesels en informele gesprekvoering daartoe kan lei dat die idees, opinies en houdings van die verskillende deelnemers na vore kom (Du Plooy, 2011:199; Babie *et al.*, 2012:292; Nieuwenhuis, 2013:90). Fokusgroepe skep die geleentheid vir deelnemers om nuwe idees vorendag te bring en vir ander om op hierdie idees voort te bou (Du Plooy, 2011:199). Binne die konteks van hierdie studie was fokusgroepe ’n toepaslike metode omdat die gemeenskapslede mekaar ken en hulle gemaklik gevoel het om met mekaar oor die onderwerp te gesels. ’n Fokusgroep het ook vir die ontwikkelende gemeenskap die geleentheid gebied om saam te redeneer oor die mate waartoe hulle tans deelneem aan die ontwikkelingsdiskoers en hoe toekomstige deelname eerder behoort te lyk.

#### *3.5.2.1. Fokusgroepe: Toepassing in die studie*

Fokusgroepe is in 2016 met sewe tot twaalf gemeenskapslede van vier verskillende informele nedersettings in Rundu gehou. Rundu se informele nedersettings is gekies omdat die mense wat daar woon binne die realiteit van bepaalde ontwikkelingskwessies woon. Die deelnemers is met hulp van pastoor Johannes Ndongo en die pastore van plaaslike kerke in elke gemeenskap bereik, en die deelnemers kon vrywillig deelneem aan die navorsing.

In elke geval waar die deelnemers na ’n voorafbespreekte plek moes reis, is daar vir hulle taxigeld gegee om hul op daardie manier te akkommodeer.

Tydens die analise van die persepsies van die ontwikkelende gemeenskap van Rundu, het die navorser besef dat van die vrae nie volledig beantwoord is nie. Dit het veroorsaak dat daar nie volledige bevindinge oor van die konstrukte gemaak kon word nie. Die navorser was dus genoodsaak om nog twee fokusgroepe te hou met ‘n aangepaste onderhoudskedule. Die vrae aan hierdie fokusgroepe moes meer direkte vrae vra oor veral die konsepte van dialoog en bemagtiging ten einde deurslaggewende bevindinge te kan maak vir hierdie studie. Hierdie fokusgroepe is in 2018 gehou.

Elkeen van die fokusgroepe gaan verder hieronder bespreek word.

3.5.2.1.1. Fokusgroep 1

Fokusgroep een is by die *Full Gospel*-kerk in die informele nedersetting van Tuhungereni 2 gehou. Hierdie fokusgroep het ongeveer 51 minute geduur. Die deelnemers het nie al die vrae verstaan nie en daarom het die navorser van die vrae se formulering vereenvoudig. Daar was twaalf deelnemers, insluitend die tolk. Baie van die deelnemers kon Engels verstaan, maar nie goed praat nie. Van die vroue wat deelgeneem het, het kinders gehad wat nou en dan gedurende die fokusgroep kom pla het, maar die mammas het hulle dan vinnig stilgemaak en gestuur om buite te gaan speel.

3.5.2.1.2. Fokusgroep 2

Fokusgroep 2 is gehou by die *Baptista Church* in die informele nedersetting van Ndama. Omdat die deelnemers aan hierdie fokusgroep nog nie vantevore van die CDC gehoor het nie, het die fokusgroep ongeveer 31 minute lank geduur. Die vrae vir hierdie fokusgroep is aangepas om die kennis van die deelnemers te reflekteer en daar is dus vrae gevra oor kulturele identiteit en bemagtiging. Die min inligting wat tydens hierdie fokusgroep ingewin is, was een van die redes waarom daar ŉ tweede fase van fokusgroepe gehou moes word.

Hierdie gemeente het die navorser en pastoor Ndongo met tradisionele danse verwelkoming en so ook dankbaarheid betuig om te kon deelneem aan die navorsing. Ongeveer vyftien mense het deelgeneem aan hierdie fokusgroep. Daar was ŉ groot ouderdomsgaping tussen die deelnemers. Van die ouer deelnemers het glad nie Engels verstaan nie terwyl die jonger, hoërskoolkinders ŉ goeie begrip gehad het vir dit wat die navorser in Engels gesê het. Die pastoor van hierdie kerk het bykans elke vraag beantwoord en sy opinie baie duidelik uitgedruk, wat dit problematies gemaak het om die res van die deelnemers se persepsies in te win. Die magsposisie van die pastoor was duidelik, omdat die gemeentelede se opinies aan die begin geensins verskil het van syne nie. Die navorser het tydens die fokusgroep verduidelik dat dit nie verkeerd is as hulle opinies verskil van enigiemand s'n nie en dat hulle nie bang moet wees om hulle opinie te lug nie. Die deelnemers het toe meer gemaklik geraak en hulle eie opinies geformuleer.

Voorts het hierdie fokusgroep min van die konsepte verstaan; die tolk en moderator moes herhaaldelik verduidelik en vrae herformuleer. Die pastoor en van die ouer mense het ook daarvoor gesorg dat daar oor ander sake gepraat is as dit wat die vrae geopper het. Die navorser het egter probeer om die fokusgroep op dreef te hou deur die vrae maar meer as een keer te vra. *

#### 3.5.2.1.3. Fokusgroep 3

Hierdie fokusgroep het geskied by die *Fruit of Jesus Ministries* in die informele nedersetting van Kehemo. Hierdie fokusgroep het ongeveer 52 minute lank geduur. Omdat hulle besig was om nog hierdie kerkgebou te bou, moes hierdie fokusgroep onder ’n afdak op die kerk se perseel geskied. Gedurende die fokusgroep het dit begin reën en het die klank van die reën op die sinkdak het die kwaliteit van die opname beïnvloed. Daar was sewe deelnemers aan hierdie fokusgroep, insluitend die tolk. Slegs twee mans het deelgeneem aan hierdie fokusgroep, wat die dinamika van die fokusgroep baie interessant gemaak het. Dit was die enigste fokusgroep waar die vroue baie sterk opinies uitgespreek het.

#### 3.5.2.1.4. Fokusgroep 4

Hierdie fokusgroep is gehou by die *Bethlehem Bathsaida Pentecostal Church* in die informele nedersetting van Kehemo. Hierdie fokusgroep het net ongeveer 27 minute lank geduur as gevolg van die feit dat die groter meerderheid van die deelnemers nie geweet het wie of wat die CDC is nie. Daar was twaalf deelnemers en slegs een het geweet van die CDC. Die navorser het die vrae aangepas by die kennis van die deelnemers en meer gefokus op hulle opinies oor kulturele identiteit en bemagtiging. Min van hierdie fokusgroep se inligting was bruikbaar binne die konteks van die huidige studie en daar is dus addisionele fokusgroepe gehou om hiervoor op te maak.

#### 3.5.2.1.5. Fokusgroep 5

Hierdie fokusgroep is gehou by die *Full Gospel*-kerk in die informele nedersetting van Sauyemwa. Hierdie fokusgroep het ongeveer 57 minute geduur. Daar was vyftien deelnemers, insluitend die tolk, en meeste van die deelnemers was Engels magtig. Die deelnemers het ’n goeie begrip gehad van die navorser se vrae, het maklik hul opinie gedeel, saamgesels en talle voorstelle vir verbeteringe gehad. Die enigste probleem met hierdie fokusgroep was dat die deelnemers baie laat opgedaag het. Omdat die deelnemers almal mekaar geken het, was dit egter nie ’n probleem of ongerief vir dié wat betyds was om te wag vir die ander nie.

Fokusgroep ses en sewe is die twee fokusgroepe wat later eers met deelnemers gehou.

#### 3.5.2.1.6. Fokusgroep 6

Die fokusgroep is gehou by die *Revival Centre Church,* wat geleë is in die industriële gebied van Rundu. Die deelnemers aan hierdie groep woon in die informele nedersetting van Sauyemwa. Hierdie fokusgroep het een uur en 14 minute geduur en daar was agt deelnemers, insluitend die tolk, en drie hoërskoolleerlinge. Die deelnemers is met behulp van pastoor Sadrag, wat ook in Sauyemwa, woon bereik.

Die uiteenlopende ouderdomme van deelnemers aan hierdie fokusgroep het gesorg vir ŉ verskeidenheid insette. Slegs een deelnemer aan hierdie fokusgroep was Engels magtig. Die deelnemers het nie al die navorser se vrae verstaan nie, so baie van die vrae moes herformuleer word. Voorts het die deelnemers soms reeds hul sê gesê voordat die navorser kon verduidelik wat eintlik gevra word. Dit het grootliks veroorsaak dat die fokusgroep lank geduur het. ŉ Verdere kwessie met hierdie fokusgroep was die feit dat daar vir twee deelnemers gewag moes word. Die navorser het om verskoning gevra, maar dit was nie vir hulle ŉ probleem om te wag nie.

3.5.2.1.7. Fokusgroep 7

Soos fokusgroep 6, is hierdie fokusgroep by die *Revival Centre Church* gehou en die deelnemers woon ook in die informele nedersetting van Sauyemwa. Die fokusgroep het een uur en 13 minute geduur en daar was agt deelnemers, insluitend die tolk. Pastoor Sadrag het weer eens gehelp om die fokusgroep saam te stel.

Hierdie fokusgroep was vir die navorser ŉ uitdaging omdat die meerderheid van die deelnemers jonk was en baie sterk opinies gehad het wat hulle wou deel. Alhoewel, dit positief was, het hulle soms afgedwaal van die vrae wat gevra is. Die navorser moes gereeld die vrae herformuleer of op ŉ ander manier vra om te verseker dat die vrae wel beantwoord word. Voorts was daar een deelnemer wat nie graag gepraat het nie; sy het eintlik net beaam wat die ander deelnemers gesê het.

Die onderstaande tabelle is ŉ uiteensetting van die moderatorsgids wat tydens die fokusgroepe gebruik is.

**Tabel 3.4: Moderatorsgids vir fokusgroepe 1-5**

| Vrae | Konsepte | Konstrukte |
|---|---|---|
| Is julle bewus van die CDC? | | |
| 1. Tot watter mate neem julle deel aan CDC-ontwikkelingsinisiatiewe? | Deelname | • Aktiewe rol in besluitneming<br>• Aktiewe rol in beplanning<br>• Aktiewe rol in implementering<br>• Aktiewe rol in evaluering |
| 2. Hoe betrokke is julle as gemeenskap by die CDC se ontwikkelingsdiskoers? | Dialoog | • Deurlopende proses<br>• Horisontale kommunikasie<br>• Tweerigtingkommunikasie |

| | | |
|---|---|---|
| | Deelname | • Aktiewe rol aan besluitneming |
| 3. Wat is julle persepsie van julle verhouding met die CDC-lede? | Deelname | • Aktiewe rol aan besluitneming |
| 4. Wat is julle persepsie van julle verhouding met die CDC-lede? | Dialoog | • Vertrouensverhouding |
| 5. Dink julle dat julle opinies ten opsigte van ontwikkelingskwessies van waarde vir die CDC kan wees? | Dialoog | • Gedeelde begrip |
| 6. Hoe dink julle behoort julle kultuur, norme en waardes binne die bestek van die ontwikkelingsoplossings gehanteer te word? | Kulturele identiteit | • Begrip<br>• Respek<br>• Integrasie |
| 7. Watter voordele bied julle deelname aan CDC-ontwikkelingsinisiatiewe vir julle? | Bemagtiging | • Eienaarskap<br>• Selfstandige denke<br>• Probleemanalise<br>• Probleemoplossings-vaardighede |
| | Deelname | • Aktiewe rol in besluitneming<br>• Aktiewe rol in beplanning<br>• Aktiewe rol in implementering<br>• Aktiewe rol in evaluering |
| 8. Wat is julle persepsie oor die rol wat julle kan speel binne die konteks van volhoubare ontwikkeling? | Deelname | • Aktiewe rol in besluitneming<br>• Aktiewe rol in beplanning<br>• Aktiewe rol in implementering<br>• Aktiewe rol in evaluering |
| | Dialoog | • Horisontale kommunikasie<br>• Tweerigtingkommunikasie<br>• Gedeelde begrip |
| | Kulturele identiteit | • Integrasie |
| 10. As jy kon verander hoe die CDC tans werk, wat sou jy verander? | | |

Na afloop van die analise van die eerste vyf fokusgroepe het die navorser bepaalde leemtes opgemerk en aanpassings gedoen aan die onderhoudskedule voordat fokusgroep 6 en 7 gedoen is.

**Tabel 3.5: Moderatorsgids vir fokusgroepe 6 en 7**

| Vrae | Konsepte | Konstrukte |
|---|---|---|
| 1 Wat is die funksie van die CDC? | | |
| 2 Hoe lyk jou deelname aan CDC ontwikkelingsinisiatiewe?<br>a. Hoe sien julle die gemeenskap se rol in CDC ontwikkelingsinisiatiewe?<br>b. Tot watter mate neem jy deel aan beplanning en besluitneming van ontwikkelingsinisiatiewe binne jou kiesafdeling?<br>c. Vra die CDC lede julle wat julle wil hê?<br>d. Gebruik die CDC lede julle insette wanneer hulle ontwikkelingsprojekte beplan?<br>e. Is daar iets wat julle van jul kant af moet doen om die CDC se ontwikkelingsprogramme te laat gebeur?<br>f. Kry julle kans om die CDC se ontwikkelingsinisiatiewe te beoordeel en | Deelname | • Aktiewe rol in besluitneming<br>• Aktiewe rol in beplanning<br>• Aktiewe rol in implementering |

| | | |
|---|---|---|
| terugvoer daarop te gee? | | |
| 3 Wat is die aard van die kommunikasie tussen julle en die CDC?<br><br>a) Watter platforms gebruik die CDC om met die ontwikkelende gemeenskap te kommunikeer?<br>b) Hoe gereeld kommunikeer die CDC lede met julle?<br>c) Watter geleenthede is daar vir julle om met die CDC lede te kommunikeer? Kry julle kans om julle behoeftes met die CDC lede te deel of luister julle net na wat hulle vir julle sê?<br>d) As julle jul behoeftes met die CDC lede deel, voel julle dat hulle regtig na julle luister?<br>e) As julle jul behoeftes met hulle deel, word daar iets daaraan gedoen?<br>f) Wanneer julle met die CDC lede praat, voel julle asof julle as gelykes aan die gesprek deelneem, of voel julle dat hulle stem | Dialoog | • Deurlopende proses<br>• Horisontale kommunikasie<br>• Tweerigtingkommunikasie<br>• Wedersydse begrip |

| | | |
|---|---|---|
| belangriker as julle s'n is?<br>g) Dink julle die CDC-lede verstaan regtig julle probleme en behoeftes?<br>h) Voel julle die CDC lede doen moeite om julle behoeftes te verstaan?<br>i) Dink julle dat julle en die CDC-lede saamstem oor wat die belangrikste kwessies is waaraan aandag gegee moet word in die gemeenskap?<br>j) Spreek die CDC se ontwikkelingsinisiatiewe julle grootste probleme aan?<br>k) Dink julle dat julle die CDC-lede se situasie en beperkings verstaan?<br>l) Verstaan julle wat die CDC-lede se werk is? | | |
| 4 Tot watter mate is die gemeenskap se kultuur belangrik ten opsigte van ontwikkeling?<br><br>a) Hoe dink julle behoort die plaaslike kultuur van die gemeenskap aangewend te word ten opsigte van ontwikkeling? | Kulturele identiteit | • Begrip<br>• Respek<br>• Integrasie |

| | | |
|---|---|---|
| b) Dink julle dat jul kultuur deur die CDC-lede in ag geneem word? | | |
| 5 Wat is jou persepsie van die rol wat jy kan speel ten opsigte van volhoubare ontwikkeling?<br><br>6 Watter voordele behoort jou deelname aan CDC-ontwikkelingsinisiatiewe vir jou te bied?<br><br>a) Wat kry jy daaruit as jy CDC vergaderings bywoon?<br>b) Hoekom woon julle CDC vergaderings by of hoekom woon julle dit nie by nie?<br>c) Wat het jy al deur die CDC-proses geleer?<br>d) Help die deelname aan die CDC inisiatiewe jou om jou eie probleme beter te kan hanteer? | Bemagtiging | • Eienaarskap<br>• Selfstandige denke<br>• Probleemanalise<br>• Probleemoplossings-vaardighede |
| 7 As jy kon verander hoe die CDC tans werk, wat sou jy verander? | | |

Na afloop van die fokusgroepe met die ontwikkelende gemeenskap van Rundu is die klankopnames getranskribeer. Die transkripsies is daarna deur middel van kwalitatiewe inhoudsanalise geanaliseer met gebruikmaking van die konsepte, konstrukte en kategorieë wat in Tabel 3.2 geïdentifiseer is.

### 3.6. Geldigheid

Geldigheid veronderstel dat die meetinstrument klaarblyklik meet wat dit sê dit gaan meet (Du Plooy, 2009:135; Babbie, 2010:153). Binne die konteks van kwalitatiewe navorsing word geldigheid vasgestel deur te let op die mate waarin die operasionele definisies (soos uiteengesit in die studie) ooreenstem met die teoretiese definisies van die konsepte en konstrukte (Du Plooy 2009:135).

Tydens hierdie studie is daar vanuit 'n literatuurstudie oor die deelnemende benadering konsepte, konstrukte en operasionele definisies geskryf wat gebruik is vir die samestelling van die 'meetinstrumente'. Die onderhoudskedule asook die moderatorsgids is aan die hand van hierdie konsepte, konstrukte en operasionele definisies opgestel en dit is ook as kategorieë vir die analise van die semigestruktureerde onderhoude en fokusgroepe gebruik. Gevolglik kan gesê word dat die meetinstrumente wat tydens hierdie studie gebruik is, geldig is vanweë die teoretiese konsekwentheid daarvan.

Indien die meetinstrument geldig is, behoort dit betroubaar te wees (Du Plooy, 2009:135).

### 3.7. Betroubaarheid

Betroubaarheid verwys gewoonlik daarna dat die meetinstrument wat gebruik word dieselfde bevindinge oor 'n tydperk heen oplewer indien die studie herhaal word (Du Plooy, 2009:131). Binne die konteks van kwalitatiewe navorsing is dit egter nie so maklik om 'n studie te herhaal en te verwag om dieselfde resultate te kry nie, omrede dit bykans onmoontlik is om lang, buigbare, ongestruktureerde en konteksspesifieke studies te herhaal (Pole & Lampart, 2002:207). Dus behoort betroubaarheid anders in kwalitatiewe studies gedefinieer en vasgestel te word as die geval met kwantitatiewe studies is (Pole & Lampart, 2002:207).

Binne die kwalitatiewe navorsingsbenadering fokus betroubaarheid op die proses wat gevolg is sowel as die akkuraatheid van die interpretasie van die bevindinge (Pole & Lampart 2002:207-208; Du Plooy, 2009:133). Dit is gevolglik uiters belangrik dat die navorser die navorsingsproses duidelik en deeglik uiteensit sodat ander kan vasstel hoe die navorsing gedoen is en hoe die bevindinge geïnterpreteer is.

Soos blyk uit voorafgaande, is die navorsingsproses wel duidelik en deeglik uiteengesit. Die moderatorsgidse wat tydens alle empiriese navorsing gebruik is, is uiteengesit. Daar is ook verduidelik hoe die ingewinde navorsing geïnterpreteer en geanaliseer sou word ten einde tot betroubare gevolgtrekkings te kan kom. Gevolglik word geargumenteer dat hierdie studie aan die vereistes vir betroubaarheid in kwalitatiewe studies voldoen.

## 3.8. Struikelblokke

In die onderstaande paragrawe word die struikelblokke bespreek wat ondervind is tydens die uitvoer van die empiriese navorsing

### 3.8.1. Struikelblokke ervaar tydens semigestruktureerde onderhoude

Dit was moeilik om die CDC-lede in die hande te kry. Drie van die vier CDC-lede waarmee onderhoude gevoer is, het ŉ vaste werk gehad en dit was gevolglik baie moeilik om ŉ tyd te kry wat elkeen van hulle sou pas.

Omrede een van die respondente se Engels nie baie goed was nie, moes die navorser baie vrae vereenvoudig en herhaal. Daar is steeds genoegsame inligting ingewin.

### 3.8.2. Struikelblokke ervaar tydens fokusgroepe

Taal was ŉ groot kwessie tydens die fokusgroepe. Hoewel daar ŉ tolk was, was dit steeds moeilik vir die navorser en die deelnemers om mekaar ten alle tye te verstaan. Die navorser moes gereeld vrae op eenvoudiger wyses probeer stel sodat die tolk dit kon vertaal. Hierdie verduidelikings en vertolking het tot gevolg gehad dat die fokusgroepe baie lank geduur het.

Dit was moeilik om die deelnemers se mate van deelname tydens die fokusgroepe te beheer. Tydens die fokusgroepe het die mans meestal hulle opinies gedeel terwyl die vroue maar net geknik en beaam het. Dit was dus vir die navorser moeilik om heeltyd tye seker te wees dat die vroue se knikke en beaming wel hulle eie opinie gereflekteer het. Die navorser het baie van die vrae weer gevra en spesifiek gerig op die vroue en hulle aangemoedig om hulle menings uit te spreek al stem dit nie ooreen met dié van die mans nie. Wanneer die vroue wel saamgesels het, het hulle opinies selde verskil van die mans s'n.

Die meerderheid van die fokusgroepe is gehou by die verskillende kerke, so die navorser kon nie vooraf die lokaal voorberei en seker maak dat almal sitplekke gaan hê en dat daar nie steurende geluide gaan wees nie. Van die kerke waarin die fokusgroepe gehou is, het nie genoeg stoele gehad vir almal om op te sit nie. Een van die fokusgroepe moes selfs buite onder ŉ sinkafdak plaasvind, omdat hulle nog besig was om die kerk te bou. Die grootste struikelblok wat hierdie lokale opgelewer het, was die swak kwaliteit van die opnames.

Twee van die vyf fokusgroepe was baie kort weens die respondente se gebrek aan kennis oor wie die CDC is en wat hulle funksies is. Die navorser het die vrae aangepas en spesifiek gerig op hulle gevoel oor gemeenskapsdeelname, kulturele identiteit en hulle opinie oor bemagtiging. Hoewel die deelnemers van die vrae kon beantwoord, is daar nie genoegsame

inligting bekom nie. Die navorser het hiervoor vergoed deur twee ekstra fokusgroepe te hou met ŉ aangepaste moderatorsgids.

### 3.9. Gevolgtrekking

In hierdie hoofstuk is die kwalitatiewe navorsingsbenadering en waarom dit gepas was vir hierdie studie uiteengesit. Die teoretiese stellings, soos in hoofstuk 3 geformuleer, is gebruik om die konsepte en konstrukte te identifiseer. Die konsepte, konstrukte en operasionele definisies vir hierdie studie is in tabelvorm uiteengesit. Verder is die toepaslikheid van fokusgroepe en die semigestruktureerde onderhoude vir die doeleindes van hierdie studie bespreek en beredeneer. Die navorsingsmetodes is bespreek en die toepassing daarvan is verduidelik. Duidelikheidshalwe is beide die onderhoudskedule vir die semigestruktureerde onderhoude en die moderatorsgids vir die fokusgroepe ingesluit. Hierdie hoofstuk het dus nie ŉ navorsingsvraag beantwoord nie, maar verduidelik hoe die empiriese navorsing uitgevoer is.

In Hoofstuk 4 kom die bevindinge van die fokusgroepe en die semigestruktureerde onderhoude aan die orde ten einde tot ŉ gevolgtrekking te kom oor die aard van kommunikasie tussen die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu.

# HOOFSTUK 4: PERSEPSIES VAN DIE CDC-LEDE

4. Heading 1 sal nie druk nie. Moenie uitvee nie – dit sal verkeerde nommering tot gevolg hê.

## 4.1. Inleiding

Die doel van hoofstuk 3 was om uiteen te sit hoe die empiriese studie uitgevoer is. Hoofstuk 4 stel ten doel om die resultate van die semigestruktureerde onderhoude krities te bespreek om navorsingsvraag 1.5.2 te beantwoord, naamlik: *Wat is die persepsie van die CDC van Rundu rakende die aard van kommunikasie tussen hulself en die gemeenskap van Rundu?*

Ten einde hierdie navorsingsvraag te beantwoord, is daar vier semigestruktureerde onderhoude gevoer met lede van Rundu se CDC.

Die bespreking van die empiriese inligting word deur die konsepte en konstrukte gerig. Die teoretiese stellings en operasionele definisies sal gebruik word om die inligting wat deur die semigestruktureerde onderhoude ingesamel is, krities vanuit die teorie te bespreek en te analiseer. Aan die einde van die hoofstuk sal ŉ gevolgtrekking gemaak word wat die bevindinge van die empiriese navorsing teenoor die operasionele definisies stel ten einde te bepaal hoe die CDC-lede se persepsies van die aard van die kommunikasie tussen hulle en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu verband hou met die normatiewe beginsels van die deelnemende benadering.

## 4.2. Deelname

Die volgende teoretiese stelling is geformuleer vir deelname:

*Die kommunikasie tussen die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu behoort ŉ geleentheid daar te stel vir die gemeenskap om ŉ aktiewe rol tydens die besluitneming, beplanning en implementering van die ontwikkelingsinisiatief te vertolk binne die konteks van gedeelde mag en verantwoordelikheid* (3.5.1).

Die konstrukte vir deelname, soos uiteengesit in hierdie studie is: aktiewe rol in besluitneming, aktiewe rol in beplanning, aktiewe rol in implementering, gedeelde mag, en gedeelde verantwoordelikheid (Tabel 3.2).

### 4.2.1 Aktiewe rol in besluitneming

In hierdie studie word aktiewe rol in besluitneming soos volg gedefinieer:

*Die ontwikkelende gemeenskap van Rundu se stem behoort gewig te dra wanneer besluite oor CDC-ontwikkelingsinisiatiewe geneem word* (Tabel 3.2).

Tydens die semigestruktureerde onderhoude het die meeste van die CDC-lede saamgestem dat die gemeenskap ʼn rol behoort te speel en mag (of te wel invloed) behoort te hê gedurende die besluitnemingsproses.

Een van die CDC-lede het aangevoer:

> Consultation has to be made. Otherwise, if I don't communicate with them, they will protest against it. So when information or anything comes into the community, you have to call the community together and share with them that this is the plan. If they approve, then we go forth; if they don't, then we have to go back to the board (that brought them the information) (and say) this is the input, this is the information that we got from our community. So decision-making is always in that line-channel of communication.

Alhoewel die algemene konsensus onder die CDC-lede was dat die ontwikkelende gemeenskap aktief betrokke behoort te wees tydens die besluitneming rakende ontwikkelingsinisiatiewe, blyk dit nie in die werklikheid te realiseer nie. Volgens die CDC-lede is die gemeenskap veronderstel om deel te neem aan besluitneming tydens gemeenskapsvergaderings, maar dat baie min gemeenskapslede hierdie vergaderings bywoon. Hierdie uitdaging ten opsigte van vergaderingbywoning bemoeilik die proses en lei daartoe dat die CDC's en hulle subkomitee soms namens die gemeenskap besluite neem.

Een van die CDC-lede het gesê:

> You will find that you call a meeting and end up being four or six sitting there; if you keep on postponing you will just keep on postponing … Yes you continue with four, you share the information, but will not be able to make a decision because you need to form a quorum … Most of the time the committee will make a decision on behalf of the community member. This is not proper because by the time this information comes back to them they are not aware, and they will end up complaining that they were not consulted.

Een van die moontlike redes wat aangevoer is vir die swak bywoning van CDC gemeenskapsvergaderings is omdat die gemeenskap nie daarvan oortuig is dat dit hulle enigsins iets gaan baat om hierdie veranderings by te woon nie, veral binne die konteks waar die gemeenskapslede nie die luukse het om tyd te spandeer aan vergaderings waarvan hulle nie die direkte voordeel vir hulself sien nie.

Een van die CDC-lede het dit soos volg opgesom:

> Maybe, to guess, the reason is just an issue of seeing they are wasting their time by sitting in a meeting which is not bringing anything at the end of the day … this person is surviving on a daily vending business and by going to that meeting and sitting there that person is losing. 'Now should I go to a meeting and sleep hungry or should I go sell my tomatoes" … To leave her business and come to a meeting … they see to it as a loss and waste of time.

ʼn Ander CDC-lede het hierdie idee, dat die gemeenskap voel dat hulle deelname nie werklik ʼn verskil gaan maak nie en ook geen voordeel vir hulle inhou nie, verder beklemtoon:

> They are tired, they are fed-up with empty promises from our leaders. 'Vote for me, I will do this for you' (they say). After that the particular leader will sit in office and will only think about himself. And then, what are you expecting after five years when your term comes to an end and again call meetings? People will not attend. If leaders will live up to their promises … Normally we see leaders during the campaign, but after the campaign it is not easy to see the leaders. That is the reason why people are fed-up, they don't want to attend meetings.

ŉ CDC-lid het benadruk:

> Yes, that is our feeling, because it could do much better, if the CDC on the ground could have that much power. For example, in my location there was a time when we demanded a gravel road, so they came and gave us gravel. Later on, gravel was there but we don't have sewage pipes ... Now another person comes in doing the sewage, forgetting that these people wanted a road first. Later on they wanted to be connected to the sewage after this person finished putting in the sewage without returning the road He left us again without a proper road again and people are getting stuck again' if (they) could only understand that they should do this one first and then the other one, so that it does not affect the other.

ŉ Verdere kwessie wat ontbloot is deur van die CDC-lede ten opsigte van gemeenskapsdeelname aan besluitneming, is die feit dat meer mag by die dorpsraad van Rundu lê as by die CDC. Uit die deelnemers se response kon die navorser die afleiding maak dat die CDC-lede self die oortuiging het dat hulle nie beduidend baie mag het om regtig groot verskille te maak nie. Dit impliseer dat hoewel die geleentheid daargestel word vir die CDC-lede om die gemeenskapslede in hul onderskeie kiesafdelings se persepsies in te win, die dorpsraad en streeksraad dikwels nog steeds besluite neem sonder om hierdie inligting in ag te neem. Hieruit kan afgelei word dat die CDC-lede in ŉ mate verstaan waarom die gemeenskapslede voel dat hul deelname aan CDC-vergaderings nie werklik ŉ invloed op hul omstandighede gaan hê nie.

Aan die een kant is dit belangrik om in ag te neem dat die dorpsraad ŉ regeringsinstelling is wat in sekere situasies meer mag het om besluite te neem as die CDC, wat ŉ komitee is wat spesifiek op ontwikkeling fokus. Aan die anderkant werk die CDC op voetsoolvlak met die gemeenskap en behoort daar ag op hulle voorstelle ten opsigte van ontwikkelingsinisiatiewe of -kwessies geslaan te word. Die veronderstelling is dat die CDC die skakel tussen die ontwikkelende gemeenskap en die regering op dorps- en streeksvlak is; dus behoort die CDC se voorstelle die behoeftes van die gemeenskap te weerspieël. Daar behoort egter ŉ fyn balans tussen rolspelers gehandhaaf te word ten opsigte van die mag om besluite te neem, veral dan binne die konteks van ontwikkeling.

Een van die CDC-lede het ŉ voorbeeld gegee van die dorpsraad se mag om besluite te neem:

> They just bring the water, for instance. They just put in the pipes and everyone goes to their own home. The community is not consulted again; the power to make decisions is with the town council.

Vanuit die bostaande bespreking blyk dit duidelik dat die CDC-lede meen dat die ontwikkelende gemeenskap van Rundu minimaal deelneem aan die besluitneming rakende ontwikkelingsinisiatiewe. Verder is dit duidelik, vanuit die CDC-lede se persepsies, dat die deelname aan besluitneming wat wel bestaan nie as 'aktief' beskryf kan word nie.

Vanuit die CDC-lede se terugvoer blyk dit dat die geleentheid vir deelname aan besluitneming daargestel word, maar dat die gemeenskap eerder die keuse maak om nie deel te neem nie. Wat baie kommerwekkend is, is die moontlike redes waarom die ontwikkelende gemeenskap nie wil deelneem nie: die CDC-lede argumenteer dat die gemeenskap nie die nut van deelname sien nie omdat hulle nie glo dat hulle daarby gaan baat vind nie, veral gegewe die situasie dat besluite meestal deur die streeksraad geneem word sonder om die gemeenskap se insette in ag te neem. Hieruit kan afgelei word dat die gemeenskap moontlik korrek is in hul aanname dat hulle insette nie ŉ verskil gaan maak in die finale besluite wat geneem word nie.

Die gevolgtrekking wat gemaak kan word, is dat die ontwikkelende gemeenskap van Rundu se stem nie voldoende gewig dra wanneer dit kom by besluitneming oor CDC-ontwikkelingsinisiatiewe nie.

### 4.2.2. Aktiewe rol in beplanning

In hierdie studie word aktiewe rol in beplanning só gedefinieer:

*Die ontwikkelende gemeenskap van Rundu se insette behoort gereflekteer te word in die planne wat die CDC eindelik maak* (sien Tabel 3.2)*.*

Daar was nie ŉ algemene konsensus onder die CDC-lede oor die rol wat die ontwikkelende gemeenskap behoort te speel ten opsigte van beplanning nie. Dit blyk asof die gemeenskap se deelname aan die beplanning van CDC-ontwikkelingsinisiatiewe nie deur die CDC-lede as belangrik beskou is nie.

Soos in die vorige afdeling bespreek, wil dit voorkom asof die gemeenskapsvergaderings baie swak bygewoon word, wat die vraag laat ontstaan van hoeveel gemeenskapsinsette werklik ingewin word voordat planne saamgestel word.

Een van die CDC-lede het die situasie soos volg beskryf:

> That's supposed to be the big idea, even though the community is the ones who are failing to turn up at those meetings in order to make proper contributions … We are not getting the proper solutions.

Hierdie (beweerde) nie-bywoning van CDC-gemeenskapsvergaderings kan duidelik daartoe bydra dat die gemeenskap se stem nie gehoor word nie. Die vraag kan seker ook gestel word of dit al wyse is waarop die CDC die mening van die gemeenskap kan hoor.

Voorts het die CDC-lid uitgebrei oor gemeenskapsdeelname aan beplanning:

> When any development (idea) is brought to the community it is presented to the community, its leadership and the CDC. It is now up to the community to approve or disapprove these plans. If we approve, we have to move forth with the plan; that means the community has to bring their input towards the planning… It is up to all parts (of the community) to come together and share ideas.

Hierdie CDC-lid het ook aangevoer dat die gemeenskap se insette genoegsame deelname aan die beplanningsproses is. Hierdie deelname van die gemeenskap se kant is dikwels bloot daarop gemik om kennis te neem van planne, of dit goed te keur wat reeds gemaak is. Hierdie planne word dus net aan die gemeenskap voorgelê; die gemeenskap kan nie (of wil nie) aktief daaraan deelneem om planne op die tafel te sit nie.

Die gedagte dat die deel van gemeenskapsinsette op reeds bestaande planne genoegsaam is, is verder problematies omdat dit die CDC en streeksraad onder geen verpligting plaas om hierdie insette in ag te neem of uit te voer nie. Hierdie situasie kan daartoe lei dat die ontwikkelende gemeenskap se insette nie weerspieël word in beplanning nie.

Die afleiding kan gemaak word dat die CDC-lede meen dat die gemeenskap nie aktief deel gemaak word van die beplanningsproses nie, maar dat die meeste van die beplanning deur die streeksraad en die CDC geskied. Dit kom verder voor asof sommige van die CDC-lede nie juis bekommerd is oor hierdie gebrek aan deelname nie en dit nie as belangrik beskou word nie.

Een van die ander CDC-lede se beskrywing van die situasie sluit nou aan by die vorige aanhaling:

> The community is sometimes included, not always. Sometimes they (the town council) will plan alone and call us and tell us that this is on the table; they just tell us to go tell the community.

Vanuit bostaande wil dit voorkom asof die gemeenskap meestal nie deelneem aan beplanning nie, maar dat reeds geformuleerde planne aan die gemeenskap voorgelê word waarop daar dan terugvoer gegee kan word.

Toe daar gevra is hoe die beplanningsproses werk, het een van die CDC-lede dit soos volg verduidelik:

> As a CDC we have our own meetings, sitting around the table and making our plans. So after that meeting, or after our planning, we say: 'Mr Chair or Mr Secretary, you are going to talk about plan A. This is how you have to share it with the community.' These are the plans we as leaders have, so we have the input from the community, what are they thinking, regarding the ideas that the leader or the CDC has brought to the table. So now we see the community bring in their ideas and we have to consider all the ideas that comes in.

Hierdie persepsie oor die gemeenskap se deelname aan die beplanning van CDC-ontwikkelingsinisiatiewe, verskil effens van dié van die ander deelnemers. Alhoewel hierdie CDC-lid dit duidelik maak dat daar ŉ geleentheid vir die gemeenskap is om deel te neem aan die beplanning, blyk dit steeds duidelik dat daar planne gemaak word sonder die gemeenskap se insette en dat hierdie planne dan slegs aan die gemeenskap voorgelê word vir goedkeuring.

ŉ Verdere kwessie wat in hierdie verband ontbloot is, is die feit dat daar nie genoegsame terugvoer aan die gemeenskap gegee word nie. Terugvoer is belangrik omdat dit vir die gemeenskap ŉ bewys is dat die CDC en die dorpsraad na hulle geluister het en hulle voorstelle of persepsies in ag probeer neem. Wanneer terugvoer nie ŉ belangrike deel van die beplanningsproses is nie, kan daar nie gedeelde mag wees nie. Hierdie gebrekkige terugvoer kan bydraend wees tot die gemeenskap se persepsie dat dit hulle nie baat om CDC-vergaderings by te woon nie en hul keuse om dit nie by te woon nie.

Dus kan die gevolgtrekking gemaak word dat dit die persepsie van die CDC is dat die planne wat hulle uiteindelik maak nie die insette van die ontwikkelende gemeenskap van Rundu genoegsaam reflekteer nie aangesien die gemeenskap nie van die begin af deelneem aan die beplanningsproses nie.

#### 4.2.3. Aktiewe rol in implementering

Vir die doel van hierdie studie is aktiewe rol in implementering as volg gedefinieer:

*Die ontwikkelende gemeenskap van Rundu behoort verantwoordelikhede te hê om te vervul tydens die implementering van CDC-ontwikkelingsinisiatiewe* (Tabel 3.2).

Al vier CDC-lede het saamgestem dat gemeenskapsdeelname tydens die implementering van CDC-ontwikkelingsinisiatiewe belangrik is, maar hulle het wel verskil oor die mate van deelname wat hulle as wenslik beskou.

Een van die CDC-lede het aangevoer:

> It (participation) is very much important, because it is their (communities') things. It is very important that the community participates with any development …

Die bostaande respons beklemtoon waarom gemeenskapsdeelname belangrik sou wees, maar dit verduidelik nie tot watter mate gemeenskappe wel deelneem of die geleentheid aan deelname het nie. Vanuit die CDC-lede se respons het dit oor die algemeen voorgekom asof daar baie min gemeenskapsdeelname aan die implementering van CDC-ontwikkelingsinisiatiewe is, en verder dat die deelname wat wel plaasvind baie oppervlakkig van aard is.

Een van die ander CDC-lede het verder op hierdie argument uitgebrei:

> The community must also make inputs, not only demand, demand. (The community should) not only sit down and say 'we want water' but make no input. Because now the government is the one to dig and put the pipes in. You see, if we are talking about lack of money this community is supposed to organise themselves through CDC … to dig a trench where we can put the pipe. That could be much better. It has been something that, I believe, others in the north have been doing. If we can take an example from others, maybe it can help.

Die mening van hierdie CDC-lid beklemtoon dat gemeenskappe in ander gebiede meer aktief moet deelneem aan implementering, maar dat dit klaarblyklik nie in die ontwikkelende gemeenskap van Rundu die geval is nie. Vanuit die CDC-lede se respons kan die afleiding gemaak word dat hulle verhoogde gemeenskapsdeelname aan implementering van ontwikkelingsinisiatiewe verlang.

Soos wat daar in die bostaande afdeling aangedui is (naamlik dat die gemeenskap nie die waarde daarin sien om aan CDC-ontwikkelingsinisiatiewe deel te neem nie), blyk dit ook die geval te wees wanneer dit by die implementering kom.

Een van die CDC-lede het aangevoer dat:

> You see people are not participating 100% in the development; they are only participating by doing their own businesses. You see they are having their projects which they are running so that they can also bring something to the nation by doing their own project.

Vanuit die bostaande blyk dit dat daar 'n ernstige probleem is met deelname van gemeenskapslede aan die implementering van ontwikkelingsinisiatiewe, en dit kom voor asof die ontwikkelende gemeenskap van Rundu nie wil deelneem aan die implementering van CDC-ontwikkelingsinisiatiewe nie. Dit is egter nie vanuit die CDC-lede se kommentaar duidelik watter geleenthede daar vir die gemeenskap bestaan, of geskep word, om aktief deel te neem aan implementering nie. Wanneer die ontwikkelende gemeenskap nie aktief deelneem aan

ontwikkelingsinisiatiewe nie, kan dit ŉ baie negatiewe invloed op die sukses van sulke inisiatiewe hê.

Hoewel die meerderheid van die CDC-lede se response ten opsigte van deelname aan implementering negatief was, het een van die CDC-lede later genoem dat die gemeenskap eerder sal deelneem aan implementering as aan beplanning of besluitneming. Die rede hiervoor was *word-of-mouth:* wanneer sommige gemeenskapslede deelneem aan die implementering en dinge gebeur, dra hulle dit so oor aan die res van die gemeenskap, wat dan algehele deelname aan die inisiatiewe verhoog.

Die CDC-lid het dit soos volg verduidelik:

> They only participate when they see that maybe … 20% participate. They will see that there are good things (happening) there and then they will tell others that. Then they will definitely come. .

### 4.2.4. Gedeelde mag

Vir hierdie studie se doeleindes word gedeelde mag as volg definieer:

*ŉ Verhouding waar beide die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu mag deel ten opsigte van besluitneming en beplanning van ontwikkelingsinisiatiewe* (Tabel 3.2).

Die CDC-lede het nie beduidend uitgebrei oor gedeelde mag nie, maar die onderstaande afleidings word uit hul antwoorde op ander vrae gemaak.

In die bespreking oor die gemeenskap se deelname aan besluitneming is reeds argumente gemaak oor mag. Vanuit die onderhoude het dit geblyk of dit die oortuiging van die CDC-lede is dat hulle minder mag het om besluite tot uitvoering te bring as die plaaslike regering. Verder is daar vasgestel dat die ontwikkelende gemeenskap nie aktief deelneem aan besluitneming binne die konteks van ontwikkeling nie (sien argumente 4.2.1).

Voorts is daar vasgestel dat die ontwikkelende gemeenskap nie aktief deelneem aan die beplanning van CDC-ontwikkelingsinisiatiewe nie (sien 4.2.2).

Slegs een CDC-lid het uitgebrei oor mag Toe die CDC-lid gevra is of hy iets in die proses sou verander, het hy geantwoord:

> The way decisions are made … the CDC should not have all the power to make decisions.

Vanuit hierdie CDC-lid se antwoord blyk dit sy mening te wees dat die CDC minder mag moet hê ten opsigte van besluitneming.

Dit blyk die persepsie van die CDC-lede te wees dat daar nie ’n gebalanseerde magsverhouding tussen hulle en die ontwikkelende gemeenskap bestaan nie. Voorts kan daar gesê word dat die ontwikkelende gemeenskap nie deel in die mag om besluite of beplanning ten opsigte van ontwikkeling te beïnvloed nie.

#### 4.2.5. Gedeelde verantwoordelikheid

Gedeelde verantwoordelikheid word binne die konteks van hierdie studie as volg definieer:

*’n Verhouding waar beide die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu deel in verantwoordelikhede ten opsigte van besluitneming en die uitkomstes van die ontwikkelingsinisiatiewe* (Tabel 3.2).

Die CDC-lede het nie baie uitgebrei op die tema van verantwoordelikheid nie. Vanuit hulle response kan afgelei word dat die meeste CDC-lede ’n begrip het van hoe die gemeenskap verantwoordelikheid behoort te neem vir die implementering van ontwikkelingsinisiatiewe, maar dat dit nie realiseer nie. As gevolg hiervan neem die CDC dan daardie verantwoordelikhede oor.

Een van die CDC-lede se persepsie was:

> I think responsibility is on both sides. For instance if we are running a water project, the leadership has got to come up with plans and resources and come to the community with our needs … (so) we can work together. Otherwise we also have sub-committees that help the CDC … a leader from the CDC will coordinate these activities.

Die afleiding kan gemaak word dat die ontwikkelende gemeenskap slegs verantwoordelikhede het in terme van implementering, en selfs in hierdie fase is die deelname verantwoordelikheid baie beperk. Wanneer dit kom by beplanning en indirek by besluitneming blyk dit of die CDC in beheer is. Hierdie situasie kan problematies wees en ook daartoe aanleiding gee dat die ontwikkelende gemeenskap nie ywerig deelneem aan die implementering nie. Verder kan hierdie gebrek aan delegering van mag en verantwoordelikhede veroorsaak dat die ontwikkelende gemeenskap van Rundu slegs blaam op die regering en die CDC plaas wanneer ontwikkelingsinisiatiewe nie suksesvol geskied nie, maar nie self verantwoordelikheid daarvoor neem nie. Dit blyk dat die ontwikkelende gemeenskap van Rundu verantwoordelikhede behoort te hê, maar dat hulle nie hierdie verantwoordelikheid nakom nie. Voorts lyk dit of projekte steeds geïmplementeer word al bring die ontwikkelende gemeenskap klaarblyklik nie hulle kant nie, wat dit kan laat lyk asof die gemeenskap nie regtig verantwoordelikheid het nie. Die argument kan ook gemaak word dat die CDC nie vir die gemeenskap verantwoordelikhede gee ten opsigte van ontwikkeling nie.

Uit die CDC-lede se response kan die afleiding gemaak word dat die ontwikkelende gemeenskap van Rundu nie daaraan waarde heg om deel te neem nie. Hierdie situasie is baie problematies aangesien ontwikkeling nie suksesvol kan geskied as die ontwikkelende gemeenskap nie ook verantwoordelikheid daarvoor neem nie. Verder wil dit voorkom asof die ontwikkelende gemeenskap van Rundu apaties is teenoor die ontwikkeling van hul kiesafdelings. ŉ Moontlike rede hiervoor kan wees dat die ontwikkelende gemeenskap bepaald minder mag tydens die besluitneming en beplanning van CDC-ontwikkelingsinisiatiewe het en dit daarom nie as belangrik beskou nie.

*4.2.4.1. Gevolgtrekking oor deelname*

Dit blyk vanuit die bostaande bespreking dat die CDC-lede van mening is dat die ontwikkelende gemeenskap van Rundu nie genoegsaam deelneem aan CDC-ontwikkelingsinisiatiewe nie. Een van die grootste bydraende faktore hiervoor is die feit dat die gemeenskap nie CDC-vergaderings bywoon nie. Die persepsie bestaan dat die gemeenskap kies om nie hierdie vergaderings by te woon nie omdat hulle van mening is dat hulle niks daarby baat nie en dat dit nie tot hul voordeel sal wees om dit by te woon nie. Hierdie nie-bywoning van CDC-gemeenskapsvergaderings veroorsaak ŉ sneeubaleffek – omdat die gemeenskap nie opdaag vir CDC-vergaderings nie kan hulle nie ŉ aktiewe rol in besluitneming vervul nie. Voorts dra dit daartoe by dat hulle stem nie gehoor word tydens die beplanningsfase nie. Hierdie sneeubaleffek dra ook daartoe by dat die ontwikkelende gemeenskap nie deel in die mag van besluitneming en beplanning nie. Verder veroorsaak dit dat die ontwikkelende gemeenskap nie genoegsame verantwoordelikhede het ten opsigte van ontwikkelingsinisiatiewe nie en ook nie andersins aktief deelneem aan die implementering van die inisiatiewe nie.

Dit het aan die lig gekom tydens die semigestruktureerde onderhoude dat daar nie genoeg platforms vir deelname vir die gemeenskap daargestel word nie, wat ŉ verdere negatiewe invloed het op gemeenskapslede se deelname aan die implementering van ontwikkelingsinisiatiewe.

Vanuit die bostaande blyk dit dat die CDC-lede van mening is dat die ontwikkelende gemeenskap van Rundu nie ŉ aktiewe rol tydens die besluitneming, beplanning of die implementering van ontwikkelingsinisiatiewe vertolk nie. Gevolglik neem die gemeenskap nie deel aan die ontwikkelingsinisiatiewe soos in die deelnemende benadering voorgestaan word nie. Hierdie nie-deelname vanaf die gemeenskap strook nie met die beleid van desentralisasie wat die Namibiese regering voor staan nie (sien 1.1).

## 4.3. Dialoog

Die teoretiese stelling vir dialoog is as volg uiteengesit:

*Die kommunikasie tussen die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu behoort 'n gereelde proses van horisontale tweerigtingkommunikasie te wees binne die konteks van gelyke mag ten einde gedeelde begrip vir mekaar en die ontwikkelingsituasie te skep en 'n vertrouensverhouding daar te stel* (3.5.1).

Die konstrukte vir dialoog, soos uiteen gesit in hierdie studie is: gereelde proses, horisontale kommunikasie, tweerigtingkommunikasie, gedeelde en wedersydse begrip en vertrouensverhouding (Tabel 3.2).

### 4.3.1. Gereelde proses

Die operasionele definisie vir gereelde proses is:

*Kommunikasie tussen die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu behoort op 'n gereelde basis te geskied, waar sekere platforms vir terugvoer altyd oop is vir die gemeenskap* (Tabel 3.2).

Vanuit die semigestruktureerde onderhoude met die CDC-lede blyk dit dat gemeenskapsvergaderings die belangrikste platform is wat die CDC-lede gebruik om in gesprek met die ontwikkelende gemeenskap te tree.

Hoewel al die CDC-lede gemeenskapsvergaderings hou, blyk dit dat daar geensins konsensus onder die CDC-lede bestaan oor hoe gereeld hierdie vergaderings gehou moet word nie. Een van die CDC-lede hou twee keer per kwartaal 'n vergadering terwyl van die ander CDC-lede maandeliks vergaderings hou.

Een van die CDC-lede het gesê:

> We have what we call community meetings, which are scheduled monthly or weekly.

'n Ander CDC-lid het oor die gereeldheid van vergaderings aangevoer:

> We have them at least twice in 3 months, unless there is an urgent matter that needs attention, then we see how we can squeeze it (a meeting) in

Die afleiding word gevolglik gemaak dat daar nie duidelike riglyne daargestel is wat vir die CDC-lede voorskryf hoe gereeld gemeenskapsvergaderings gehou behoort te word nie. Daar is verder ook aangevoer dat die raadslid soms vra dat gemeenskapsvergaderings in sekere

kiesafdelings gehou moet word. In só ŉ geval moet die CDC-lid ook ŉ gemeenskapsvergadering reël.

Al die CDC-lede het aangevoer dat die ontwikkelende gemeenskap nie slegs van vergaderings gebruik maak om met hulle te kommunikeer nie. Die CDC se gemeenskapsvergaderings is wel die formele platform vir gespreksvoering tussen die CDC en die ontwikkelende gemeenskap, maar daar is ook informele platforms beskikbaar waarvan die gemeenskap gebruik maak. Dit wil voorkom asof gemeenskapslede die inisiatief neem om CDC-lede persoonlik te gaan sien wanneer hulle iets wil bespreek.

Een CDC-lid het dit soos volg verduidelik:

> Community members don't wait for a meeting in order to air their problems. Sometimes they come to your house. If it is working hours they even come to your workplace.

'n Ander CDC-lid het hierby aangesluit deur te sê:

> Whenever the community is having a problem they meet us at our houses. That is how we communicate. In the road, whenever you walk, they bring their problems and concerns.

Vanuit die bostaande blyk dit duidelik dat die CDC-lede nie op ŉ gereelde basis formele kommunikasiegeleenthede daarstel nie. Hierdie vergaderings is baie belangrik omdat dit die platform is wat vir die ontwikkelende gemeenskap van Rundu die geleentheid gee om deel te neem aan die beplanning en besluitneming van CDC-ontwikkelingsinisiatiewe. Gevolglik sou daar meer gereeld sulke gemeenskapsvergaderings gehou behoort te word. Dit is voorts belangrik dat die hele gemeenskap kennis daarvan dra sodat hierdie platform gebruik kan word. Die realiteit, dat bitter min mense hierdie vergaderings enigsins bywoon, kan ŉ aanduiding wees dat daar ander kommunikasiegeleenthede geskep behoort te word waar die gemeenskap met die CDC-lede asook met mekaar in gesprek kan tree.

Wat wel positief is, is die feit dat al die CDC-lede op baie informele wyses met die ontwikkelende gemeenskap kommunikeer. Hierdie informele gesprekvoering kan dien as platforms vir insette omdat dit gemik is op individue en nie op die ontwikkelende kiesafdeling as geheel nie. Hierdie een-tot-een-kommunikasie kan egter nie gesprekvoering in die gemeenskap vervang nie, omdat die gemeenskapslede nie met mekaar in gesprek kan tree oor hulle gedeelde ontwikkelingskwessies en -behoeftes nie.

Dit blyk uit bostaande dat formele kommunikasie tussen die CDC en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu nie gereeld genoeg geskied nie en dat die platforms nie effektief benut word nie, maar dat informele gesprekvoering op ŉ meer gereelde basis wel plaasvind. Voorts blyk dit of daar nie genoegsaam amptelike kanale vir terugvoer aan die gemeenskap

is nie, een rede hiervoor kan moontlik wees omdat daar nie gereeld vergaderings gehou word nie en ŉ ander moontlike faktor kan wees die feit dat die gemeenskap nie gereeld vergaderings bywoon nie. Terugvoer is ŉ belangrike deel van gesprekvoering die CDC gaan doelbewus daarop moet klem lê.

#### 4.3.2. Horisontale kommunikasie

Horisontale kommunikasie is as volg gedefinieer:

*Tydens die kommunikasie tussen die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap behoort alle partye se stem ewe veel gewig te dra* (Tabel 3.2).

Daar is tydens die semigestruktureerde onderhoude vir die CDC-lede gevra hoe die vloei van gesprekvoering by hulle gemeenskapsvergaderings geskied. Meeste van die CDC-lede het saamgestem dat hulle as CDC-voorsitters die vergaderings lei. Die CDC-voorsitter gee dan geleentheid vir die gemeenskapslede om hulle insette of voorstelle te maak. Dit is wel belangrik om te onthou dat die CDC tydens hierdie kommunikasieproses optree as skakel tussen die ontwikkelende gemeenskap van Rundu en Rundu se streeksraad. By die streeksraad verteenwoordig die CDC-lede die ontwikkelende gemeenskap en tydens CDC-gemeenskapsvergaderings verteenwoordig hulle die plaaslike regering.

Daar is vir hierdie CDC-lid gevra wat met die gemeenskap se voorstelle tydens CDC-gemeenskapsvergaderings gemaak word en of enige van die gemeenskap se voorstelle of idees ooit geïmplementeer word. Hierdie opvolgvraag wou toets hoeveel gewig die ontwikkelende gemeenskap van Rundu se stem in die werklikheid dra en of die gemeenskap slegs gekonsulteer word en of die regering hulle stem en voorstelle as dié van gelykes hanteer.

Een CDC-lid het aangevoer:

> I think it is more helpful when you bring your ideas to the community and they their ideas and we try and implement the more suitable ideas. (I don't) necessarily mean implementing every idea, but try to balance the situation. It will not help when you bring ideas to the community and they bring in theirs, but you do not consider any of theirs. They will feel so left out.

Vanuit hierdie CDC-lid se antwoord kan die afleiding gemaak word dat die regering se stem tans meer gewig dra tydens die kommunikasieproses as dié van die ontwikkelende gemeenskap.

Een van die ander CDC-lede het ŉ ander probleem ontbloot ten opsigte van hierdie vloei van kommunikasie:

> The first communication is by inviting them to a meeting through the media. That might be the radio or an SMS. Once people come together we introduce the topic on the table and then we kick the ball to the community to discuss. The decision taken by that particular meeting should be communicated to the council. There are times when you want the council to come back to you on that particular issue, but it will sometimes take a year to get an answer - especially in Rundu urban, because our councillor is a member of the national council… So to get a response on the issue that you submitted is a problem. The people you are leading will end up thinking that you are a failure because you did not bring them the answer.

Hierdie CDC-lid het verder aangevoer dat die stadige terugvoer van Rundu se streeksraad die ontwikkelende gemeenskap van Rundu ontmoedig om CDC-gemeenskapsvergaderings by te woon.

ŉ Ander CDC-lid het hierdie problematiek verder verduidelik:

> Today they come and raise a problem. The other (next) meeting comes and there is no feedback regarding that particular problem. Another meeting comes and by the fourth meeting it is still the same. So by the time the answer comes, the person who asked it gave up and a different person is sitting there, listening to the answer (but) without knowing the background. This person … now has a different problem …

Daar kan vanuit hierdie CDC-lid se antwoorde die afleiding gemaak word dat ŉ wanbalans ten opsigte van mag in kommunikasieprosesse tussen die ontwikkelende gemeenskap van Rundu en die plaaslike regering bestaan. Hierdie wanbalans dui verder daarop dat die stem van die ontwikkelende gemeenskap minder gewig dra tydens die kommunikasieproses as dié van die regering. Verder kan hierdie wanbalans moontlik veroorsaak dat minder en minder gemeenskapslede gemotiveerd is om CDC-gemeenskapsvergaderings by te woon. Hierdie wanbalans kan ŉ bose kringloop tot gevolg hê waar die nie-bywoning van gemeenskapslede daartoe lei dat hulle minder mag het tydens die beplannings- en besluitnemingsfases van CDC-ontwikkelingsinisiatiewe. Só dra die ontwikkelende gemeenskap van Rundu se stem al hoe minder gewig in die kommunikasieproses.

Horisontale kommunikasie verlang dat die stemme van die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap ewe veel gewig dra tydens die kommunikasieproses. Uit die bostaande blyk dit duidelik dat dit nie die geval is nie. Die blaam vir hierdie wanbalans rus nie alleen op die skouers van die CDC-voorsitters nie. Wanneer die plaaslike regering nie spoedig met terugvoer op insette of klagtes van die ontwikkelende gemeenskap van Rundu na die CDC-lede kom nie, word die gesprek tussen die CDC-lid en die betrokke gemeenskapslid stopgesit.

#### 4.3.3. Tweerigtingkommunikasie

Vir die doeleindes van hierdie studie is tweerigtingkommunikasie as volg gedefinieer:

*Beide CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap het ewe veel geleentheid om deel te neem aan gesprekvoering en om na mekaar te luister* (Tabel 3.2).

Die vloei van kommunikasie tussen die CDC en die ontwikkelende gemeenskap is reeds in die bostaande bespreking verduidelik. Hierdie vloei wat uiteengesit is, veronderstel dat beide die CDC en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu die geleentheid het om deel te neem aan kommunikasie tydens CDC gemeenskapsvergaderings.

Een van die CDC-lede benadruk dat beide CDC-lede en die gemeenskap beurte kry om te praat tydens gemeenskapsvergaderings:

> So after the sharing and input from the community about … the ideas that the leader or the CDC had brought to the table … we have to consider the ideas and see what will support the plan …

Die swak bywoning van die gemeenskapsvergaderings is egter ŉ groot hindernis vir tweerigtingkommunikasie.

Terugvoer is ŉ belangrike deel van tweerigtingkommunikasie, maar binne die konteks van die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap is formele terugvoer op ontwikkelingskwessies soms moeilik om te gee. Die feit dat die CDC ŉ skakel is tussen die ontwikkelende gemeenskap en die streeksraad bemoeilik die proses verder. Die CDC kan nie noodwendig vir die ontwikkelende gemeenskap antwoorde gee nie, omdat kwessies wat in gemeenskapsvergaderings opgehaal word eers met die betrokke raadslid bespreek moet word.

Soos daar reeds in die voorafgaande bespreking verduidelik is, is terugvoer vanaf die dorpsraad ŉ probleem en hierdie situasie belemmer die kommunikasie tussen die CDC en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu.

Die afleiding kan gemaak word dat hierdie stadige proses van terugvoer op ontwikkelingskwessies gevolglik daartoe lei dat gemeenskapslede ophou om CDC-gemeenskapsvergaderings by te woon. Wanneer gemeenskapslede nie die CDC se vergaderings bywoon nie, verbeur hulle die geleentheid vir ŉ tweerigting-ontwikkelingsdiskoers wat moontlik volhoubare ontwikkeling kan help verwesenlik.

Voorts kan daar geargumenteer word dat daar nie werklik tweerigtingkommunikasie kan geskied sonder terugvoer nie. As daar nie terugvoer van die CDC na die ontwikkelende

gemeenskap oorgedra word nie, is daar nie werklik iets waarop die ontwikkelende gemeenskap respons kan lewer nie.

Vanuit die bostaande blyk dit dat die CDC-lede wel na die gemeenskap luister wanneer die gesprekvoering interpersoonlik van aard is. Een van die CDC-lede het gemaan dat dit uiters belangrik is dat hulle die gemeenskap se behoeftes probeer vervul omdat dit hulle verantwoordelikheid is. Daarteenoor is dit moeilik om binne die bestek van CDC-gemeenskapsvergaderings na mekaar te luister. Dit is bepaald moeiliker wanneer daar ŉ klomp mense is wat aan die gesprek deelneem. Voorts is dit moeilik om na iemand te luister wat bloot nie by die vergadering teenwoordig is nie. Die afleiding wat gevolglik gemaak kan word, is dat die CDC en die ontwikkelende gemeenskap nie werklik na mekaar luister nie, omdat die gesprek tussen die twee partye nooit só ver gaan dat daar werklik iets is om na te luister nie. Ware luistervaardighede word ingespan wanneer daar ŉ kompromie aangegaan moet word of wanneer ŉ besluit geneem moet word. Vanuit die semigestruktureerde onderhoude blyk dit dat daar weinig besluite binne CDC-gemeenskapsvergaderings geneem word.

Alhoewel daar informele en individuele gesprekvoering tussen die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu is, voldoen hierdie gesprekvoerings nie aan die riglyne van tweerigtingkommunikasie nie. Daar is amptelike geleentheid vir deelname aan gesprekvoering, maar hierdie geleentheid word in ŉ klein mate benut omdat min gemeenskapslede CDC-gemeenskapsvergaderings bywoon. Voorts word die proses van tweerigtingkommunikasie bemoeilik vanweë die feit dat die CDC net die kommunikasieskakel tussen die dorpsraad en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu is. Omdat die CDC eers moet wag vir terugvoer of ŉ antwoord vanaf bepaalde raadslede kan daar nie werklik binne gemeenskapsvergaderings gesprek gevoer word oor ontwikkeling nie. Die gesprekvoerings tussen die CDC en die ontwikkelende gemeenskap kan in ŉ mate getipeer word as oppervlakkig, want in CDC gemeenskapsvergaderings lei die CDC die vergaderings met agendas wat reeds bepaal is. Die gemeenskap kan dan hulle insette daarop lewer of ander kwessies ophaal. Hierdie siklus veroorsaak dat daar nie geluister word om te verstaan nie. Gevolglik kan die kommunikasie tussen die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu nie gekenmerk word as tweerigting van aard nie.

#### 4.3.4. Gedeelde en wedersydse begrip

Die operasionele definisie vir gedeelde en wedersydse begrip lees as volg:

*ŉ Verhouding waar beide die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu begrip het vir mekaar en die ontwikkelende situasie waarin hulle is* (Tabel 3.2).

Die meeste van die CDC-lede het saamgestem dat daar ŉ goeie mate van gedeelde begrip tussen hulle en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu is, maar nie van wedersydse begrip nie. Van die CDC-lede het aangevoer dat daar gedeelde begrip is omdat hulle self in hierdie gemeenskappe woon.

Een van die CDC-lede het verduidelik:

> We stay with the people, we sleep with the people, we wake up with the people, we are always with the people.

Aangesien die CDC-lede in dieselfde gebied as die ontwikkelende gemeenskappe woon, is dit moontlik dat daar ŉ verhouding van gedeelde begrip vir die ontwikkelingsituasie is. Die CDC-lede is nie buitestanders vir wie die ontwikkelende gemeenskap slegs hulle insette, bekommernisse en probleme bring nie; hulle leef saam met die gemeenskap en daarom is hulle vertroud met die verskeie ontwikkelingskwessies in hul onderskeie kiesafdelings.

Binne die konteks van die CDC en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu is dit moeiliker om werklik ŉ verhouding van wedersydse begrip vir mekaar se realiteite daar te stel. Die rede hiervoor is dat die CDC die regering op voetsoolvlak verteenwoordig en die direkte skakel tussen die ontwikkelende gemeenskap en die plaaslike regering van Rundu is. Die CDC is die middelman wat beide die regering en die gemeenskap moet verteenwoordig. Hierdie situasie kan bydra tot probleme met wedersydse begrip omdat die ontwikkelende gemeenskap die situasie vanuit hul eie perspektief sien en nie noodwendig verstaan dat die CDC ook die regering se belange moet prioritiseer nie. Verder gaan die regering altyd meer mag hê om besluite te neem en hierdie magswanbalans kan moontlik daartoe lei dat daar nie ŉ verhouding van wedersydse begrip tussen die CDC en ontwikkelende gemeenskap van Rundu kan wees nie. Gemeenskapslede kan voel dat hulle opinies of voorstelle minder belangrik is as dit wat die regering self voorstel.

Een van die CDC-lede het ŉ verdere hindernis beklemtoon:

> You are leading people who belong to different political organisations and these people they know you. They know that you belong to a particular party. Sometimes when you take a decision they will say, 'Agh, it is because he is from this party'. Certain people will be happy, but not everyone will be happy due to their own reasons and own understanding.

Vanuit die bostaande blyk dit dat daar nie tans veel wedersydse begrip tussen die CDC en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu is nie. Dié verhouding is ingewikkeld, omdat dit tussen die regering en ontwikkelende gemeenskap is, maar ook omdat die CDC-lede individue is wat deel is van die ontwikkelende gemeenskap, individue wat die amp van CDC-lid ingeneem het.

Dit blyk die persepsie van die CDC-lede te wees dat daar gedeelde begrip tussen hulle en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu is met betrekking tot die ontwikkelingskwessies en realiteite wat die gemeenskap in die gesig staar. Hierdie gedeelde begrip is belangrik omdat dit die weg baan vir ŉ vertrouensverhouding tussen die CDC en die ontwikkelende gemeenskap.

Hoewel dit blyk asof daar ŉ goeie verhouding van gedeelde begrip vir die situasie is, is daar nie tans genoegsame wedersydse begrip vir mekaar se posisies is nie. Die proses word bemoeilik deur ŉ paar faktore, wat meestal polities gedrewe is. Wedersydse begrip is van belang om te verseker dat sosiale ontwikkeling volhoubaar uitgevoer kan word. Dit is dus noodsaaklik dat meer aandag gevestig word op ŉ verhouding van wedersydse begrip tussen die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu. Dit blyk gevolglik die persepsie van die CDC-lede te wees dat daar ŉ goeie mate van gedeelde begrip is, maar nie genoegsame wedersydse begrip vir mekaar of die ontwikkelingsituasie nie.

#### 4.3.5. Vertrouensverhouding

Vir hierdie studie se doeleindes is vertrouensverhouding só gedefinieer:

*ŉ Verhouding waar die ontwikkelende gemeenskap glo hulle belange word op die hart gedra en beskerm en waar die CDC-lede op hulle beurt die gemeenskap vertrou om verantwoordelik deel te neem aan die proses* (Tabel 3.2).

Al die CDC-lede het saamgestem dat daar ŉ vertrouensverhouding tussen hulle en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu is. Vir die meeste CDC-lede is die feit dat hulle verkies of herverkies is as CDC-lid ŉ bevestiging van die ontwikkelende gemeenskap se vertroue in hulle vermoëns.

Een van die CDC-lede het verduidelik:

> Of course, definitely yes. That’s why you were elected to represent them and they have trust in you that at a higher level you are able to represent them.

ŉ Ander CDC-lid het hierdie idee ondersteun:

> Based on what happened in my absence (they elected him as CDC member), I think that they do have trust in me.

Meeste van die CDC-lede het saamgestem dat die ontwikkelende gemeenskap die CDC vertrou om hulle belange en bekommernisse aan die streeksraad oor te dra. Die meeste van die CDC-lede het ook saamgestem dat hulle hierdie rol wel vervul en dit ernstig opneem.

Een CDC-lid het aangevoer:

> The community entrusted (you with the) responsibility. You also need to consider their pleas and make sure that nothing is done in vain. Everything that is brought into your office must be attended to … they will then see that this leadership … is really helping us and not only saying 'I am there as a chairperson and I have to do what I think of but I don't need to be told anything'.

Alhoewel dit baie belangrik is dat die ontwikkelende gemeenskap oortuig is dat hulle die CDC-lede kan vertrou om hulle by die streeksraad te verteenwoordig, is dit net so belangrik dat die CDC die ontwikkelende gemeenskap kan vertrou. ŉ Verhouding beteken dat alle betrokke partye dieselfde persepsie van die verhouding behoort te hê. Gevolglik kan vertroue nie slegs eenrigting wees nie; dit is belangrik dat die CDC ook die ontwikkelende gemeenskap kan vertrou om hulle kant te bring binne die konteks van ontwikkelingsinisiatiewe. Hierdie wedersydse vertroue is so belangrik omdat beide die CDC en die ontwikkelende gemeenskap saam behoort te werk om sosiale verandering in die verskeie kiesafdelings te verwesenlik.

ŉ CDC-lid het benadruk:

> Yes, you can see if you are working together with the community. You must have a trust in you and you must also have a trust in them.

Dit blyk vanuit die bostaande dat die persepsie van die CDC-lede is dat die ontwikkelende gemeenskap van Rundu die CDC-lede vertrou om hul belange op die hart te dra en om dit te verteenwoordig by die plaaslike regering. Verder kan die afleiding gemaak word dat die CDC-lede hierdie taak ernstig opneem en sover moontlik probeer om die gemeenskap se stem te wees by die streeksraad. Voorts kan die argument gemaak word dat die CDC-lede nie ŉ beduidende mate van vertroue in die ontwikkelende gemeenskap van Rundu het nie. Hierdie mate van vertroue spruit uit die feit dat dit blyk asof die ontwikkelende gemeenskap van Rundu nie hulle kant bring nie (soos in geargumenteer 4.2.3). Die vertroue waarvan die CDC-lid in sy respons verwys, sê hoe die verhouding behoort te lyk en weerspieël nie noodwendig die huidige werklikheid nie. Dit blyk die persepsie van die CDC-lede te wees dat daar ŉ vertrouensverhouding tussen hulle en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu bestaan. Alhoewel daar ŉ mate van vertroue aan die kant van die ontwikkelende gemeenskap is, behoort hierdie verhouding versterk te word ten einde te verseker dat beide die CDC en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu mekaar as vennote in die ontwikkelingsproses kan vertrou.

#### *4.3.5.1. Gevolgtrekking oor dialoog*

Vanuit die bostaande bespreking kan die volgende afleidings gemaak word oor die persepsies van die CDC-lede oor die kommunikasie tussen hulle en die ontwikkelende gemeenskap van

Rundu: Formele kommunikasie tussen die CDC en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu is nie ’n gereelde proses nie. Vergaderings is die primêre geleentheid vir kommunikasie en dit geskied omtrent een keer elke drie maande en word boonop baie swak bygewoon. Alhoewel die CDC-lede altyd beskikbaar is vir informele kommunikasie met die ontwikkelende gemeenskap, regverdig dit nie die hoeveelheid vergaderings wat hulle hou nie. Voorts blyk dit dat die kommunikasie tussen die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap nie horisontaal van aard is nie. Dit blyk vanuit die CDC-lede se onderhoude dat meeste van die mag veral ten opsigte van besluitneming by die CDC, ofte wel die plaaslike regering, lê. Die kommunikasie tussen die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap blyk ook nie tweerigting van aard te wees nie omdat die terugvoerproses langdradig is en dit belemmer dikwels volgehoue ontwikkelingsdiskoers. Verder is daar gedeelde begrip tussen die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap met betrekking tot ontwikkelingskwessies, maar blyk dit of daar nie genoegsame wedersydse begrip vir mekaar se situasie is nie. Daar bestaan tot ’n mate ’n vertrouensverhouding tussen die CDC en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu, maar die vertroue blyk grootliks eensydig te wees.

Gevolglik kan geargumenteer word dat daar ’n mate van dialogiese kommunikasie tussen die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap is, maar dat dié kommunikasie nie voldoen aan die ideaal soos in die deelnemende benadering voorgestel word nie.

### 4.4. Kulturele identiteit

Die teoretiese stelling oor kulturele identiteit lui:

*Kommunikasie tussen die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu behoort die CDC-lede in staat te stel om begrip van en respek vir die kulturele identiteit van die ontwikkelende gemeenskap te hê ten einde die kulturele identiteit te kan beskerm en integreer binne die konteks van die ontwikkelingsinisiatief* (3.5.1)

Die konstrukte vir kulturele identiteit, soos uiteen gesit in hierdie studie is: begrip, respek en integrasie (Tabel 3.2).

#### 4.4.1. Begrip

Begrip word vir hierdie studie se doeleindes as volg gedefinieer:

*Die CDC-lede verstaan die kulturele norme en waardes van die ontwikkelende gemeenskap van Rundu* (Tabel 3.2).

Uit die CDC-lede se persepsies is dit duidelik dat daar begrip is vir die ontwikkelende gemeenskap se kulturele norme en waardes. Al die CDC-lede kon voorbeelde gee van die plaaslike kultuur in Rundu en die meeste van die CDC-lede het ook ŉ verband getrek tussen die kultuur en CDC-ontwikkelingsinisiatiewe.

Een van die CDC-lede het, byvoorbeeld, gesê:

> There is something that we do, which is unique to other people that can bring development. For instance, our rooms where we are sleeping it's not the same rooms as other people's houses, so that is also something that the CDC is playing so that they can bring development . . . If you go to the river you will get some bamboos, they make bamboos for making rooms and also cut trees and make tables and chairs.

Vanuit die CDC-lede se antwoorde tydens die semigestruktureerde onderhoude kan gesê word dat die CDC-lede van mening is dat hulle die kultuur van die ontwikkelende gemeenskap verstaan. Dit is verstaanbaar, gegewe die situasie waar CDC-lede inwoners van die ontwikkelende gemeenskappe is en gevolglik indieptekennis dra van die kulturele norme en waardes.

#### 4.4.2. Respek

Respek word as volg gedefinieer:

*Die CDC-lede se boodskappe neem die gevoelens, wense, of regte van die ontwikkelende gemeenskap van Rundu se kulturele identiteit in ag en verstaan dat kulturele identiteit belangrik is in hierdie proses* (Tabel 3.2).

Al die CDC-lede het saamgestem dat kultuur ŉ belangrike rol ten opsigte van volhoubare ontwikkeling speel. Voorts het die meeste van die CDC-lede saamgestem dat hulle die ontwikkelende gemeenskap van Rundu aanmoedig om hulle kulturele norme en waardes uit te leef en te bevorder.

Een van die CDC-lede het verduidelik:

> What I would rather do is encourage the local community (to accept) that culture is more important and cultural activities are more important … they should put culture first …

Die gevolgtrekking wat gemaak kan word oor respek binne die konteks van die CDC en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu is dat respek vir die gemeenskap se kulturele identiteit nie ŉ kern belang van die kommunikasie uitmaak nie. Alhoewel daar ŉ bewustheid is van die belang van kulturele oorwegings, blyk dit of dit nie binne die konteks van kommunikasie geïntegreer word nie. Die CDC-lede respekteer moontlik die verskillende kulture waarmee hulle te doen kry, maar dit lyk asof dit nie tot ŉ groot genoeg mate deel gemaak word van die

ontwikkelingsdiskoers wat gevoer word nie. Voorts kan die afleiding gemaak word dat die CDC-lede die belangrikheid van kulturele identiteit begryp en kultuur respekteer, maar dat dit nie 'n doelbewuste prioriteit is nie.

### 4.4.3. Integrasie

Vir hierdie studie se doeleindes is integrasie só gedefinieer:

*Die CDC se boodskappe en ontwikkelingsinisiatiewe weerspieël die kultuur van die ontwikkelende gemeenskap van Rundu* (Tabel 3.2).

Die meeste van die CDC-lede het saamgestem dat kultuur belangrik is vir volhoubare ontwikkeling en meeste van die CDC-lede het ook aangevoer dat hulle doelbewus probeer om die plaaslike kultuur in te span binne die konteks van sosiale verandering. Van die CDC-lede het oor inisiatiewe gepraat wat fokus op plaaslike tradisies en kultuur. Verder is daar benadruk dat tradisie ook 'n belangrike rol binne die konteks van kulturele oorwegings speel.

Een van die CDC-lede het verduidelik:

> We are dealing with headwomen and headmen, and certain cultural norms do exist. Whatever we need to do, it is better if you consult the traditional authority for approval or disapproval.

'n Ander CDC-lid het hierdie argument ondersteun:

> When anything is done in the community we need to first get permission from the traditional authority and this is what needs to be done.

Een van die ander CDC-lede het ook verduidelik dat die tradisionele leiers soms ook CDC-gemeenskapsvergaderings bywoon.

Tradisionele leierskap en protokol speel 'n belangrike rol binne die samelewing van die ontwikkelende gemeenskap van Rundu en dit is gevolglik belangrik dat die CDC protokol in ag moet neem en oop kommunikasie met die verskeie tradisionele leiers hê.

Alhoewel, sekere aspekte van die ontwikkelende gemeenskap se kulturele norme en waardes geïntegreer word binne die konteks van CDC-ontwikkelingsinisiatiewe, het een van die CDC-lede ŉ hindernis opgehaal:

> Especially in town we are multi- different cultures sitting together. When we are talking about development we don't see from which culture or background you are. We just follow the policy … if you go into culture you will not make progress. We just see that we are one. One Namibia, one nation … when it comes to government policy, forget about it. You will just follow what is on the table.

Die bostaande stelling verduidelik waarom dit moontlik vir die CDC-lede moeilik kan wees om die kulturele norme en waardes van die ontwikkelende gemeenskap in ag te neem om werklik daarvoor ruimte te laat binne die konteks van die ontwikkelingsdiskoers. ŉ Opvolgvraag is vir dié betrokke CDC-lid gevra oor die regering se beleid.

Die CDC-lid het voorts benadruk:

> The government is trying their level best because I could witness before independence we never had a community court (which they now have) … Government is trying to improve local customs to go along with policies.

Dit is belangrik om te onthou dat breë regeringsbeleid, ook dié wat te make het met ontwikkeling, nie noodwendig die nuanse wat kulturele identiteit op voetsoolvlak bewerkstellig in ag kan neem nie. Dit is wel belangrik dat komitees soos die CDC hierdie beleide neem en op só wyse aanpas dat dit optimale ontwikkeling op voetsoolvlak kan meebring. Indien die CDC tot ŉ groter mate die kulturele norme en waardes van die ontwikkelende gemeenskap van Rundu sou integreer, nie slegs waar moontlik by uitvoering of implementering nie maar ook tydens ontwikkelingsdiskoers sal nader aan die ideale van ŉ deelnemende ontwikkelingsbenadering beweeg word

Vanuit die bostaande kan die afleiding gemaak word dat die CDC tot ŉ mate toe die tradisionele sienswyse van die ontwikkelende gemeenskap van Rundu binne die bestek van ontwikkelingsinisiatiewe integreer. Hoewel hierdie sienswyses geïntegreer word, kom dit voor asof kultuur nie tydens kommunikasiegeleenthede tussen die CDC en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu verwelkom word nie.

#### *4.4.4.1. Gevolgtrekking oor kulturele identiteit*

Vanuit die bostaande kan daar gesê word dat die CDC begrip en respek toon vir die kulturele identiteit van die ontwikkelende gemeenskap van Rundu. Hierdie begrip van die kulturele norms en waardes spruit moontlik nie vanuit gesprekvoering daaromtrent nie, maar eerder vanuit die CDC-lede se vertroudheid met die ontwikkelende gemeenskap. Alhoewel, die CDC-

lede die ontwikkelende gemeenskap se kulturele identiteit respekteer, word daar nie binne die konteks van ontwikkeling genoegsaam daaroor gekommunikeer nie. Voorts blyk dit of die CDC se integrasie van die ontwikkelende gemeenskap se kulturele norms en waardes baie oppervlakkig van aard is. Dit veronderstel dat kulturele oorwegings in ag geneem word en dikwels tot implementering kom, maar die kommunikasie tussen die CDC en die ontwikkelende gemeenskap weerspieël nie noodwendig die kultuur van die ontwikkelende gemeenskap nie. Alhoewel integrasie beter kon geskied was dit duidelik dat die CDC-lede die kulturele identiteit van die ontwikkelende gemeenskap probeer beskerm. Die afleiding kan gemaak word vanuit die CDC-lede se response dat die meeste CDC-lede die ontwikkelende gemeenskap se kulturele identiteit probeer bevorder soos in die deelnemende benadering voorgestaan word.

## 4.5. Bemagtiging

Die teoretiese stelling vir bemagtiging is as volg geformuleer:

*Kommunikasie tussen die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu behoort die gemeenskap te bemagtig om eienaarskap van hul eie omstandighede te neem en om meer onafhanklik te funksioneer ten einde probleme in die toekoms self te kan aanpak en oplos* (3.5.1).

Die konstrukte vir kulturele identiteit, soos uiteen gesit in hierdie studie is: eienaarskap, selfstandige denke, probleem-analise en -oplossingsvaardighede (Tabel 3.2).

### 4.5.1. Eienaarskap

Vir die doeleindes van hierdie studie is eienaarskap as volg gedefinieer:

*Die mate waartoe die ontwikkelende gemeenskap van Rundu verantwoordelikheid neem vir hulleself en hulle sosiale verandering* (Tabel 3.2).

Die meeste van die CDC-lede het saamgestem dat die ontwikkelende gemeenskap van Rundu verantwoordelikheid behoort te neem oor hul eie lewens binne die konteks van ontwikkeling.

Een van die CDC-lede het gesê:

> You see people must not sit and wait for the day to bring something for them, people must not sit and wait for the government to bring something to them, they must stand up and do something for the government. They must bring something so that other people also will benefit from it and themselves can also benefit from it. Nothing come easy in life…

Dit blyk die persepsie van die betrokke CDC-lid te wees dat die ontwikkelende gemeenskap van Rundu nie genoegsaam eienaarskap neem nie, maar dat hulle eerder wag vir die regering om ontwikkeling binne hulle gemeenskap mee te bring.

ʼn Ander CDC-lid aangevoer het dat:

> Yes that is what we are working towards, because people take ownership of their own lives that is why you are seeing them deciding not attending meetings but to sell for something to eat but the CDC is saying just a one day if we can come together as a group we make a decision, we resolve and what we are resolving we take to our councillor.

Die bostaande aanhaling bewys dat die ontwikkelende gemeenskap van Rundu wel tot ʼn mate toe eienaarskap oor hulle eie lewens neem. Die feit dat so baie lede van die ontwikkelende gemeenskap van Rundu kies om nie CDC-gemeenskapsvergaderings by te woon nie spreek weereens daarvan dat hulle nie dink hulle iets daarby gaan baat nie en eerder op hul eie inisiatiewe staat maak. Alhoewel, hierdie besluit om nie vergaderings by te woon nie wel dui op eienaarskap wat geneem word deur individue vir hul individuele behoeftes, weerspieël dit nie eienaarskap binne die konteks van ontwikkeling waar die gemeenskap verantwoordelikheid neem vir meer formele sosiale verandering op gemeenskapsvlak nie.

Gevolglik kan die afleiding gemaak word dat die ontwikkelende gemeenskap van Rundu gedeeltelik verantwoordelikheid en eienaarskap oor hulle eie lewens neem. Die inwoners van die ontwikkelende gemeenskap neem dikwels die besluit om eerder iets te verkoop as om ʼn vergadering van die CDC by te woon. Alhoewel dit blyk asof die ontwikkelende gemeenskap verantwoordelikheid neem oor hulle eie lewens, is dit nie die geval met sosiale ontwikkeling nie. Gevolglik kan daar gesê word dat die ontwikkelende gemeenskap van Rundu eerder wag vir die regering om voorstelle vir ontwikkeling te bring as om self leiding te neem en inisiatiewe in plek te stel wat werklik hulle eie situasies gaan verbeter.

### 4.5.2. Selfstandige denke

Selfstandige denke is as volg gedefinieer:

*Deelname aan CDC-ontwikkelingsinisiatiewe behoort die ontwikkelende gemeenskap van Rundu in staat te stel om selfstandig en krities te kan nadink oor situasies* (Tabel 3.2).

Nie een van die CDC-lede het uitgebrei op die tema van selfstandige denke nie en niemand het aangedui dat hulle dit prioritiseer nie. Die afleiding kan dus gemaak word dat hulle nie selfstandige denke as nodig ag vir bemagtiging om werklik te geskied nie.

In die geval dat die ontwikkelende gemeenskap aktief sou deelneem aan die besluitnemings- en beplanningsfases van ontwikkelingsinisiatiewe behoort die uitkoms van hierdie aktiewe deelname selfstandige denke te wees. In die voorafgaande afdelings is die mate van deelname van die ontwikkelende gemeenskap van Rundu aan die besluitneming en beplanning van CDC ontwikkelingsinisiatiewe bespreek en daar is vasgestel dat hierdie deelname nie aktief geskied nie. Dus kan die afleiding gemaak word dat daar nie tans binne die konteks van die CDC-ontwikkelingsinisiatiewe selfstandige denke gekweek word nie. Gevolglik blyk dit omdat die ontwikkelende gemeenskap van Rundu se deelname aan die CDC-ontwikkelingsinisiatiewe nie aktief genoeg is nie, dat dié mate van deelname ook nie selfstandige denke binne die ontwikkelingskonteks kweek nie.

### 4.5.3. Probleemanalise en -oplossingsvaardighede

Probleemanalise en -oplossingsvaardighede is vir die doeleindes van hierdie studie as volg gedefinieer:

*Deelname aan CDC-ontwikkelingsinisiatiewe behoort die ontwikkelende gemeenskap van Rundu in staat te stel om oor huidige en toekomstige probleme te reflekteer en selfstandig met oplossings vir hierdie omstandighede vorendag te kom* (Tabel 3.2).

Slegs twee van die CDC-lede het aangevoer dat probleem-analise en -oplossingsvaardighede daargestel behoort te word deur die ontwikkelende gemeenskap se deelname. Die ander CDC-lede het nie regtig enigsins daaroor uitgebrei tydens die onderhoude nie.

Een van die CDC-lede het gesê:

> … Some of them (community members) are learning new things of how you lead the community, how you come up with plans and how to implement them.

Dit blyk of die CDC-lede nie ʼn goeie begrip het van die belang van probleemanalise en –oplossingsvaardighede nie en dat hierdie vaardighede nie tans ʼn integrale deel uitmaak van die CDC-inisiatiewe nie. Voorts kan die afleiding gemaak word dat die gebrek aan aktiewe deelname tydens die besluitnemings- en beplanningsfases van CDC-ontwikkelingsinisiatiewe verder daartoe lei dat die ontwikkelende gemeenskap nie genoegsaam toegerus word met hierdie vaardighede nie.

Dus word daar gesê dat die ontwikkelende gemeenskap van Rundu se gebrekkige deelname aan CDC-ontwikkelingsinisiatiewe nie daartoe lei dat die gemeenskap besin oor huidige en toekomstige ontwikkeling nie en gevolglik ook nie selfstandig met oplossing vorendag kom nie. Dit wil ook nie voorkom asof die CDC-lede hierdie vaardighede as belangrike prioriteite ag en dit probeer bevorder nie.

*4.5.4.1. Gevolgtrekking oor bemagtiging*

Dit blyk dat die ontwikkelende gemeenskap van Rundu nie binne die konteks van ontwikkeling eienaarskap neem nie en gevolglik vir die regering wag om inisiatiewe in plek te sit wat hulle lewenskwaliteit behoort te verbeter. Hierdie passiewe aanslag op ontwikkeling kan moontlik daaraan toegeskryf word dat die ontwikkelende gemeenskap nie waarde daaraan heg om CDC-gemeenskapsvergaderings by te woon nie. Selfstandige denke veral binne die konteks van ontwikkeling word nie gekweek nie omdat die ontwikkelende gemeenskap nie genoegsaam deelneem aan die fases waar hulle juis met hierdie denke bemagtig kan word nie. Die ontwikkelende gemeenskap van Rundu word ook nie toegerus met probleem-analise en -oplossingsvaardighede nie.

Dit blyk vanuit die CDC-lede se response tydens die semigestruktureerde onderhoude dat daar ’n groot wanbegrip is van wat bemagtiging behels. Een van die CDC-lede was van mening dat bemagtiging beteken dat al die ontwikkelende gemeenskap se probleme net opgelos gaan wees en dat dit dan beteken dat hulle bemagtig is. Hierdie gebrekkige begrip van wat bemagtiging werklik behels, kan moontlik veroorsaak dat die CDC-lede vir ‘eenvoudige’ oplossings baklei wat nie kritiese denke en probleem-analise en -oplossingsvaardighede bewerkstellig by die ontwikkelende gemeenskap van Rundu nie wat op sy beurt daartoe lei dat toekomstige ontwikkelingskwessies moeiliker gaan word om op te los.

Dit blyk die persepsie van die CDC-lede te wees dat die ontwikkelende gemeenskap van Rundu nie tans vanweë hul deelname aan CDC-ontwikkelingsinisiatiewe bemagtig word nie.

Gevolglik blyk dit of die kommunikasie tussen die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu nie die gemeenskap bemagtig om eienaarskap van hulle omstandighede te neem nie. Dit stel voorts ook nie die ontwikkelende gemeenskap in staat om meer onafhanklik te funksioneer nie en sodoende ook nie in die toekoms self kwessies te kan aanpak of oplos nie.

## 4.6. Gevolgtrekking van die CDC-lede se persepsies oor die ontwikkelende gemeenskap se deelname aan die ontwikkelingskommunikasieproses

Vanuit die bostaande blyk dit duidelik die persepsie van die CDC-lede te wees dat die ontwikkelende gemeenskap van Rundu nie genoegsaam deelneem aan die besluitneming, beplanning of implementering van CDC-ontwikkelingsinisiatiewe nie. Die grootste rede vir hierdie onaktiewe deelname aan CDC-ontwikkelingsinisiatiewe is moontlik as gevolg daarvan dat die ontwikkelende gemeenskap van Rundu voel dat hulle geensins daarby baat nie en dit ontmoedig hulle om CDC-gemeenskapsvergaderings by te woon. Die feit dat die ontwikkelende gemeenskap nie aktief deelneem aan CDC-ontwikkelingsinisiatiewe nie beïnvloed dialoog, kulturele identiteit sowel as die uiteindelike bemagtiging wat plaasvind.

Alhoewel die kommunikasie tussen die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu nie dialogies van aard is nie, is daar volgens die deelnemers, ’n goeie vertrouensverhouding tussen hulle wat moontlik daartoe kan lei dat kommunikasie in die toekoms meer dialogies van aard kan wees. Voorts kan die kommunikasie tussen die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu tot ’n groter mate die kulturele identiteit van die gemeenskap in ag neem en respekteer ten einde dit beter binne die konteks van ontwikkelingsoplossings te kan integreer. Wat egter positief was, is die feit dat die CDC-lede die plaaslike kultuur van die ontwikkelende gemeenskap van Rundu probeer bevorder en beskerm.

Vanuit die voorafgaande besprekings blyk dit dat daar verwarring oor bemagtiging by die CDC-lede bestaan. Uit die CDC-lede se response blyk dit of die ontwikkelende gemeenskap van Rundu tot ’n mindere mate deur hulle deelname aan CDC-ontwikkelingsinisiatiewe bemagtig word. Soos daar alreeds vasgestel is, die deelname of eerder nie-deelname vanaf die gemeenskap dra daartoe by dat hulle nie werklik bemagtig word nie. Alhoewel dit lyk of die ontwikkelende gemeenskap eienaarskap neem, geskied dit nie binne die konteks van gemeenskapsontwikkeling nie. Hierdie situasie dra verder daartoe by dat daar nie selfstandige denke, probleem-analise of probleem-oplossingsvaardighede gekweek word nie.

In die volgende hoofstuk gaan die persepsies van die ontwikkelende gemeenskap van Rundu bespreek word aan die hand van die konsepte en konstrukte.

# HOOFSTUK 5: PERSEPSIES VAN DIE ONTWIKKELENDE GEMEENSKAP VAN RUNDU

5. Heading 1 sal nie druk nie. Moenie uitvee nie – dit sal verkeerde nommering tot gevolg hê.

## 5.1. Inleiding

In Hoofstuk 5 is die resultate van die semigestruktureerde onderhoude met die CDC-lede uiteengesit en bespreek. Hoofstuk 6 stel ten doel om die resultate van die fokusgroepe met die ontwikkelende gemeenskap van Rundu krities te bespreek. Hierdie hoofstuk beantwoord ook spesifieke navorsingsvraag 1.5.3: *Wat is die gemeenskap van Rundu se persepsie rakende die aard van kommunikasie tussen hulself en die CDC?*

Ten einde navorsingsvraag 1.5.3 te beantwoord is daar sewe fokusgroepe gehou met die ontwikkelende gemeenskap van Rundu.

## 5.2. Konteks: huidige aard van kommunikasie tussen die CDC en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu

Uit die vorige hoofstuk blyk dit duidelik dat die CDC-lede van mening is dat die ontwikkelende gemeenskap nie beduidend deelneem aan CDC-ontwikkelingsinisiatiewe nie. Dit het voorts ook geblyk of die kommunikasie tussen die CDC en die gemeenskap nie voldoen aan die beginsels van dialoog soos uiteengesit in die deelnemende benadering nie.

Die inligting wat deur die fokusgroepe met die gemeenskap bekom is, het grootliks die CDC-lede se persepsie weerspieël. Baie van die deelnemers aan die fokusgroepe was nie eens daarvan bewus dat daar ŉ komitee soos die CDC bestaan nie; gevolglik het hulle ook nie geweet wat die doel of funksie van hierdie komitee is nie. Verder het omtrent die helfte van die deelnemers nog nooit ŉ CDC-gemeenskapsvergadering bygewoon nie. Die realiteit dat sommige mense nie eers van die komitee se bestaan bewus is nie, terwyl net die helfte al enige vergaderings bygewoon het, beklemtoon die gebrek aan deelname en dialoog.

Die inligting wat wel deur die fokusgroepgesprekke ingesamel is, word in die onderstaande afdelings bespreek en geanaliseer. Hierdie analise stel ten doel om die terugvoer en inligting van die fokusgroepe uiteen te sit volgens die konsepte en dit krities te bespreek, ten einde gevolgtrekkings te kan maak rakende die gemeenskap se persepsie oor die aard van kommunikasie tussen hulle en die CDC.

Die onderstaande analise is soos volg gestruktureer: eerstens kom die konsep se teoretiese stelling aan die orde, gevolg deur die konstrukte en die operasionele definisie van elk. Die inligting wat deur die empiriese navorsing ingesamel is, word dan aan die hand daarvan

bespreek en geanaliseer. Laastens, sal daar ŉ gevolgtrekking gemaak word wat die bevindinge van die empiriese navorsing teenoor die operasionele definisies stel ten einde vas te stel tot watter mate die kommunikasie tussen die ontwikkelende gemeenskap van Rundu en die CDC-lede voldoen aan die beginsels van die deelnemende benadering.

### 5.3. Deelname

Die volgende teoretiese stelling is geformuleer met betrekking tot deelname:

*Die kommunikasie tussen die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu behoort ŉ geleentheid daar te stel vir die gemeenskap om ŉ aktiewe rol tydens die besluitneming, beplanning en implementering van die ontwikkelingsinisiatief te vertolk binne die konteks van gedeelde mag en verantwoordelikheid* (3.5.1).

Die konstrukte vir deelname, soos uiteen gesit in hierdie studie is: aktiewe rol in besluitneming, aktiewe rol in beplanning, aktiewe rol in implementering, gedeelde mag en gedeelde verantwoordelikheid (Tabel 3.2).

#### 5.3.1. Aktiewe rol in besluitneming

In hierdie studie word aktiewe rol in besluitneming soos volg gedefinieer:

*Die ontwikkelende gemeenskap van Rundu se stem behoort gewig te dra wanneer besluite oor CDC-ontwikkelingsinisiatiewe geneem word* (Tabel 3.2).

Toe die deelnemers gevra is tot watter mate hulle deelneem aan CDC-ontwikkelingsinisiatiewe kon die meerderheid van die deelnemers glad nie die vraag beantwoord nie.

Die deelnemers aan die fokusgroepe het oorhoofs saamgestem dat hulle nie aktief deelneem aan enige besluitneming ten opsigte van CDC-ontwikkelingsinisiatiewe nie. Van die deelnemers het nie presies verstaan waarna deelname aan besluitneming verwys nie en daar was tydens al die fokusgroepe algemene verwarring tussen die konsep van 'konsultasie' (wat hulle beskou as die mag wat hulle het om te 'kla' oor ontwikkelingskwessies binne hulle gemeenskap) en 'besluitneming' binne die konteks van CDC-ontwikkelingsinisiatiewe. Hierdie verwarring is voorts bevestig deur die min respons wat opgelewer is tydens meeste van die fokusgroepe ten opsigte van deelname aan besluitneming – daar was hier en daar ŉ deelnemer met ŉ sterk opinie daaroor, maar dit is nie iets wat veel bespreking binne die groepe ontlok het nie.

Een van die deelnemers het wel uitdruklik gesê:

> No, they (die stadsraad) are not including us in the decisions

ʼn Ander deelnemer het aangevoer:

> We are not included (in decision making) because what they use to do was to call the meetings, but only give us promises, promises: 'We will do this, we will do that', but those things never come to pass.

In ʼn ander fokusgroep het ʼn deelnemer die situasie soos volg verduidelik:

> Whatever is discussed in the meeting, the CDCs will go and look into the minutes and consider the most important points which are needed by the community members - that what they are going to base their decision on. They don't really include the community members as such, they look at the minutes and those points.

Toe een van die fokusgroepe gevra is vir ʼn voorbeeld waar hulle deelgeneem het aan die besluitneming ten opsigte van CDC-ontwikkelingsinisiatiewe, was hierdie die respons:

> For example sometimes they ask us to tell them what we need in our community. Then we tell them we need this, we need water, electricity even sanitation. Then we give them our ideas (and tell them) what we want them to do for us.

Die bostaande respons dui aan dat die deelnemers nie werklik verstaan waarna die besluitnemingsproses verwys nie. Verder is dit duidelik dat die gemeenskap nie aktief deelneem aan die besluitneming binne die konteks van die CDC-ontwikkelingsinisiatiewe nie.

Tydens die fokusgroepe is daar veral verwys na 'konsultasie'. Die gemeenskapslede het saamgestem dat die CDC wel die ontwikkelende gemeenskap van Rundu konsulteer oor ontwikkelingskwessies.

ʼn Deelnemer het die volgende gedeel:

> I would not say that they don't consult us, or that they don't include us in decision making. What they normally do, is to consult. First of all they consult the communities… They hold meetings, sometimes they call a meeting and give their plan to the communities. Now there are some decision that need to be made by the communities, but there are some decisions that need to be made by the leaders on that level only. So they would not come in public and decide on the major project that needs to be done on another level again. So in some cases they consult us, in some cases they go ahead as they please, or do what is the best for the people.

Die bostaande mening is baie belangrik, want waar die regering betrokke is, is daar sekere gevalle waar die mag om besluite te neem alleenlik in die regering se hande sal wees. In die geval van groter projekte, soos die bou van klinieke, die aanlê van rioolpype of die verbetering van publieke vervoerstelsels soos paaie, gaan die streeksraad van Rundu die mag hê om die finale besluit te neem. In hierdie geval behoort die mag in die hande van die plaaslike regering

te lê omdat hulle hierdie projekte moet finansier. Hoewel die mag om sekere besluite te neem in die hande van die regering behoort te lê, ervaar die regeringsamptenare nie noodwendig die realiteit van ontwikkelingskwessies soos die ontwikkelende gemeenskap dit op voetsoolvlak ervaar nie. Dus is dit belangrik dat die ontwikkelende gemeenskap van Rundu ʼn hoër mate van betrokkenheid behoort te toon binne waar besluite oor ontwikkeling geneem word.

Vanuit die bostaande bespreking kan die volgende afleiding gemaak word: die deelnemers neem nie aktief deel aan besluitneming oor CDC-ontwikkelingsinisiatiewe nie. Verder het dit aan die lig gekom dat die deelnemers aan die fokusgroepe nie die besluitnemingsfase verstaan nie. Dié situasie is baie problematies omdat mense nie werklik kan bydra tot iets as hulle nie verstaan waarom dit belangrik is of waaroor dit handel nie. Die CDC gaan ʼn groter punt daarvan moet maak om die ontwikkelende gemeenskap van Rundu te integreer binne die konteks van besluitneming, veral in gevalle waar hierdie besluitneming hulle lewens direk kan beïnvloed.

Gevolglik kan daar geargumenteer word dat die stemme van die ontwikkelende gemeenskap van Rundu bepaald minder gewig dra as dié van die regeringsamptenare wanneer dit kom by die besluitneming oor CDC-ontwikkelingsinisiatiewe.

#### 5.3.2. Aktiewe rol in beplanning

In hierdie studie word aktiewe rol in beplanning só gedefinieer:

*Die ontwikkelende gemeenskap van Rundu se insette behoort gereflekteer te word in die planne wat die CDC eindelik maak (Tabel 3.2)*

Soos met die bespreking van besluitneming, het fokusgroepe bitter min uitgebrei oor die ontwikkelende gemeenskap se deelname aan die beplanning van CDC-ontwikkelingsinisiatiewe.

Slegs in een van die fokusgroepe het al die deelnemers saamgestem dat hulle nie deelneem aan die beplanningsfase van CDC-ontwikkelingsinisiatiewe nie. Voorts was die response wat hieroor nie baie positief nie.

So het een van die deelnemers genoem:

> No, we don't feel involved in that (planning) because they say that we have a committee in our constituency. Then also are the ones who are going to sit and give the plan where are they going to put the water or whatever.

ʼn Ander het aangevoer:

> Some use the headmen to call them (the people) together for a meeting and ask them which was the best place to place this (infrastructure)… Then they (headmen) give the location, but the CDC does not call the individuals involved.

Die feit dat daar gesê word dat daar ʼn komitee of ʼn hoofman is wat namens die ontwikkelende gemeenskap besluite kan neem wat die lewens van die ontwikkelende gemeenskap direk beïnvloed, is baie problematies. Alhoewel die hoofmanne en CDC-lede dikwels binne dieselfde ontwikkelende gemeenskappe as die deelnemers woon, ervaar hulle hierdie ontwikkelingskwessies moontlik anders omdat hulle beduidend meer mag as die algemene persoon op die straat het. Voorts dui dit daarop dat die deelnemers se persepsies ten opsigte van ontwikkeling nie direk in ag geneem word nie en hierdie situasie kan moontlik tot veralgemening van ontwikkelingskwessies of oplossings daarvoor lei.

ʼn Ander deelnemer het benadruk:

> Unfortunately, that's what use to happen; they use to plan and just give us. Even when they sit with the government, the will just tell you they have decided where to put the tap or the certain thing. That's what they do.

Een van die fokusgroepe is gevra of hulle voel dat hulle ʼn groter rol behoort te vertolk ten opsigte van beplanning, waarop een van die deelnemers soos volg gereageer het:

> Yes we can. I can give you a simple example of what is happening here … there are some elders who came to Namibia when they were young, but since they don't have documents they cannot access a pension. So now they don't have food, they don't have water, but they have been in Namibia for more than 40 years. Simply because they doesn't have documents they are not recognised. If the CDC gets involved in the community and help a person and testify "we know this person, he has been staying in Namibia, please give him a Namibian ID, register him for pension" even that is development. We have a lot of orphans, a lot of vulnerable people you cannot develop if you don't consult with the community.

Hierdie deelnemer se insette dui duidelik aan dat mense op voetsoolvlak spesifieke ontwikkelingskwessies rondom hulle raaksien wat in ontwikkelingsplanne aangespreek behoort te word. Verder is daar gevra of daar al ooit van hulle voorstelle of oplossings vir ontwikkelingskwessies geïmplementeer is. Die deelnemers het eenparig saamgestem dat dit nie gebeur nie.

Vanuit die bostaande kan die afleiding gemaak word dat die deelnemers van mening is dat hulle nie deelneem aan die beplanningsfase van CDC-ontwikkelingsinisiatiewe nie. Die mag om besluite te neem lê nie slegs in die hande van die regering nie, maar soms word 'magtiges' (soos hoofmanne) gevra om besluite ten opsigte van beplanning namens die ontwikkelende gemeenskap te maak. Dit kan daartoe lei dat mense op voetsoolvlak se behoeftes nie aangespreek word nie.

Gevolglik kan daar gesê word dat die insette van die ontwikkelende gemeenskap van Rundu nie gereflekteer word in die planne wat die CDC eindelik ten opsigte van ontwikkeling maak nie. Dit kan verder daartoe lei dat die oplossings vir ontwikkelingskwessies nie toepaslike 'oplossings' vir die ontwikkelende gemeenskappe van Rundu gaan wees nie.

### 5.3.3. Aktiewe rol in implementering

Vir die doel van hierdie studie is aktiewe rol in implementering soos volg gedefinieer:

*Die ontwikkelende gemeenskap van Rundu behoort verantwoordelikhede te hê om te vervul tydens die implementering van CDC-ontwikkelingsinisiatiewe* (Tabel 3.2).

Oorhoofs in al die fokusgroepe het die deelnemers saamgestem dat hulle tot ŉ mate die geleentheid gegun word om deel te neem aan die implementering van CDC-ontwikkelingsinisiatiewe. Alhoewel dit blyk dat daar geleentheid gegun word, word hierdie geleentheid slegs in sekere kontekste en onder sekere omstandighede aan die ontwikkelende gemeenskap gebied.

Een van die deelnemers het genoem:

> Participation in implementation did happen, but not that much.

ŉ Ander deelnemer het aangevoer:

> They … don't really ask people in the community to participate in whatever development, but community members always see people such as those from an electricity company in the community without their knowledge.

Hierdie deelnemer se respons dui daarop dat hulle nie deelneem aan implementering nie, maar dat dit meestal van buite af gedoen word. Soos telkemale in hierdie studie genoem is, sal daar situasies wees waar die gemeenskapslede nie kan deelneem aan die implementering van inisiatiewe nie. Die aanlê van elektrisiteit is ŉ baie goeie voorbeeld van dié tipe inisiatief waaraan die gemeenskap nie in alle opsigte (soos die tegniese aspekte) kan deelneem nie.

Tydens die fokusgroepe het daar ander kwessies ten opsigte van gemeenskapsdeelname aan die implementering van CDC inisiatiewe aan die lig gekom.

Een van die deelnemers het genoem:

> When I was there at the village they gave us tasks … but here (in town) it is not the case.

In daardie spesifieke fokusgroep het geen ander persoon behalwe as die pas aangehaalde al ooit deelgeneem aan die implementering van CDC-ontwikkelingsinisiatiewe nie.

ŉ Ander deelnemer het sy ervaring soos volg verduidelik:

> It's been a while since a major project happened here, but in the past when they were digging sewages and laying pipes for water, they used the communities. The councillors announced on the radio, 'We are looking for these people, we are looking for unskilled people just to come register'.

Die bostaande respons werp lig op die kwessie van omstandigheid – dit blyk dat die gemeenskap slegs deel gemaak word van die implementering van CDC-ontwikkelingsinisiatiewe wanneer die projekte groot is en wanneer daar nie spesifieke vaardighede benodig word nie.

ŉ Ander probleem ten opsigte van gemeenskapsdeelname aan implementering van ontwikkelingsinisiatiewe het uit die fokusgroepe na vore gekom toe mense verduidelik het hoe kontrakteurs te werk gaan.

Een deelnemer het dit so verduidelik:

> The problem is this, when they recruit people they put things on contract. This means that they will take a tender and if I am a Wambo, I am only going to call my relatives from Wamboland. They are the ones I am going to call to give those jobs to.

Voorts het ŉ ander deelnemer gesê:

> Nowadays those people who are taking tenders also come with their own employees, they are coming along with their workers. I don't know from where … my brother first, my sister and then my uncle also. So the people in the community still suffer.

ŉ Ander deelnemer het benadruk:

> Because nowadays, what's happening is that when there is a need of a project, the community or the CDC submits to the town council and the town council will ask for tenders. … Now maybe they can use another process or another structure for implementing the projects so that the community can be more involved. But since it's been given as a tender, that company come with its employees. So sometimes the community feels left out …

Dit is sinvol dat maatskappye wat vir projekte tender hulle eie werknemers, wat afhanklik van hulle werk is om te oorleef, gebruik om projekte uit te voer. Hoewel dit sinvol is dat hierdie maatskappye hul eie werknemers gebruik, behoort die gemeenskap steeds tot 'n groter mate betrokke gemaak te word by die implementering van ontwikkelingsinisiatiewe. 'n Moontlike oplossing vir hierdie hindernis kan wees dat die CDC, as deel van die tenderproses, aandui dat daar ván die plaaslike gemeenskapslede gehuur behoort te word om werk te verrig waar nie-spesialisvaardighede of kennis benodig word nie. Voorts is dit noodsaaklik dat die CDC wel die geleentheid daarstel vir die ontwikkelende gemeenskap om aktief deel te neem aan implementering van ontwikkeling wanneer die werk nie op tender uitgaan nie.

Uit bostaande blyk dit die gevoel van die deelnemers te wees dat daar nie vir hulle die geleentheid gegun word om deel te neem aan die implementering van CDC-ontwikkelingsinisiatiewe nie. Voorts blyk dit hulle persepsie te wees dat hierdie geleenthede aan deelname eerder aan maatskappye oorgelaat word en hierdie maatskappye gebruik hul eie werknemers. Hoewel daar ŉ tendersisteem in plek is vir baie regeringsinisiatiewe en hierdie maatskappye dan natuurlik gebruik maak van hul eie werknemers, benadeel dit tog die ontwikkelende gemeenskap. Die plaaslike gemeenskap word nie deur hierdie inisiatiewe bevoordeel in terme van werkskepping nie en dit kan moontlik ŉ bydraende faktor wees waarom die ontwikkelende gemeenskap nie nuwe vaardighede aanleer nie. Hierdie kwessie is problematies omdat dit verseker dat die ontwikkelende gemeenskap geen rol speel in die implementering van CDC-ontwikkelingsinisiatiewe nie, wat tot gevolg kan hê dat hulle tot ŉ mindere mate bemagtig gaan wees.

Toe een van die fokusgroepe gevra is of hulle dink hulle behoort tot ŉ groter mate deel te neem aan die implementering van CDC-ontwikkelingsinisiatiewe was hul antwoord:

> Yes of course, at least at a greater level; no one must feel left out.

Dit blyk vanuit die bostaande dat daar bittermin tot geen deelname deur die ontwikkelende gemeenskap van Rundu aan die ontwikkelingsinisiatiewe van die CDC is. Daar het verskeie onvoorsienbare kwessies ten opsigte van gemeenskapsdeelname aan die lig gekom. Dit blyk dat deelnemers slegs in sekere kontekste, soos in die kleindorpies (*villages)* die geleentheid

gegun word om deel te neem aan die implementering van CDC-ontwikkelingsinisiatiewe. Voorts blyk dit dat die plaaslike regering ontwikkelingsprojekte op tender uitsit en toelaat dat buitemaatskappye (met hul eie werkers) die werk kry eerder as om die plaaslike ontwikkelende gemeenskap direk by die uitvoer of implementering daarvan te betrek.

Hierdie kwessies en hindernisse veroorsaak dat die ontwikkelende gemeenskap bykans geen verantwoordelikhede ten opsigte van implementering het nie. Daar sal in die onderstaande afdelings uitgebrei word oor die deelname van die ontwikkelende gemeenskap van Rundu aan CDC-ontwikkelingsinisiatiewe.

#### 5.3.4. Gedeelde mag

Gedeelde mag is as volg vir hierdie studie gedefinieer:

*ŉ Verhouding waar beide die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu gedeelde mag het ten opsigte van besluitneming en beplanning van ontwikkelingsinisiatiewe* (Tabel 3.2).

Tydens die fokusgroepe was daar nie beduidend uitgebrei oor mag nie. Die volgende afleidings oor gedeelde mag word gemaak met verwysing na die deelnemers se response oor hul deelname aan die besluitneming en beplanningsfases van CDC-ontwikkelingsinisiatiewe, want dit is waar hulle gedeelde mag wel ter sprake behoort te wees.

Vanuit die deelnemers se respons oor hul deelname aan die besluitnemingsfase van CDC-ontwikkelingsinisiatiewe kan gesê word dat hulle min mag het. Die deelnemers het bevestig dat hulle in ŉ baie beperkte mate deelneem aan die besluitnemingsproses van CDC-ontwikkelingsinisiatiewe, wat outomaties daartoe lei dat hulle min tot geen mag in dié fase het nie. Die argument word gemaak dat wanneer mense nie die geleentheid het om deel te neem aan iets nie, hulle nie daarin mag kan hê nie.

Ten opsigte van deelname aan beplanning het die ontwikkelende gemeenskap van Rundu bevestig dat hulle nie deelneem aan beplanning nie. Besluite ten opsigte van beplanning word dikwels deur die CDC, plaaslike regering of hoofmanne namens die ontwikkelende gemeenskap geneem. Dit blyk voorts asof daar nie veel geleentheid vir deelname aan die beplanningsfase geskep word nie.

Gevolglik kan gesê word dat daar nie ŉ verhouding van gedeelde mag tussen die ontwikkelende gemeenskap van Rundu en die CDC bestaan nie. Hoewel daar sekere situasies is waar die regering meer mag sal hê, kan geargumenteer word dat daar wel ook geleentheid behoort te wees waar die gemeenskap mag behoort te hê. Soms moet die mag,

veral om besluite te neem, by die regering lê, maar soms moet die stem van die ontwikkelende gemeenskap wat binne die realiteit van ontwikkelingskwessies woon hoër geag word. Die stem van die ontwikkelende gemeenskap behoort ten minste gehoor te word, wanneer hul lewens direk beïnvloed word deur die besluite wat geneem word.

### 5.3.5. Gedeelde verantwoordelikheid

Vir die doeleindes van hierdie studie is gedeelde verantwoordelikheid soos volg gedefinieer:

*ŉ Verhouding waar beide die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu deel in verantwoordelikhede ten opsigte van besluitneming en die uitkomstes van die ontwikkelingsinisiatiewe* (Tabel 3.2).

Uit die fokusgroepe het dit duidelik geblyk dat die deelnemers nie verstaan het wat gedeelde verantwoordelikheid is nie. In een van die fokusgroepe het die respondente gedink dat wanneer hulle tydens gemeenskapsvergaderings deelneem aan die gesprek oor hulle ontwikkelingskwessies hulle deel in die verantwoordelikheid van die ontwikkelingsinisiatief. Voorts het die deelnemers aan een fokusgroep saamgestem dat hulle graag wil deel in die verantwoordelikheid wat gepaard gaan met ontwikkelingsinisiatiewe.

Soos in die geval van gedeelde mag word ook hier geredeneer dat wanneer daar baie min of selfs geen deelname in die beplannings- en besluitnemingsfases is nie, daar nie werklik gedeelde verantwoordelikheid binne die ontwikkelingsinisiatief kan bestaan nie.

Een van die deelnemers het aangevoer:

> I think at the moment we are not involved. We are not involved in the responsibility of developing Kehemu since we are not part of the CDC committee, we are just involved when there are meetings.

ŉ Ander deelnemer het dit so verduidelik:

> We are only involved spiritually, when we are praying. We normally include them in our prayers but not physically as such.

Dit blyk vanuit die bostaande dat dit die persepsie van die deelnemers is dat hulle geen gedeelde verantwoordelikheid het ten opsigte van CDC-ontwikkelingsinisiatiewe nie. Voorts blyk dit daar nie ŉ verhouding bestaan waar beide deelnemers sowel as die CDC-lede gedeelde verantwoordelikheid het ten opsigte van besluitneming of om die uitkomste van ontwikkelingsinisiatiewe te verwesenlik nie. Alhoewel daar nie tans gedeelde verantwoordelikheid is nie, het dit voorgekom asof die deelnemers graag meer verantwoordelikheid sou wou hê. Ten einde ŉ verhoogde verantwoordbaarheid te handhaaf

behoort die CDC die ontwikkelende gemeenskap, waar moontlik, meer betrokke te kry by die beplanning, besluitneming-, sowel as implementering van CDC-ontwikkelingsinisiatiewe.

*5.3.6.1. Gevolgtrekking oor deelname*

Uit die bostaande kan die volgende afleiding gemaak word oor die persepsies van die deelnemers: Die deelnemers aan die fokusgroepe is van mening dat hulle feitlik geensins deelneem aan die besluitneming, beplanning of implementering van CDC-ontwikkelingsinisiatiewe nie.

Voorts blyk dit dat die stem van die deelnemers nie in ag geneem word tydens die besluitnemingsfase nie. Dit het verder aan die lig gekom dat die CDC, ofte wel plaaslike regering, staatmaak op ander 'magtiges' om besluite namens die ontwikkelende gemeenskap te neem.

Verder is daar min geleentheid vir die ontwikkelende gemeenskap om 'n bydra te lewer tydens die beplanningsfase. Dit het tot gevolg dat die planne wat die CDC ten opsigte van ontwikkelingsinisiatiewe maak nie noodwendig die insette van die ontwikkelende gemeenskap reflekteer nie. Hierdie situasie kan moontlik tot gevolg hê dat ontwikkelingsoplossings nie heeltemal voldoen aan die behoeftes van die ontwikkelende gemeenskap op voetsoolvlak nie.

Alhoewel die deelnemers 'n aktiewe rol tydens die implementering van CDC-ontwikkelingsinisiatiewe wil vertolk, blyk dit nie die geval te wees nie. Die deelnemers het feitlik geen verantwoordelikhede om te vervul tydens die implementering van CDC-ontwikkelingsinisiatiewe nie. Die deelnemers het talle redes ontbloot wat daartoe aanleiding gee dat hulle nie deel kan neem aan implementering nie. Onder andere het dit aan die lig gekom dat hulle slegs in sekere kontekste en onder sekere omstandighede soos in die bostaande analise uiteengesit, die geleentheid gegun word om deel te neem aan die implementeringsfase. Die kwessie van tenders en maatskappye wat aanbiedinge daarop kan maak, is ook opgehaal as 'n moontlik hindernis vir gemeenskapsdeelname.

Voorts is in die bostaande afdeling geargumenteer dat daar nie gedeelde mag of gedeelde verantwoordelikheid kan bestaan as daar 'n gebrek aan deelname tydens die besluitnemings- en beplanningsfase is nie. Dit lei daartoe dat die ontwikkelende gemeenskap van Rundu nie gedeelde mag of verantwoordelikheid het ten opsigte van CDC-ontwikkelingsinisiatiewe nie.

Dus kan gesê word dat die kommunikasie tussen die gemeenskap en die CDC-lede nie 'n geleentheid vir die gemeenskap daarstel om 'n aktiewe rol tydens die besluitneming,

beplanning en implementering van die ontwikkelingsinisiatief te vertolk nie en gevolglik geskied dit ook nie binne die konteks van gedeelde mag of verantwoordelikheid nie.

### 5.4. Dialoog

Die teoretiese stelling vir dialoog is soos volg uiteengesit:

*Die kommunikasie tussen die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu behoort 'n gereelde proses van horisontale tweerigtingkommunikasie te wees binne die konteks van gelyke mag ten einde gedeelde begrip vir mekaar en die ontwikkelingsituasie te skep en 'n vertrouensverhouding daar te stel* (3.5.1).

Die konstrukte vir dialoog, soos uiteen gesit in hierdie studie, is: 'n gereelde proses, horisontale kommunikasie, tweerigtingkommunikasie, gedeelde en wedersydse begrip en vertrouensverhouding (Tabel 3.2).

#### 5.4.1. 'n Gereelde proses

Die operasionele definisie vir 'n gereelde proses is:

*Kommunikasie tussen die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu behoort op 'n gereelde basis te geskied, waar sekere platforms vir terugvoer altyd oop is vir die gemeenskap* (Tabel 3.2).

Die meeste van die deelnemers het saamgestem dat daar nie gereeld formele CDC-kommunikasiegeleenthede is nie. Hulle het benadruk dat CDC-gemeenskapsvergaderings 'n seldsame verskynsel is, behalwe as dit verkiesingstyd is.

Een van die deelnemers het gesê:

> It is very rare, their meetings are very rare.

'n Ander het verduidelik hoe seldsaam hierdie vergaderings geskied:

> Once in 2 or 3 years … the maximum is 3 years.

Nog 'n deelnemer het saamgestem:

> When they see that there is an election they have a lot of meetings, … They don't really do it regularly.

Die deelnemers het gesê dat die enigste ander vorms van kommunikasie wat hulle ontvang van die CDC is om CDC-gemeenskapsvergaderings af te kondig. Die deelnemers het gesê dat hulle soms briewe in die kerk kry en dat dit soms op die radio afgekondig word dat daar 'n vergadering gaan wees.

Een deelnemer het betekenisvol gesê:

> They only send letters to inform people to come to the meetings; it’s not for feedback.

ŉ Ander deelnemer het aangevoer:

> Sometimes they use to give us letters and sometimes they write notes on the door posts: ‘This is what is going to be done, this is what we are planning to do’. It is part of their communication. They leave their details for more information, so if you want to, you contact this person.

Vanuit die fokusgroepe was dit duidelik dat die deelnemers nie tevrede is met die mate van kommunikasie wat hulle van die CDC ontvang nie.

Die deelnemers is ook gevra oor ander meer informele geleenthede om met die CDC-lede te kommunikeer. Hierdie vrae het groot reaksie onder die deelnemers ontlok en die meerderheid van die deelnemers het ongemaklik gelyk met die gedagte daaraan om CDC-lede buite gemeenskapsvergaderings te nader.

ŉ Deelnemer het gesê:

> If you know their house, you can go to their place.

ŉ Ander deelnemer het aangevoer:

> You can approach them in town but the answer you will get is: ‘I don’t have time for that – just come and talk to me at a meeting’. That is the answer.

Toe die fokusgroep gevra is of hulle gemaklik is om die CDC-lede buite vergaderings te nader was hierdie die respons:

> They feel like communicating with them, but the only thing that they (participants) are scared, not that they are scared. They are just saying if they are going to communicate, telling them (CDC members) their issues they (CDC) are not going to do it. We (participants) have been trying to communicate with those previous (CDC members) who were there, they could not now what about these ones.

Terwyl ŉ ander deelnemer aangevoer het:

> When you have a problem you will not feel shy of approaching someone, because you want something to happen … When you approach someone, you have to do so in a polite way. A CDC, you approach a CDC, but hear … that this is not the right time. You will do it for the first time, but because you waited for so long and nothing changed you will not even bother and go to the CDC for a second time.

ŉ Ander deelnemer het ook hulle misnoeë uitgespreek:

> But there are times when you have a problem, maybe for a second time. First you were confident to talk to them because you thought they could solve your problem, but the second time, when you have the same problem or another big problem, you will not be strong or that confident again. You will be afraid to go there because they are not like helping you … Even if you go there, they won't do anything so you just keep your problem to yourself.

Vanuit die bostaande deelnemers se response blyk dit duidelik dat hulle van mening is dat daar nie werklik vir hulle die geleentheid is om CDC-lede buite die konteks van CDC-gemeenskapsvergaderings te nader nie. Verder is dit kommerwekkend dat die gemeenskapslede nie die vrymoedigheid het om CDC-lede te nader nie omdat hulle daarvan oortuig is dat hulle nie hulp of ondersteuning uit daardie oord gaan kry nie.

Gevolglik kan daar gesê word dat kommunikasie tussen die CDC en die deelnemers nie op ŉ gereelde basis geskied nie. Voorts blyk dit die persepsie van die deelnemers te wees dat daar nie goeie platforms vir deurlopende, formele of informele kommunikasie en terugvoer is nie. Sommige deelnemers het ook nie vrymoedigheid om die CDC-lede te nader buite die konteks van CDC-gemeenskapsvergaderings nie omdat hulle bang is die CDC-lede wys hulle weg of ontbloot hulle probleme in die gemeenskap.

### 5.4.2. Horisontale kommunikasie

Horisontale kommunikasie is as volg gedefinieer:

*Tydens die kommunikasie tussen die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap behoort alle partye se stem ewe veel gewig te dra* (Tabel 3.2).

Die operasionele definisie van horisontale kommunikasie veronderstel dat beide die ontwikkelende gemeenskap van Rundu en die CDC-lede se stemme ewe veel gewig behoort te dra. Dit veronderstel ook dat voorstelle wat beide partye maak ten opsigte van ontwikkeling in ag geneem behoort te word. Wanneer die ontwikkelende gemeenskap nie deelneem aan die besluitnemings- en beplanningsfase van CDC-ontwikkelingsinisiatiewe nie, en nie regtig ŉ sê het in terme van implementering nie, dra hulle stem nie ewe veel gewig nie. Tydens die fokusgroepe het die deelnemers se response presies die bogenoemde aanname bevestig.

Een deelnemer het gesê:

> Our voice is not important because whatever we share with them, whatever we put on the table, whatever the platform that we used to tell them, they don't do it – which means that their (CDC) voice is more important and our voice is not important. We complain a lot about things to them and they fail to deliver.

’n Ander deelnemer het aangevoer:

> ...then those who are on top they feel like we have no power to involve ourselves in those issues because they feel like our voice, it is not very powerful for us to involve in terms of developing things.

Nog ’n deelnemer het gesê:

> You feel like you are equal, yet they regard their opinion more serious than yours. Some of the people in the community who trust the CDC won’t concentrate on what another person is saying … they only care about what the CDC is saying.

Voorts het ’n deelnemer uitgebrei:

> Even if you go give voice to something, there is nothing in return. They are not considerate at all. So it is kind of a waste of time. What is the use of having a meeting?

’n Ander deelnemer het verduidelik:

> We are just involved when there are meetings. We voice out our voices but nothing is considered, so we just sit back and watch whatever the CDCs are doing.

Die deelnemers se respons dui hulle frustrasie en hulle ongelukkigheid met die situasie aan. Die deelnemers meen baie duidelik dat kommunikasie nie horisontaal is nie omdat hulle stem geen gewig dra nie. Hierdie was van die deelnemers se rede waarom hulle nie vergaderings bywoon nie.

’n Ander deelnemer het verduidelik wat sommige gemeenskapslede soms doen wanneer hulle voel dat hulle stem nie gehoor word nie:

> You get some individuals in the community who will write a letter … and voice the problems that they are encountering in that community. They hand it over to the councillor and wait to hear what the councillor will say.

Toe die persoon gevra is of daar enige respons was, was die antwoord:

> They normally don’t consider the letter, maybe they throw it away. They never attend to it.

Gevolglik blyk die persepsies van die deelnemers te wees dat hulle stem minder of byna geen gewig dra as dit met dié van die CDC-lede vergelyk word nie. Dit was duidelik dat hierdie kwessie die deelnemers ongelukkig maak en dat hierdie situasie in sommige gevalle mense heeltemal ontmoedig om verder deel te neem aan enige CDC-inisiatiewe.

Tydens die semigestruktureerde onderhoude was die CDC-lede van mening dat die ontwikkelende gemeenskap nie gemeenskapsvergaderings bywoon nie omdat hulle (die gemeenskap) van mening is dat hulle nie enigsins daarby baat vind nie. Die gemeenskapslede het hierdie persepsie bevestig en dit duidelik gemaak dat hulle nie voel dat hulle insette enige

verskil maak nie wat daartoe lei dat hulle nie die nut van vergaderings of kommunikasie met die CDC-lede insien nie.

### 5.4.3. Tweerigtingkommunikasie

Vir die doeleindes van hierdie studie is tweerigtingkommunikasie as volg gedefinieer:

*Beide CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap het ewe veel geleentheid om deel te neem aan gesprekvoering en om na mekaar te luister* (Tabel 3.2).

Soos daar reeds in die bostaande vasgestel is: daar word baie min CDC-gemeenskapsvergaderings gehou waar die gemeenskap die geleentheid kry om te kommunikeer (sien 5.4.1). Die geleenthede vir deelname aan ontwikkelingsdiskoers is baie beperk. Die deelnemers het teenstrydige ervarings gedeel toe dit kom by die geleenthede wat daar vir die gemeenskap en die CDC is om aan gesprekvoering deel te neem.

Een van die deelnemers het gesê:

> We (community) use to talk a lot, because we have a lot of problems… (we want) to tell them (the CDC) so that they can do something.

ŉ Ander deelnemer het aangevoer:

> But it is mostly them telling you, ‘We want to do this or do this’. And then people start to question and they answer.

ŉ Ander het gesê:

> This is how the meeting works: first the people of the community go to a meeting and sit and wait for those people (CDC). One of them gives a speech. After that they sometimes give us the opportunity to ask questions.

Hierdie teenstrydige ervarings is moontlik as gevolg van die feit dat elke kiesafdeling in Rundu sy eie CDC het. Dit is moontlik dat CDC-lede gemeenskapsvergaderings op hul eie manier benader.

Die meerderheid deelnemers het egter saamgestem dat die CDC nie na hulle luister nie.

ŉ Deelnemer het reguit gesê:

> They don’t listen to us.

’n Ander deelnemer het aangevoer:

> It is only when they need to be elected, they come to you and listen to you. But after being elected, it is about self-enrichment. They prefer everything on their side. But not all of them, only some.

’n Deelnemer het gesê:

> If we talk to them, they don’t listen to us. That is why we don’t have that access to go to them and communicate with them.

Een deelnemer het aangevoer:

> They pretend to listen, but they won’t do it. They will mention another topic to distract you.

Vanuit die response van deelnemers blyk dit die meerderheid se gevoel te wees dat die CDC-lede nie na hulle luister nie. Vanuit die deelnemers se response kan die afleiding gemaak word dat hulle meen hulle luister wanneer hulle in gesprek met die CDC is tydens gemeenskapsvergaderings.

Die gevolgtrekking wat gemaak kan word van die ontwikkelende gemeenskap se persepsies oor tweerigtingkommunikasie is as volg: daar is nie ewe veel geleentheid vir die ontwikkelende gemeenskap om deel te neem aan gesprekvoering met die CDC-lede nie. Soos daar reeds vasgestel is, is daar baie min geleenthede vir formele kommunikasie – vergaderings word nie gereeld gehou nie. Dit blyk die geval te wees dat in sommige vergaderings CDC-lede meer geleentheid het om te praat terwyl die gemeenskap meestal net die geleentheid het om hulle klagtes te lewer. Voorts blyk dit die persepsie van die gemeenskapslede te wees dat die CDC-lede nie na hulle luister wanneer hulle wel die geleentheid kry om te praat nie. Hoewel, beide die gemeenskap en CDC-lede van mening was dat hulle na mekaar luister, is die navorser nie oortuig dat dit lei tot gedeelde of wedersydse begrip vir mekaar nie – wat inherent daarop dui dat hulle nie werklik na mekaar luister nie.

### 5.4.4. Gedeelde en wedersydse begrip

Die operasionele definisie vir gedeelde en wedersydse begrip lees as volg:

*’n Verhouding waar beide die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu begrip het vir mekaar en die ontwikkelende situasie waarin hulle is* (Tabel 3.2).

Tydens die fokusgroepe was daar gemengde gevoelens oor hierdie konstrukte en die deelnemers het teenstrydige opinies gehad.

Van die deelnemers was van mening dat die CDC-lede begrip vir hulle situasie het:

ŉ Deelnemer het gesê:

> They use to understand the needs of the people in terms of development; they take it seriously. But they fail to put it into action and do it. They never do it.

ŉ Ander deelnemer het aangevoer:

> When someone complain that people they want electricity, they will provide electricity … (but) when the power line will just end somewhere. They will give to people who don't even bother with electricity and those people who need electricity (don't receive).

Die deelnemers is verder ook gevra of die CDC-lede ŉ poging aanwend om hulle behoeftes te verstaan.

Een deelnemer het verduidelik:

> I say yes, they are making an effort to understand. Sometimes they go into the street and see what the need of those people are.

Ander deelnemers was eerder van mening dat die CDC nie begrip het of probeer hê vir hulle situasie nie.

ŉ Deelnemer het aangevoer:

> So there is an effort, meaning they give a task to someone saying, 'Look after those people who are really suffering; you must help them'. You can see there is an effort, but tomorrow they will only help one side. The other side's people … they will just reject them.

ŉ Ander deelnemer het die teendeel verduidelik:

> No, because if they consider about the community whenever someone make a complaint you must see on how you must help that person, if they have already complied with the rules and regulation of the CDC but when a person is complying to the rules and regulation but whenever he gives a complaint you are not even solving that problem, then you are not doing anything. They are not putting in that effort.

Tydens die fokusgroepe het dit voorgekom of die ontwikkelende gemeenskap van Rundu nie beduidende gedeelde of wedersydse begrip het vir die situasie van die CDC nie. Hierdie afleiding word gemaak op grond van die deelnemers se response op ander vrae. In die fokusgroepe waar die deelnemers direk gevra is of hulle die situasie en beperkings van die CDC-lede verstaan het die meeste deelnemers gesê hulle is onseker oor die situasie van die CDC. Daar is wel uitgebrei oor die beperkings wat die deelnemers oor die CDC ervaar het.

Een deelnemer het benadruk:

> Those communities, they have limits because they concentrate (too) much on their families … they put their family first, then consider other people because they think if they can do this to other people and they don't do it to their family, it will be a problem. So first they consider their family, then the community.

Dit blyk uit hierdie stelling dat hierdie deelnemer oortuig is dat die CDC-lede die behoeftes van hulle naastes bo dié van die gemeenskap stel.

ŉ Ander deelnemer het verduidelik:

> The CDC has some problems, because when they receive the complaints, they have already received it from the community. They then just take the complaints and hand it over to the government … but they will say okay we can do about two things at a time … they do not work hand-in-hand like we do … the government works at one thing at a time.

Hierdie deelnemer se persepsie werp lig op die feit dat hulle van mening is dat die CDC-lede nie hulle werk deeglik doen nie. Die deelnemer wil hê dat die CDC met meer erns deur die gemeenskapslede se 'klagtes en voorstelle' sif en nie bloot net alles oordra aan die plaaslike regering nie.

Een deelnemer het tot verwys na die fisiese beperkings wat die CDC het:

> Whenever they want to do something, maybe they don't have vehicles, there is no office … they will say, 'No we don't have an office, maybe you must pass through the Town Council'. That will be a long process. Maybe they want to do something and there is rain … there is no hall for meetings. This can limit them so that they cannot address satisfactory.

Hierdie deelnemer se persepsie is belangrik en dui daarop dat daar selfs fisiese, tasbare hindernisse is wat dit vir die CDC-lede moeilik kan maak om hulle werk te doen. Hierdie deelnemer se persepsie bewys 'n groter mate van begrip vir die situasie waarin die CDC-lede hul bevind.

Die beperkings wat die deelnemers bespreek het, was interessant en insiggewend en dui daarop dat die meerderheid van die deelnemers nie noodwendig volle begrip het vir die situasie of beperkings van die CDC-lede nie. Wat baie duidelik was tydens van die onderhoude is dat die deelnemers gevoel het dat hulle onregverdig deur die CDC behandel word – dat die CDC hulle naaste-mense se behoeftes bo dié van die gemeenskap plaas. Of dit waar is of nie, dit is problematies dat dit die persepsies van baie deelnemers was. Hierdie kwessie is iets wat die CDC beslis aandag aan moet gee sodat daar ŉ goeie vertrouensverhouding kan wees.

Die aanname kan voorts gemaak word dat die deelnemers nie werklik begryp dat die CDC ŉ uitvloeisel van die regering op voetsoolvlak is nie; dit veronderstel dat die CDC nie alleen mag het oor besluite wat geneem word nie. Dit beteken verder dat die CDC soms moontlik 'Ja' sê vir sekere versoeke, maar wanneer dit opgeneem word met die streeksraad is daar dalk net nie finansies beskikbaar is nie.

Gevolglik blyk dit dat die deelnemers 'n mate van gedeelde begrip vir die ontwikkelingskwessies het, maar nie 'n beduidende groot mate van wedersydse begrip vir die situasie van die CDC het nie. Hierdie is baie problematies omdat dit die CDC in 'n posisie sit waar die gemeenskap hulle nie werklik vertrou nie – maak nie saak wat die rede is waarom die gemeenskap nie altyd gedeelde of wedersydse begrip het nie.

### 5.4.5. Vertrouensverhouding

Vir hierdie studie se doeleindes is vertrouensverhouding só gedefinieer:

*ŉ Verhouding waar die ontwikkelende gemeenskap glo hulle belange word op die hart gedra en beskerm en waar die CDC-lede op hulle beurt die gemeenskap vertrou om verantwoordelik deel te neem aan die proses* (Tabel 3.2).

Toe die deelnemers gevra is oor die gemeenskap se verhouding met CDC-lede het die meerderheid saamgestem dat daar nie ŉ goeie verhouding tussen hulle en die CDC-lede bestaan nie.

ŉ Deelnemer het aangevoer:

> If you have money the relationship is good, but if you don't have money it is very poor … so my own opinion is the relationship is poor.

ŉ Ander deelnemer het benadruk dat daar ook ander voorwaardes is vir ŉ goeie verhouding met die CDC-lede:

> If you are a member of the ruling party then the relationship will be effective, it will be well.

Vanuit die bostaande blyk dit die persepsie van die deelnemers te wees dat daar nie ŉ goeie verhouding tussen hulle en die CDC-lede is nie. Verder is dit die persepsie van die deelnemers dat daar voorwaardes daaraan gebonde is om ŉ goeie verhouding met CDC-lede te hê.

Daar was weer eens gemengde gevoelens oor vertroue: sommige deelnemers het gevoel dat hulle die CDC-lede kan vertrou om hulle te verteenwoordig, maar ander het nie die vertroue gedeel nie.

Een deelnemer het verduidelik:

> We have trust in them that they will deliver the message, but when they deliver it those people need to report again to another person. So it takes time. We have trust in them, but some of they are just there for self-enrichment.

ŉ Ander het gesê het:

> You can trust someone who use to organise the meeting with you and use to ask questions with you. What is that you want and what must he do for you? Really, you can trust that person.

Een deelnemer het aangevoer:

> You can gain a trust in them, but it will take a long time to happen. Perhaps 2 to 3 years.

Ander deelnemers se persepsie was dat hulle nie die CDC kan vertrou nie. Hierdie deelnemer het gesê:

> They (respondents) don't trust them (CDC) because they use to think that maybe even if they talk, maybe they (CDC) won't report.

'n Ander deelnemer het benadruk:

> The thing is, they don't report all the needs of the community through the channel of communication. Some of the things are left out. For instance, if we say we need irrigation next to Sauyemwa, we need pipes, water, a tractor and land, not all of those things will be mentioned. They will mention some and the rest they will leave out. They do not complete the job. Which means, on the one hand you trust them, but the other hand you don't.

Gevolglik blyk dit die persepsie van die deelnemers te wees dat daar nie 'n goeie vertrouensverhouding tussen hulle en die CDC-lede is nie. In die bostaande bespreking is daar reeds aangedui dat van die deelnemers van mening was dat die CDC-lede hulle naastes se behoeftes bo dié van die ontwikkelende gemeenskap plaas (sien 5.4.4). Hierdie persepsie is reeds ook 'n groot aanduiding dat die ontwikkelende gemeenskap 'n gebrek aan vertroue in die CDC-lede het. Van die deelnemers het verduidelik dat daar voorwaardes daaraan geheg word om ŉ 'goeie' verhouding met die CDC-lede te kan hê. Hierdie situasie is problematies en behoort nie die geval te wees nie – CDC-lede se eie oortuigings behoort nie hulle oordeel te beïnvloed nie. Alhoewel, daar deelnemers was wat saamgestem het dat hulle die CDC kan vertrou, het die meerderheid nie die gevoel gedeel nie. Verder, wanneer daar weer gekyk word na die gemeenskap se deelname, ofte wel nie-deelname in sommige gevalle (woon nie CDC-gemeenskapsvergaderings by nie), kan die afleiding gemaak word dat die CDC dalk nie die ontwikkelende gemeenskap van Rundu kan vertrou om verantwoordelik deel te neem nie.

Daar blyk dus nie ŉ vertrouensverhouding tussen die deelnemers en die CDC-lede te wees nie.

*5.4.6.1. Gevolgtrekking oor dialoog*

Dit blyk die persepsie van die deelnemers te wees dat daar nie gereelde kommunikasie tussen hulle en die CDC-lede geskied nie. Verder was daar ontevredenheid oor die kanale vir terugvoer van die CDC-lede. Van die deelnemers het ook saamgestem dat hulle nie gemaklik is om die CDC-lede buite die konteks van gemeenskapsvergaderings te nader nie.

Voorts was dit die deelnemers se persepsie dat hulle stem minder gewig dra in die kommunikasieproses. Dit veronderstel ook dat hulle dan minder mag kan uit oefen op ontwikkeling.

Dit blyk die persepsie van die deelnemers te wees dat hulle nie ewe veel geleentheid kry om deel te neem aan die kommunikasieproses nie. Verder is die meeste deelnemers oortuig dat die CDC-lede nie na hulle luister nie omdat dit vir hulle voel of hulle klagtes of voorstelle nie ernstig deur CDC-lede opgeneem word nie. Alhoewel die aanname gemaak kan word dat die deelnemers in CDC-gemeenskapsvergaderings luister, blyk dit vir die navorser of dit nie na gedeelde of wedersydse begrip vir die CDC se situasie lei nie.

Omrede die deelnemers nie die vraag of hulle die CDC-lede se situasie verstaan werklik kon beantwoord nie, kan die afleiding gemaak word dat die deelnemers nie die situasie verstaan nie. Dit is die persepsie van die deelnemers dat die CDC-lede nie regtig na hulle wil luister nie en dus nie gedeelde begrip vir hulle realiteit het nie. Voorts lyk dit asof die ontwikkelende gemeenskap dink dat hulle die CDC se realiteit verstaan, maar nie noodwendig dat die CDC hulle realiteit verstaan nie.

Voorts blyk dit die persepsie van die deelnemers te wees dat daar nie ŉ goeie vertrouensverhouding tussen hulle en die CDC-lede is nie. Ván die deelnemers het uitgebrei oor voorwaardes wat daaraan geheg word om ŉ 'goeie' verhouding met die CDC te kan hê. Die meerderheid deelnemers het ook saamgestem dat hulle nie die CDC kan vertrou nie.

Gevolglik kan daar gesê word dat die kommunikasie tussen die CDC-lede en die deelnemers nie ŉ proses van gereelde, horisontale of tweerigtingkommunikasie is nie. Dit blyk voorts dat die kommunikasie nie gedeelde of wedersydse begrip vir mekaar of die ontwikkelingsituasie daarstel nie. Voorts bestaan daar nie ŉ goeie verhouding of vertroue tussen die deelnemers en die CDC nie. Dus kan die afleiding gemaak word dat kommunikasie tussen die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu volgens die gemeenskap nie dialogies van aard is nie.

## 5.5. Kulturele identiteit

Die teoretiese stelling vir kulturele identiteit is:

*Kommunikasie tussen die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu behoort die CDC-lede in staat te stel om begrip van en respek vir die kulturele identiteit van die ontwikkelende gemeenskap te hê ten einde die kulturele identiteit te kan beskerm en integreer binne die konteks van die ontwikkelingsinisiatief* (3.5.1).

Die konstrukte vir kulturele identiteit, soos uiteen gesit in hierdie studie, is: begrip, respek en integrasie (Tabel 3.2).

### 5.5.1. Begrip

Begrip word vir hierdie studie se doeleindes soos volg gedefinieer:

*Die CDC-lede verstaan die kulturele norme en waardes van die ontwikkelende gemeenskap van Rundu* (Tabel 3.2).

Daar is nie beduidend tydens die fokusgroepe oor begrip uitgebrei nie. Aanvanklik het die vrae oor kultuur die meeste van die deelnemers aan die fokusgroepe deurmekaar gemaak. Hoewel die deelnemers nie vreeslik uitgebrei het nie, kan die afleiding gemaak word dat die CDC-lede begrip het vir die kulturele identiteit van die ontwikkelende gemeenskap. Hierdie afleiding kan gemaak word omdat die CDC-lede ook inwoners is van die verskeie ontwikkelende gemeenskappe – hulle het dus tot ŉ groot mate toe dieselfde kulturele oortuigings. Voorts word hierdie afleiding bevestig in die analise van die onderhoude met die CDC-lede (4.4.1).

Gevolglik kan gesê word dat die CDC-lede wel ŉ begrip het vir die kulturele identiteit van die ontwikkelende gemeenskap van Rundu. Hierdie begrip spruit nie voort uit gesprekvoering of verhouding nie, maar eerder vanweë die feit dat die CDC-lede ook inwoners van die gemeenskappe is en heel waarskynlik ook Kavangos is.

Alhoewel die aanname gemaak word dat die CDC-lede die kulturele norms en waardes van die ontwikkelende gemeenskap van Rundu verstaan, het dit tydens die fokusgroepe aan die lig gekom dat hierdie begrip nie lei tot beduidende respek of ŉ verhoogde gebruik van kultuur as ŉ moontlike oplossing vir ontwikkelingskwessies binne die ontwikkelende gemeenskappe nie.

### 5.5.2. Respek

Respek word as volg gedefinieer:

*Die CDC-lede se boodskappe neem die gevoelens, wense, of regte van die ontwikkelende gemeenskap van Rundu se kulturele identiteit in ag en verstaan dat kulturele identiteit belangrik is in hierdie proses* (Tabel 3.2).

Die meerderheid deelnemers het saamgestem dat hulle kulturele identiteit nie respekteer word binne die konteks van CDC-ontwikkelingsinisiatiewe nie. Tydens een van die fokusgroepe het al die deelnemers saamgestem dat hulle kulturele identiteit op die oomblik binne die konteks van ontwikkeling geïgnoreer word. Voorts het al die deelnemers by een van die ander fokusgroepe benadruk dat die CDC nie hulle kulturele norm en waardes bevorder nie.

Een van die deelnemers het gesê:

> No, but they suggest that with their (CDC's) ideas it is actually demolishing (local culture).

ʼn Ander deelnemer het weer benadruk:

> Sometimes our culture, if they could listen to us, our culture could get space to develop. Only the problem is that if our culture they can take it here (at meetings) but when they go there (town council) they ignore everything. That is the problem.

ʼn Ander deelnemer het gedeel:

> They respect it but they do not value it, and they say if you want to go and put your cultural things, unless you must have a license, that license it costs a lot of money especially like them, they are poor they cannot afford that money which they (CDC) are asking that is why they are saying that they are not valuing really the culture.

Die afleiding kan gemaak word dat hierdie een deelnemer van mening is dat die CDC-lede moontlik hulle kulturele identiteit respekteer, maar dit nie as waardevol of ʼn belangrike element van ontwikkeling beskou nie. Oor die algemeen het dit egter voorgekom asof die meeste deelnemers nie gedink het dat die CDC hul kultuur respekteer nie.

Voorts blyk dit ook nie dat kulturele identiteit in ag geneem word binne die konteks van die ontwikkelingsdiskoers nie. Vanuit die deelnemers se response kan die afleiding verder gemaak word dat die CDC nie doelbewus probeer om kultuur in te sluit tydens kommunikasiegeleenthede tussen hulle en die ontwikkelende gemeenskap nie. Die feit dat die ontwikkelende gemeenskap se kulturele identiteit binne die konteks van ontwikkeling nie verteenwoordigend is nie kan moontlik daartoe lei dat ontwikkelingsoplossings die fyn nuanse

binne inheemse kulturele norme en waardes uitwis en dat toekomstige generasie minder en minder met die inheemse kultuur te doen kry.

Een deelnemer het die bostaande sentiment gedeel:

> So it use to be on the radio to announce it that we must also involving our culture in terms of development so that our children can also not forget our culture so that they can also know about our cultural activities.

Dit is noodsaaklik dat CDC-lede gesprekke ten opsigte van kultuur en ontwikkeling aanmoedig en ontlok. Voorts behoort kultuur geag te word as ŉ bron van oplossings wat toegepas kan word op die huidige ontwikkelingskwessies wat die ontwikkelende gemeenskap van Rundu in die oë staar. Kultuur behoort verder doelbewus in ag geneem te word binne die konteks van ontwikkeling.

Gevolglik kan daar gesê word dat CDC-lede se boodskappe tans in ŉ baie klein mate die gevoelens, wense, of regte van die deelnemers se kulturele identiteit in ag neem.

### 5.5.3. Integrasie

Vir hierdie studie se doeleindes is integrasie só gedefinieer:

*Die CDC se boodskappe en ontwikkelingsinisiatiewe weerspieël die kultuur van die ontwikkelende gemeenskap van Rundu* (Tabel 3.2).

Die gesprek oor integrasie van kultuur binne die konteks van ontwikkeling het sterk opinies onder die deelnemers ontlok. Die deelnemers het oorwegend saamgestem dat hulle kulturele norms en waardes nie tans binne die konteks van CDC-ontwikkelingsinisiatiewe geïntegreer word nie. Toe die deelnemers gevra was of hulle kultuur ŉ antwoord kan wees vir ontwikkelingskwessies het die meerderheid saamgestem.

Een van die deelnemers het gesê:

> ...If they happen to have their culture to involve it now concerning about those people if they will not be educated that country will not develop. Since we live using our culture and we need development like schools, hospitals, sanitation, health education it will develop, even our health will be good and the living condition within the community.

ŉ Ander deelnemer het aangevoer:

> (Their culture has) a lot of answers, let me say most of the answers. Because this is Kavango region, we have a river, we have fertile soil, we have a lot of trees. So taking our culture and putting it together with the natural resources, now putting it to the CDC, there is a lot of development.

ŉ Ander deelnemer het verduidelik:

> It is also important for our country when we are doing cultural things, it also attracts tourism also, when they (tourists) will come into our country and just find these traditional things with us.

Nog een:

> It (culture) can bring development because in our, in Namibia the cultures which we have, you don't have it to other countries because we receive more tourist in Namibia and if we do it and sell it to different countries, it will bring development

Vanuit die bostaande response blyk dit duidelik dat die deelnemers voel dat hulle kulturele norme en waardes positief kan bydra tot sosiale ontwikkeling in en om Rundu sowel as vir Namibië as ŉ land.

Tydens die fokusgroepe is moontlike hindernisse in terme van kulturele identiteit en ontwikkeling blootgelê.

ŉ Deelnemer het gesê:

> The CDC always encourage people to involve themselves in farming but they don't really reach a level where they provide these community members with the development tools like the farming tools which can help them when they are farming. So, in such a way people are not really encouraged to work hard, since we believe as Kavango's, farming and planting different crops is part of our cultural activities.

Hierdie deelnemer se respons werp lig op ŉ onvoorsiene kwessie – die ontwikkelende gemeenskap, CDC-lede en ander plaaslike regeringsfaksies moet saamwerk om te verseker dat ontwikkeling volhoubaar geskied. Een oplossing vir hierdie kwessie kan wees as die ontwikkelende gemeenskap meer betrokke was by die besluitnemings- en beplanningsfases van CDC-ontwikkelingsinisiatiewe en die CDC weet van die hindernisse wat daar moontlik kan wees.

ŉ Ander deelnemer het nog ŉ ernstige kwessie opgehaal:

> Sometimes there is division, because they (CDC) say this is only for the Nyembas, this is only for Kongali, this is only for Jericos, so it brings divisions in culture.

Alhoewel mense van verskillende stamme en van ander plekke in Namibië in Rundu woon, blyk dit dat die meerderheid van die inwoners Kavangos is (sien 1.1.3). Om hierdie rede is dit verstaanbaar dat die CDC ontwikkeling grootliks vanuit die Kavangokultuur benader, maar dit bly van die uiterste belang dat hulle ook sensitiwiteit en respek teenoor die kulturele identiteit van ander stamme toon en die geleentheid skep vir hierdie mense om aktief deel te neem aan hul eie ontwikkeling.

Voorts het ʼn ander deelnemer nóg ʼn ernstige kwessie ontbloot:

> Yes but sometimes they are talking obviously Rukongali, but some people they will not understand the Kongali and no one can translate, even to me. I was at a community meeting but he did not, but if he will see me he will say, 'Ja (name) you can go, there is a meeting' but if you come there, he translate not for us, we sitting and the head have been paining, then he come out and say, 'Next time, you did not go but you say at the community' then I say, 'But you did not tell me, you speak net Kongali and I understand not Kongali and I speak mos English but no one can help me, always.

Hierdie deelnemer se emosie was duidelik toe sy vertel het van haar ervaring by ʼn CDC-gemeenskapsvergadering. Die kwessie van taal is ʼn belangrike een. Hoewel daar aanvaar kan word dat die meeste inwoners in Rundu Kavangos is, behoort die CDC mense wat nie die plaaslike taal kan verstaan nie ook tegemoet te kom sodat hulle ook aktief by die ontwikkeling van hulle gemeenskap betrek kan word. Dit is noodsaaklik dat alle kommunikasie tussen die CDC en die plaaslike gemeenskap vir almal verstaanbaar moet wees en die CDC behoort in hierdie opsig die verantwoordelikheid te neem om byvoorbeeld te sorg dat daar tolke is by vergaderings en dat geskrewe kommunikasie in al die nodige tale gekommunikeer word.

Vanuit die bostaande kan die volgende argument gemaak word: die CDC se boodskappe en ontwikkelingsinisiatiewe weerspieël nie die kulturele identiteit van die deelnemers nie.

#### *5.5.4.1. Gevolgtrekking oor kulturele identiteit*

Vanuit die bostaande kan die afleiding gemaak word dat dit die persepsie van die deelnemers is dat hulle kulturele identiteit geïgnoreer word binne die konteks van CDC-ontwikkelingsinisiatiewe. Voorts blyk dit dat die CDC nie klem plaas op die belangrikheid van kulturele norms of oorwegings ten opsigte van ontwikkeling nie.

Dit blyk die persepsie van die deelnemers te wees dat CDC-lede wel begrip het vir die kulturele identiteit van die ontwikkelende gemeenskap omdat die CDC-lede ook deel is van hierdie gemeenskappe.

Alhoewel, daar begrip is vir die ontwikkelende gemeenskap van Rundu se kulturele identiteit is dit die persepsie van die deelnemers dat daar nie respek vir of integrasie van hierdie identiteit plaasvind binne die konteks van CDC-ontwikkelingsinisiatiewe nie.

Vanuit die deelnemers se response blyk dit dat CDC se boodskappe nie die gevoelens, wense, of regte van hulle kulturele identiteit in ag neem nie. Voorts het response daarop gedui dat kultuur nie graag deel gemaak word van ontwikkelingsdiskoers nie.

Vanuit die deelnemers se persepsies blyk dit dat die boodskappe en ontwikkeling wat die CDC voorsit nie die kulturele identiteit van die ontwikkelende gemeenskap van Rundu weerspieël nie.

Dus kan die afleiding gemaak word dat die kommunikasie tussen die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu nie die CDC in staat stel om begrip van en respek vir die kulturele identiteit van die ontwikkelende gemeenskap te hê nie. Gevolglik lei dit daartoe dat die kulturele identiteit van die ontwikkelende gemeenskap van Rundu nie werklik beskerm of geïntegreer word in die CDC-ontwikkelingsinisiatiewe nie.

### 5.6. Bemagtiging

Die teoretiese stelling vir bemagtiging is soos volg geformuleer:

*Kommunikasie tussen die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu behoort die gemeenskap te bemagtig om eienaarskap van hul eie omstandighede te neem en om meer onafhanklik te funksioneer ten einde probleme in die toekoms self te kan aanpak en oplos* (3.5.1).

Die konstrukte vir bemagtiging, soos uiteengesit in hierdie studie, is: eienaarskap, selfstandige denke, probleem-analise en -oplossingsvaardighede (Tabel 3.2).

Tydens die fokusgroepe het baie van die deelnemers verwys na materiële dinge soos lopende water, klinieke, paaie, skole of geld as die resultaat wat hulle graag sou wou hê van hulle deelname aan CDC-ontwikkelingsinisiatiewe - nie noodwendig bemagtiging nie. Die ontwikkelende gemeenskap het ŉ groot behoefte aan materiële dinge en dit blyk asof hulle nie verstaan wat bemagtiging presies behels nie. Verder het die deelnemers aan die fokusgroep nie regtig verstaan wat bemagtiging is of die meeste van die konstrukte daarvan is nie. Die moderator en tolke moes dit verduidelik ten einde gesprekvoering te ontlok, maar dit was nie baie suksesvol nie. Die meeste van die deelnemers het wel saamgestem dat hulle deelname aan CDC-ontwikkelingsinisiatiewe hulle behoort te bemagtig in ander aspekte van hulle lewe.

#### 5.6.1. Eienaarskap

Vir die doeleindes van hierdie studie is eienaarskap soos volg gedefinieer:

*Die mate waartoe die ontwikkelende gemeenskap van Rundu verantwoordelikheid neem vir hulleself en hulle sosiale verandering* (Tabel 3.2).

Alhoewel daar nie oor eienaarskap uitgebrei is tydens die fokusgroepe nie, was dit duidelik dat deelnemers ŉ hoër mate van eienaarskap wil hê as wat tans die geval is. Voorts blyk dit asof hulle graag meer verantwoordelikheid wil hê ten opsigte van die ontwikkeling van Rundu en veral die gemeenskappe waar hulle woon.

Een van die deelnemers het gesê:

> If you are participating in development projects, it is (about) employment, that is first. Second, skills are required, so by doing those projects you are getting some skills. And third, I would say you are investing your time in something that is valid. At the end of the day you will get fruitful feedback from it rather than just sitting at home and not doing anything.

Hierdie respons reflekteer die positiewe houding wat meeste van die deelnemers aan die fokusgroepe gehad het ten opsigte van ontwikkeling.

Voorts dui dit daarop dat die deelnemers nie tans eienaarskap neem nie. Aangesien dit blyk dat die CDC nie baie geleenthede vir deelname skep nie, kan die afleiding gemaak word dat die deelnemers meestal passiewe ontvangers van ontwikkeling is. In die fokusgroepgesprekke het ŉ klein aantal deelnemers aangedui dat hulle self 'ontwikkelingsinisiatiewe' op die been bring. Voorts het dit gelyk of die res nie onafhanklik van die regering probeer om ontwikkeling mee te bring nie en eerder op die CDC wag.

Een van die deelnemers het gesê:

> We are developing our own families: buying bread for my kids. That is the only development that I am doing.

ŉ Ander deelnemer het aangevoer:

> ... I am waiting for the CDC also to give me something so that I can also benefit. If they won't give me anything, how can I move forward. I will still be the same.

In een van die fokusgroepe is ŉ moontlike hindernis opgehaal waarom die deelnemers nie self ontwikkeling binne hulle gemeenskappe inisieer nie.

Een deelnemer het gesê:

> There are times when you plan something … but people will not support you because they don't like to give you the of a CDC. They (the community) expect everything to come from the CDC) …

Gevolglik kan die afleiding gemaak word dat die ontwikkelende gemeenskap van Rundu min verantwoordelikheid neem vir hulself en hul sosiale verandering. Hierdie gebrek aan die neem van eienaarskap kan die gevolg wees van hul 'nie-deelname' aan die besluitnemings-, beplannings- en implementeringsfase van CDC-ontwikkelingsinisiatiewe. Desondanks het dit

voorgekom of die ontwikkelende gemeenskap positief daaroor voel om hul vlak van eienaarskap te verhoog.

### 5.6.2. Selfstandige denke

Selfstandige denke is as volg gedefinieer:

*Deelname aan CDC-ontwikkelingsinisiatiewe behoort die ontwikkelende gemeenskap van Rundu in staat te stel om selfstandig en krities te kan nadink oor situasies* (Tabel 3.2).

Soos reeds genoem, was daar verwarring tydens die fokusgroepe toe oor bemagtiging gepraat is. Die meeste van die gesprekvoering het gehandel oor vaardighede wat die ontwikkelende gemeenskap graag wou aanleer by wyse van hulle deelname aan CDC-ontwikkelingsinisiatiewe. Hierdie vaardighede waarvan hulle gepraat het, was meer geskoei op fisiese vaardighede wat hulle kon aanleer om te werk en nie noodwendig op beter denkvermoë nie.

Hierdie algemene verwardheid ten opsigte van bemagtiging onder die deelnemers dui daarop dat die fokus van ontwikkeling waarskynlik eerder op materiële dinge gefokus is. Die fokus behoort nie slegs te rus op die tasbare oplossings soos lopende water, skole of klinieke nie, maar ook op die verandering in persepsies en denke wat op die ou end die lewensgehalte van die ontwikkelende gemeenskap van Rundu kan beïnvloed. Die realiteit is dat die deelnemers nou die klem op basiese behoeftes plaas wat vervul behoort te word, maar wanneer hierdie basiese behoeftes vervul is, sal ander ontwikkelingskwessies kop uitsteek en eindelik gaan hulle weer daarin vasgevang wees. Die CDC en plaaslike regering as geheel behoort bewusmakingsveldtogte te loods ten einde hierdie multidimensionaliteit van ontwikkeling te reg te stel, sodat lig gewerp word op wat die individu in sy eie kapasiteit by wyse van deelname kan verkry.

Een deelnemer verduidelik hoe sy graag wil hê die CDC haar moet toerus:

> The CDC is the head of the community and they should lead us by example. Their voice should reach out to everyone; they must not be selective. In that way people will be empowered to work together.

Vanuit die fokusgroepe kan die afleiding gemaak word dat die CDC nie daarop fokus is om hierdie vaardighede te ontwikkel nie. Verder voel die gemeenskap dat hulle gesprekvoering met die CDC nie daartoe bydra dat hulle meer selfstandig kan nadink nie. Voorts het dit aan die lig gekom dat die deelnemers die uitkoms van ontwikkeling sien as tasbare ‘oplossings’ en nie noodwendig as persoonlike vaardighede waarmee hulle individueel bemagtig kan word nie.

### 5.6.3. Probleemanalise en -oplossingsvaardighede

Probleemanalise en -oplossingsvaardighede is vir die doeleindes van hierdie studie as volg gedefinieer:

*Deelname aan CDC-ontwikkelingsinisiatiewe behoort die ontwikkelende gemeenskap van Rundu in staat te stel om oor huidige en toekomstige probleme te reflekteer en selfstandig met oplossings vir hierdie omstandighede vorendag te kom* (Tabel 3.2).

Daar was slegs drie deelnemers wat tydens die fokusgroepe enigsins uitgebrei het oor probleemanalise en -oplossingsvaardighede. Baie van die ander deelnemers het beaam of hulle koppe geknik om te wys dat hulle saamstem met die menings van hierdie drie.

Een deelnemer was van mening dat die gemeenskap belangrike vaardighede sou kon aanleer indien hulle tot ʼn grotere mate kon deelneem en betrokke wees.

Die deelnemer het aangevoer:

> Yes, we strongly believe that if we are involved in the CDC we are going to learn different skills on how to handle different problems since in the CDC committee sometimes gather to sort out a certain problem.

ʼn Ander deelnemer was sterk van mening dat die CDC hulle moet help om selfstandig te kan optree, om self-ontwikkeling te kan toepas.

Die deelnemer het benadruk:

> They should find a way to teach people on how to affect change by themselves. We can (for example) do cleaning on our own, we can clean the environment on our own. They should awaken people's minds.

Gevolglik blyk dit die persepsie van die deelnemers te wees dat hulle nog nie in staat gestel is om oor huidige of toekomstige probleme te reflekteer nie. Dit blyk voorts dat die deelnemers ook nog nie selfstandig met oplossings vir ontwikkelingsuitdagings vorendag kan kom nie. Die CDC fokus nie op die ontwikkeling van hierdie vaardighede nie en dus leer die ontwikkelende gemeenskap nie hierdie vaardighede aan deur middel van hulle deelname aan CDC-gesprekvoeringe of -inisiatiewe nie.

#### *5.6.4.1. Gevolgtrekking oor bemagtiging*

Vanuit die bostaande kan daar afgelei word dat die deelnemers se persepsie is dat hulle tans nie bemagtig word deur hul deelname aan CDC-ontwikkelingsinisiatiewe nie. Dit blyk dat die deelnemers passiewe ontvangers van ontwikkeling is en nie doelbewus eienaarskap neem nie.

Hoewel al die deelnemers ŉ lys kon gee van ontwikkelingskwessies waarmee hulle in hulle gemeenskappe gekonfronteer word, het bitter min gevoel dat hulle self iets daaraan kan doen. Hierdie gevoel van die deelnemers kan moontlik daaraan toegeskryf word dat die CDC nie hierdie vaardighede doelbewus kweek of aanmoedig nie.

Hoewel die deelnemers graag bemagtig sou wou word met probleemanalise en -oplossingsvaardighede was dit hulle persepsie dat dit nie tans deur hulle deelname aan CDC-inisiatiewe gebeur nie.

Gevolglik kan gesê word dat die kommunikasie tussen die CDC-lede en die deelnemers nog nie die gemeenskap tot só mate bemagtig om eienaarskap van hul eie omstandighede te kan neem nie. Dus is die deelnemers nog nie in staat daartoe om meer onafhanklik te funksioneer ten einde probleme in die toekoms self te kan aanpak en oplos nie.

### 5.7. Gevolgtrekking van die ontwikkelende gemeenskap van Rundu se persepsies oor hulle deelname aan die ontwikkelingskommunikasieproses

Vanuit die fokusgroepe met die lede van die ontwikkelende gemeenskap van Rundu blyk dit dat hulle nie ’n aktiewe rol tydens die besluitneming, beplanning of implementering van CDC-ontwikkelingsinisiatiewe vertolk nie. Die meeste van die deelnemers het saamgestem dat die feit dat ‘niks’ gedoen word aan hulle klagtes nie hulle ontmoedig om CDC-gemeenskapsvergaderings by te woon. Dit is belangrik dat gemeenskapslede hierdie vergaderings bywoon omdat dit veronderstel is om die eerste tree in die rigting van ontwikkeling te wees, die plek waar daar eerstens klagtes of kwessies gerig kan word en dan waar planne van aksie opgetrek kan word om hierdie kwessies aan te spreek. Omrede die deelnemers nie deelneem aan die besluitneming, beplanning of implementering van CDC-ontwikkelingsinisiatiewe nie, het hulle min mag om die uitkoms van ontwikkeling te beïnvloed. Voorts het hulle ook nie verantwoordelikheid ten opsigte van ontwikkeling nie. Die gemeenskap is gevolglik van mening dat hulle nie deelneem aan CDC-ontwikkelingsinisiatiewe soos dit in die deelnemende benadering as ideaal voorgehou word nie.

Indien die ontwikkelende gemeenskap van Rundu voel dat hulle stem tel, kan daar moontlik ’n toename in deelname aan CDC-ontwikkelingsinisiatiewe wees. Hierdie toename sal sorg dat die ontwikkelende gemeenskap meer mag het om die uitkomste van ontwikkeling binne hulle gemeenskap en dorp te beïnvloed, so ook hulle eie lewens. Voorts behoort hierdie toename te verseker dat die ontwikkelende gemeenskap ŉ verhoogde mate van verantwoordelikheid het om te sorg dat die ontwikkeling volhoubaar en eindelik suksesvol geskied.

Vanuit die deelnemers se respons is dit duidelik dat kommunikasie tussen die CDC en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu nie op ŉ gereelde basis plaasvind nie. Daar is klaarblyklik ook min geleentheid vir terugvoer, veral vanaf die CDC na die gemeenskap oor kwessies wat opgehaal is tydens gemeenskapsvergaderings. Dit blyk verder die geval te wees dat die kommunikasie tussen die CDC en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu nie horisontaal of tweerigting van aard is nie. Die deelnemers se persepsie dui daarop dat kommunikasie nie ŉ gesprek voorstel nie – beide partye praat, maar dit lyk of nie een werklik inneem en luister na dit wat die ander te sê het nie. Omdat daar nie werklik geluister word nie en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu nie werklik die omvang van die CDC verstaan nie, kan die aanname gemaak word dat daar nie gedeelde of wedersydse begrip vir die ontwikkelingsbehoeftes of vir die CDC-lede is nie. Daar is baie ongelukkigheid oor die feit dat die CDC klaarblyklik nooit beloftes 'vervul' nie, maar ander moontlike faktore word nie in ag geneem nie. Verder was die meeste deelnemers oortuig daarvan dat daar nie ŉ goeie verhouding van vertroue tussen hulle of die CDC-lede bestaan nie. Hierdie 'slegte' vertrouensverhouding word toegeskryf aan die feit dat die gemeenskap voel die CDC nie hulle werk volledig doen nie en ook dat hulle op eie gewin ingestel is. Dus blyk dit die persepsie van die deelnemers te wees dat kommunikasie nie dialogies van aard is nie.

Ten opsigte van kulturele identiteit was die deelnemers van mening dat die CDC kultuur as afsonderlik van ontwikkeling beskou. Alhoewel, dit voorkom asof die CDC-lede begrip het vir die ontwikkelende gemeenskap se kulturele identiteit was die deelnemers nie oortuig dat dit weerspieël is in respek of integrasie nie. Verder het die deelnemers se respons daarop gedui dat kultuur nie gereeld deel is van CDC se boodskappe nie.

ŉ Belangrike punt om op te haal ten opsigte van kultuur is dat dit maklik is om aan te neem dat almal wat in die Kavango woon Kavango is, maar die realiteit is dat daar wel mense is wat daar woon wat uit ander streke of selfs ander lande kom en gevolglik ŉ ander kultuur het. Die moontlikheid bestaan dat die meerderheid van hierdie mense nie die plaaslike taal kan praat of verstaan nie. Dit is dus noodsaaklik dat die CDC hierdie mense ook welkom laat voel binne inisiatiewe en dat hulle voorstelle in terme van hul kultuur ook waar moontlik in ag geneem word.

Vanuit die fokusgroepe blyk dit dat die ontwikkelende gemeenskap van Rundu passiewe ontvangers van ontwikkeling is Hulle is nie proaktiewe voorstanders van ontwikkeling nie. Voorts is dit duidelik dat die deelnemers nie werklik verstaan wat bemagtiging binne die konteks van ontwikkeling behels nie. Tans kom dit voor asof daar nie eienaarskap geneem word nie en asof die ontwikkelende gemeenskap van Rundu nie met selfstandig denke, probleemanalise of -oplossingsvaardighede toegerus word nie.

Die feit dat die ontwikkelende gemeenskap tans nie werklik bemagtig word nie, kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat hulle nie aktief deelneem aan die besluitneming, beplanning of implementering van CDC-ontwikkelingsinisiatiewe nie. Indien die gemeenskap tot 'n groter mate toe deelneem, kan die argument gemaak word dat hulle meer bemagtig sou kon word.

In die volgende hoofstuk gaan die bevindinge van beide die semigestruktureerde onderhoude en die fokusgroepe geïntegreer word ten einde die spesifieke en algemene navorsingsvrae te kan beantwoord.

# HOOFSTUK 6: GEVOLGTREKKINGS EN BEANTWOORDING VAN DIE ALGEMENE NAVORSINGSVRAAG

6. Heading 1 sal nie druk nie. Moenie uitvee nie – dit sal verkeerde nommering tot gevolg hê.

## 6.1. Inleiding

In hoofstuk een is daar ŉ bondige agtergrond vir hierdie studie uiteengesit. Die probleemstelling is bespreek en die algemene sowel as spesifieke navorsingsvrae en -doelstellings is geformuleer wat die hele studie gerig het.

In hoofstuk twee is die literatuurstudie gedoen ten einde aan te dui hoe die beginsels van die deelnemende benadering gedefinieer kan word om relevant te wees vir die kommunikasie tussen die CDC en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu. Die gevallestudie van die CDC en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu is deurlopend vergelyk met die ideaal wat die gekose normatiewe teorie voorstel. Na afloop van die teoretiese besprekings is die teoretiese stellings vir hierdie studie geskryf.

In hoofstuk drie is verduidelik hoe die empiriese navorsing uitgevoer is. Die toepaslikheid van die navorsingsbenadering asook navorsingsmetodes is beredeneer voordat daar verduidelik is hoe die navorsingsmetodes in die huidige studie toegepas is. Die onderhoudskedule wat tydens die semigestruktureerde onderhoude gebruik is, sowel as die moderatorsgids wat die fokusgroepe gerig het, het aan die orde gekom.

In hoofstuk vier is die analise van die inligting wat deur die semigestruktureerde onderhoude versamel is, gedoen. Daar is tot ŉ gevolgtrekking gekom oor die persepsies van die CDC-lede oor die aard van kommunikasie tussen hulle en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu.

In hoofstuk vyf is die analise gedoen van die inligting wat deur die fokusgroepe ingesamel is. Daar is tot ŉ gevolgtrekking gekom oor die persepsies van die ontwikkelende gemeenskap van Rundu oor die aard van kommunikasie tussen hulle en die CDC.

Die doel van hoofstuk 6 is om die algemene navorsingsvraag, naamlik: *Wat is die aard van kommunikasie tussen die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu?* (1.4) te beantwoord.

Ten einde die algemene navorsingsvraag te beantwoord gaan die spesifieke navorsingsvrae eerstens beantwoord word. Hierdie antwoorde sal dan geïntegreer word om eindelik die algemene navorsingsvraag te kan beantwoord. Die hoofstuk word afgesluit met aanbevelings vir verdere studie.

## 6.2. Die beginsels van die deelnemende benadering wat relevant is vir kommunikasie tussen die CDC en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu

Navorsingsvraag 1.5.1 lui soos volg: *Hoe kan die beginsels van die deelnemende benadering tot ontwikkelingskommunikasie gedefinieer word om relevant te wees vir die kommunikasie tussen die CDC en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu?*

Die teoretiese stellings wat in hoofstuk 2 aan die hand van 'n literatuurstudie geformuleer is dien as antwoord vir die bostaande navorsingsvraag.

- Die kommunikasie tussen die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu behoort 'n geleentheid vir die gemeenskap daar te stel om 'n aktiewe rol tydens die besluitneming, beplanning en implementering van die ontwikkelingsinisiatief te vertolk binne die konteks van gedeelde mag en verantwoordelikheid (3.5).
- Die kommunikasie tussen die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu behoort 'n gereelde proses van horisontale tweerigtingkommunikasie te wees ten einde gedeelde begrip vir mekaar en die ontwikkelingsituasie te skep en 'n vertrouensverhouding daar te stel (3.5).
- Kommunikasie tussen die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu behoort die CDC-lede in staat te stel om begrip van en respek vir die kulturele identiteit van die ontwikkelende gemeenskap te hê ten einde die kulturele identiteit te kan beskerm en integreer binne die konteks van die ontwikkelingsinisiatief (3.5).
- Kommunikasie tussen die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu behoort die gemeenskap te bemagtig om eienaarskap van hul eie omstandighede te neem en om meer onafhanklik te funksioneer (3.5).

Die bostaande teoretiese argumente stel die ideaal vir die aard van kommunikasie tussen die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu voor en dien as teoretiese begronding vir voorstelle wat gemaak is.

In die volgende afdeling sal navorsingsvraag 1.5.2 beantwoord wat fokus op die CDC se persepsie van die aard van kommunikasie tussen hulself en die gemeenskap van Rundu.

## 6.3. Die CDC se persepsie rakende die aard van kommunikasie tussen hulself en die gemeenskap van Rundu

Navorsingsvraag 1.5.2 lui as volg: *Wat is die persepsie van die CDC van Rundu rakende die aard van kommunikasie tussen hulself en die gemeenskap van Rundu?* Daar is altesaam vier semigestruktureerde onderhoude met Rundu se CDC-lede gevoer. Ten einde die bostaande

navorsingsvraag te beantwoord gaan die gevolgtrekkings van die semigestruktureerde onderhoude met die CDC-lede bespreek word.

Hierdie bespreking gaan aan die hand van konsepte en konstrukte, soos uiteengesit in hoofstuk 3, geskied.

### 6.3.1. Deelname

Die konstrukte van deelname, soos uiteengesit in hierdie studie, is soos volg: *aktiewe rol in besluitneming, aktiewe rol in beplanning, aktiewe rol in implementering, gedeelde mag en gedeelde verantwoordelikheid* (Tabel 3.2).

Vanuit die semigestruktureerde onderhoude was dit duidelik die persepsie van die CDC-lede dat die ontwikkelende gemeenskap van Rundu nie genoegsaam deelneem aan CDC-ontwikkelingsinisiatiewe nie. Hierdie nie-deelname deur die ontwikkelende gemeenskap kan grotendeels toegeskryf word aan die feit dat die gemeenskap nie gereeld CDC-gemeenskapsvergaderings bywoon nie. Volgens die CDC-lede is die rede waarom die gemeenskap nie hierdie vergaderings bywoon nie dat hulle van mening is dat hulle nie daarby baat om dit by te woon nie (sien 4.2.4.1).

Dit blyk die persepsie van die CDC-lede te wees dat die gemeenskap nie ŉ aktiewe rol in die besluitneming, beplanning of implementering van CDC-ontwikkelingsinisiatiewe vervul nie (sien 4.2.1, 4.2.2 en 4.2.3). Verder meen hulle dat hierdie nie-deelname ook daartoe kan bydra dat die gemeenskap se stem nie gehoor word nie en dat hulle (gemeenskap) gevolglik nie verantwoordelikhede kan hê binne die konteks van ontwikkelingsinisiatiewe nie.

Voorts kon die afleiding gemaak word dat die CDC-lede van mening is dat hulle self nie baie mag het om ontwikkelingsbesluite, ofte wel voorstelle, tot implementering te bring nie (sien argument by 4.2.1). Die afleiding kan dus gemaak word dat ontwikkeling nie geskied binne die konteks van gedeelde mag tussen die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu nie.

### 6.3.2. Dialoog

Die konstrukte vir dialoog, soos uiteengesit vir hierdie studie, is: *gereelde proses, horisontale kommunikasie, tweerigtingkommunikasie, gedeelde en wedersydse begrip sowel as vertrouensverhouding.*

Vanuit die onderhoude met die CDC-lede is daar vasgestel dat formele kommunikasie-geleenthede tussen die CDC en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu nie ŉ gereelde proses is nie (sien 4.3.1). Volgens die CDC-lede hou hulle een maal elke drie maande ŉ

formele gemeenskapsvergadering wat moontlik volgehoue ontwikkelingsdiskoers kan bemoeilik. Die CDC-lede het wel beaam dat hulle beskikbaar is vir informele kommunikasie met die gemeenskap en dat die gemeenskap ook so met hulle kommunikeer (sien 4.3.1). Voorts blyk dit of die kommunikasie tussen die CDC-lede en die gemeenskap nie horisontaal van aard is nie – die CDC, ofte wel plaaslike regering, het meer mag, veral ten opsigte van besluitneming. Daar is ook vasgestel dat die kommunikasie tussen die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap nie tweerigting van aard is nie aangesien min mense die vergaderings enigsins bywoon en omdat die terugvoerproses langdradig is. Wanneer terugvoer nie spoedige ontvang word nie, stop die gesprekvoering dikwels (sien 4.3.2 en 4.3.3).

Alhoewel, dit die persepsie van die CDC-lede is dat daar wedersydse begrip tussen hulle en die ontwikkelende gemeenskap is, blyk daar nie gedeelde begrip te wees nie (sien 4.3.4). Dit veronderstel dat daar begrip tussen die CDC-lede en die gemeenskap is vir die ontwikkelingsituasie, maar nie genoegsame begrip vir mekaar se situasie is nie. Gevolglik bestaan daar tot ŉ mate toe ŉ vertrouensverhouding tussen die CDC en die gemeenskap – dit was die persepsie van die CDC-lede dat die ontwikkelende gemeenskap van Rundu hulle vertrou (sien 4.3.5). Hierdie vertrouensverhouding spruit moontlik ook uit bekendheid aangesien die CDC-lede in dieselfde kiesafdelings as die gemeenskapslede woon.

### 6.3.3. Kulturele identiteit

Die konstrukte vir kulturele identiteit vir hierdie studie is soos volg: *begrip, respek en integrasie*.

Volgens die CDC-lede is daar begrip en respek (sien 4.4.2) vir die kulturele identiteit van die ontwikkelende gemeenskap van Rundu. Alhoewel daar begrip vir die gemeenskap se kulturele identiteit is, spruit dit moontlik uit bekendheid en vertroudheid (omdat die CDC-lede self uit die gemeenskap kom) en nie noodwendig uit gesprekvoering daaromtrent nie. Verder blyk dit dat dié begrip en respek nie doelbewus deel gemaak word van die CDC se ontwikkelingsboodskappe aan die gemeenskap nie.

Vanuit die onderhoude met die CDC-lede kan die afleiding gemaak word dat die integrasie van die ontwikkelende gemeenskap van Rundu se norm en waardes binne die konteks van ontwikkelingsinisiatiewe oppervlakkig geskied. Alhoewel kulturele oorwegings in ag geneem word, weerspieël die kommunikasie nie noodwendig die kultuur van die gemeenskap nie (sien 4.4.3).

Verder was dit die persepsie van CDC-lede dat hulle die kulturele identiteit van die ontwikkelende gemeenskap probeer beskerm. Tydens die onderhoude het die meeste CDC-lede gesê dat hulle die ontwikkelende gemeenskap se kulturele identiteit probeer bevorder (sien 4.4.4.1).

### 6.3.4. Bemagtiging

Die konstrukte vir bemagtiging, soos uiteengesit vir die doeleindes van hierdie studie is: *eienaarskap, selfstandige denke, probleem-analise en -oplossingsvaardighede.*

Dit blyk die persepsie van die CDC-lede te wees dat die ontwikkelende gemeenskap van Rundu nie binne die konteks van ontwikkeling eienaarskap neem nie (sien 4.5.1). Die gemeenskap wag eerder vir die regering om ontwikkelingsinisiatiewe in plek te sit wat hulle lewenskwaliteit behoort te verbeter. Hierdie passiewe benadering tot ontwikkeling kan moontlik toegeskryf word aan die gemeenskap se nie-deelname veral aan CDC-gemeenskapsvergaderings.

Die lae mate van gemeenskapsbetrokkenheid by CDC-ontwikkelingsinisiatiewe veroorsaak ook dat die ontwikkelende gemeenskap van Rundu nie tans toegerus word met selfstandige denke, die vermoë tot probleemanalise of -oplossingsvaardighede nie – juis omdat hierdie vaardighede tydens die besluitnemings- en beplanningsfases van CDC-ontwikkelingsinisiatiewe ontwikkel sou word (sien 4.5.2 en 4.5.3). Dit het egter nie voorgekom asof die CDC-lede baie klem geplaas het op selfstandige denke of probleemanalise of -oplossingsvaardighede as deel van bemagtiging nie.

Vanuit die onderhoude met die CDC-lede kan die afleiding gemaak word dat daar ’n wanbegrip is van wat bemagtiging binne die konteks van ontwikkeling werklik behels. Hierdie wanbegrip kan baie problematies wees en kan moontlik daartoe lei dat CDC-lede ‘werkbare’ oplossings vir ontwikkelingskwessies stel bo die toerusting van vaardighede soos selfstandige denke, probleemanalise of -oplossingsvaardighede. Sonder hierdie vaardighede, wat dan daartoe sou lei dat die ontwikkelende gemeenskap van Rundu eienaarskap neem, kan daar nie gesê word dat bemagtiging geskied nie.

### 6.3.5. Gevolgtrekking oor die persepsies van die CDC-lede

Vanuit die bostaande word nou algemene gevolgtrekkings gemaak oor die persepsies van die CDC-lede oor deelname, dialoog, kulturele identiteit sowel as oor bemagtiging binne die konteks van ontwikkeling.

Die konsep van deelname is, vir die doeleindes van hierdie studie, soos volg geformuleer: *Die kommunikasie tussen die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu behoort ’n*

*geleentheid daar te stel vir die gemeenskap om ’n aktiewe rol tydens die besluitneming, beplanning en implementering van die ontwikkelingsinisiatief te vertolk binne die konteks van gedeelde mag en verantwoordelikheid (3.5).*

Alhoewel die CDC ’n geleentheid vir deelname aan ontwikkelingsinisiatiewe daarstel, blyk dit die geval te wees dat die ontwikkelende gemeenskap van Rundu nie ’n aktiewe rol tydens die besluitneming, beplanning of implementering van CDC-ontwikkelingsinisiatiewe vertolk nie. Omrede die gemeenskap huiwerig deelneem en min CDC-gemeenskapsvergaderings bywoon deel hulle nie in die verantwoordelikheid van ontwikkeling nie. Dit blyk ook of die gemeenskap minder mag as die CDC, ofte wel plaaslike, regering het (sien 4.2.4.1).

Die teoretiese stelling vir dialoog is soos volg: *Die kommunikasie tussen die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu behoort ’n gereelde proses van horisontale tweerigtingkommunikasie te wees binne die konteks van gelyke mag ten einde gedeelde begrip vir mekaar en die ontwikkelingsituasie te skep en ’n vertrouensverhouding daar te stel* (3.5).

Vanuit die bostaande kan die gevolgtrekking gemaak word dat die kommunikasie tussen die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu nie ’n gereelde proses van horisontale of tweerigtingkommunikasie is nie. Hoewel daar wedersydse begrip vir die ontwikkelingsituasie is, is daar nie genoegsame gedeelde begrip vir mekaar nie. Daar bestaan ’n mate van ’n vertrouensverhouding tussen die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu, maar hierdie verhouding kan aansienlik verbeter. Die ontwikkelende gemeenskap behoort die CDC te vertrou omdat hulle werklik oortuig is dat hulle kan – nie omdat dit iemand is wat hulle moontlik ken nie (sien 4.3.6.1).

Die teoretiese stelling vir kulturele identiteit vir hierdie studie: *Kommunikasie tussen die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu behoort die CDC-lede in staat te stel om begrip van en respek vir die kulturele identiteit van die ontwikkelende gemeenskap te hê ten einde die kultuur identiteit te kan beskerm en integreer binne die konteks van die ontwikkelingsinisiatief* (3.5).

Kommunikasie tussen die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu stel nie die CDC in staat om begrip van of respek vir die gemeenskap se kulturele identiteit te hê nie. Alhoewel, dit blyk of daar begrip van en respek vir die gemeenskap se kultuur, norme en waardes is, spruit dit nie uit gesprekvoering tussen die CDC-lede en die gemeenskap nie, maar eerder uit bekendheid met mekaar. Hoewel die CDC nie genoegsaam die kulturele

identiteit van die ontwikkelende gemeenskap integreer binne die konteks van ontwikkeling nie, blyk dit wel of hulle dit probeer beskerm en bevorder (sien 4.4.4.1).

Die teoretiese stelling vir bemagtiging lui soos volg: *Kommunikasie tussen die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu behoort die gemeenskap te bemagtig om eienaarskap van hul eie omstandighede te neem en om meer onafhanklik te funksioneer* (3.5).

Kommunikasie tussen die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu bemagtig nie tans die gemeenskap om eienaarskap van hulle omstandighede te neem nie. Omdat die ontwikkelende gemeenskap van Rundu nie tans toegerus word met vaardighede soos selfstandige denke, die vermoë tot probleem-analise of -oplossingsvaardighede nie, is hulle nog nie daartoe in staat om meer onafhanklik van die regering te funksioneer nie. Voorts kan gesê word dat dit die persepsie van die CDC-lede is dat die gemeenskap nog nie die vrymoedigheid het om ontwikkelingskwessies self aan te probeer spreek nie (sien 4.5.4.1).

Gevolglik kan daar gesê word dat die CDC-lede se persepsies oor die aard van kommunikasie tussen hulle en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu nie voldoen aan die beginsels van die deelnemende benadering tot ontwikkelingskommunikasie nie.

Die bostaande bespreking het die persepsies van die CDC-lede weergegee, in die onderstaande afdeling gaan die persepsies van die ontwikkelende gemeenskap gegee word.

## 6.4. Die gemeenskap van Rundu se persepsie rakende die aard van kommunikasie tussen hulself en die CDC

Navorsingsvraag 1.5.3 lui soos volg: *Wat is die gemeenskap van Rundu se persepsie rakende die aard van kommunikasie tussen hulself en die CDC?*

Daar is altesaam sewe fokusgroepe gehou met gemeenskapslede uit die verskillende informele nedersettings rondom Rundu. Die gevolgtrekkings van die fokusgroepe gaan gebruik word ten einde navorsingsvraag 1.5.3 te beantwoord.

Hierdie bespreking gaan aan die hand van konsepte en konstrukte soos uiteengesit in hoofstuk 3 geskied.

### 6.4.1. Deelname

Die konstrukte van deelname, soos uiteengesit in hierdie studie, is soos volg: *aktiewe rol in besluitneming, aktiewe rol in beplanning, aktiewe rol in implementering, gedeelde mag en gedeelde verantwoordelikheid* (Tabel 3.2).

Vanuit die fokusgroepe blyk die gemeenskap van mening te wees dat hulle nie aktief deelneem aan die besluitneming, beplanning of implementering van CDC-ontwikkelingsinisiatiewe nie (sien 5.4.1, 5.4.2, en 5.4.3). Dit is die persepsie van die gemeenskap dat hulle stem nie in ag geneem word tydens die besluitnemingsfase nie. Verder is daar ook min geleentheid vir die ontwikkelende gemeenskap om ŉ bydra te lewer tydens die beplanningsfase. Tans neem die ontwikkelende gemeenskap ook nie deel aan die implementering van CDC-inisiatiewe nie – min van die deelnemers het al ooit vantevore deelgeneem aan CDC-ontwikkelingsinisiatiewe of projekte.

Daar kan geargumenteer word dat die ontwikkelende gemeenskap van Rundu nie gedeelde mag of verantwoordelikheid binne die konteks van ontwikkeling het nie. Hierdie argument word gegrond op die feit dat iemand nie mag of verantwoordelikheid kan hê in iets waaraan hy/sy nie aktief deelneem nie (sien 5.4.4 en 5.4.5).

### 6.4.2. Dialoog

Die konstrukte vir dialoog, soos uiteengesit vir hierdie studie, is: *gereelde proses, horisontale kommunikasie, tweerigtingkommunikasie, gedeelde en wedersydse begrip sowel as vertrouensverhouding.*

Tydens die fokusgroepe is daar vasgestel dat kommunikasie vanaf die CDC-lede nie ŉ gereelde proses is nie (sien 5.5.1). Alhoewel, die deelnemers saamgestem het dat hulle die CDC-lede buite die konteks van gemeenskapsvergaderings op ŉ meer informele basis kon nader, het die meerderheid ongemaklik gevoel met die idee daarvan om so iets te doen. Van die deelnemers het ook misnoeë uitgespreek oor die feit dat CDC-lede hulle al weggewys het wanneer hulle in die verlede probeer het om buite gemeenskapsvergaderings met hulle te kommunikeer. Verder was die deelnemers ook baie ontevrede met die gebrek aan terugvoer van die CDC af.

Dit blyk voorts die geval te wees dat die kommunikasie tussen die ontwikkelende gemeenskap en die CDC-lede nie horisontaal of tweerigting van aard is nie omrede die ontwikkelende gemeenskap se stem minder gewig dra, aangesien hulle min geleentheid het om by te dra tot die gesprek. Die meeste deelnemers het benadruk dat die CDC-lede nie na hulle luister nie omdat dit hulle oortuiging is dat hulle klagtes en voorstelle nie ernstig deur die CDC-lede opgeneem word nie (sien 5.5.2 en 5.5.3).

Vanuit die deelnemers se response tydens die fokusgroepe kan die afleiding gemaak word dat hulle nie begrip het vir die situasie of beperkings van die CDC-lede nie (sien 5.5.4). Hierdie 'wanbegrip' is problematies aangesien dit daartoe aanleiding kan gee dat die ontwikkelende

gemeenskap groter frustrasies beleef as wat hulle hoef omdat hulle nie in ag neem dat die CDC slegs ŉ afdeling van die plaaslike regering is en nie op hul eie mag het om besluite te neem nie.

Dit blyk verder of daar nie ŉ vertrouensverhouding tussen die ontwikkelende gemeenskap en die CDC-lede is nie (sien 5.5.5). Die meerderheid deelnemers het saamgestem dat hulle nie die CDC vertrou nie, veral omdat hulle van mening is dat die CDC-lede hul eie belang bo dié van die gemeenskap plaas.

### 6.4.3. Kulturele identiteit

Die konstrukte vir kulturele identiteit vir hierdie studie is soos volg: *begrip, respek en integrasie*.

Volgens die meeste deelnemers word hulle kulturele identiteit geïgnoreer binne die konteks van CDC-ontwikkelingsinisiatiewe. Hoewel, dit blyk of daar begrip is vir die ontwikkelende gemeenskap van Rundu se kulturele identiteit, het die deelnemers benadruk dat daar min respek vir en integrasie van hierdie identiteit binne CDC-ontwikkelingsinisiatiewe plaasvind (sien 5.6.1, 5.6.2 en 5.6.3).

Die afleiding kan op grond van die gemeenskap se persepsies gemaak word dat die boodskappe van die CDC nie die gevoelens, wense of regte van hulle kulturele identiteit in ag neem nie. Dit blyk verder of kultuur nie graag deelgemaak word van die ontwikkelingsdiskoers nie.

### 6.4.4. Bemagtiging

Die konstrukte vir bemagtiging, soos uiteengesit vir die doeleindes van hierdie studie, is: *eienaarskap, selfstandige denke, probleemanalise en -oplossingsvaardighede* (Tabel 3.2)*.*

Vanuit die deelnemers se response tydens fokusgroepe kan die afleiding gemaak word dat die ontwikkelende gemeenskap van Rundu nie tans deur hulle deelname aan CDC-ontwikkelingsinisiatiewe bemagtig word nie. Dit blyk die geval te wees dat die ontwikkelende gemeenskap van Rundu slegs passiewe ontvangers van ontwikkeling is en nie ŉ poging aanwend om afsonderlik van die regering eienaarskap te neem van hulle omstandighede nie (sien 5.6.1).

Alhoewel die deelnemers kon identifiseer en opnoem watter ontwikkelingskwessies hulle gemeenskappe teister, het bitter min van hulle gevoel dat hulle self iets daaraan kan doen. Vanuit die deelnemers se persepsie kom dit voor of hulle nie daartoe in staat is om selfstandig te kan nadink oor hulle ontwikkelingsituasie nie (sien 5.6.2).

Voorts blyk dit die persepsie van die deelnemers te wees dat die hulle nie tans toegerus word met vaardighede om probleme te analise- of op te los nie (sien 5.6.3). Hierdie situasie kan toegeskryf word aan die feit dat die gemeenskap nie deelneem tydens die besluitneming of beplanning van CDC-ontwikkelingsinisiatiewe nie.

### 6.4.5. Gevolgtrekking oor persepsies van die ontwikkelende gemeenskap van Rundu

Vanuit die bostaande gaan daar nou algemene gevolgtrekkings gemaak word oor die persepsies van die ontwikkelende gemeenskap van Rundu oor deelname, dialoog, kulturele identiteit sowel as oor bemagtiging binne die konteks van ontwikkeling.

Die konsep vir deelname vir die doeleindes van hierdie studie is soos volg: *Die kommunikasie tussen die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu behoort ŉ geleentheid daar te stel vir die gemeenskap om ŉ aktiewe rol tydens die besluitneming, beplanning en implementering van die ontwikkelingsinisiatief te vertolk binne die konteks van gedeelde mag en verantwoordelikheid (3.5).*

Die kommunikasie tussen die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu skep nie tans ŉ geleentheid vir die ontwikkelende gemeenskap om ŉ aktiewe rol tydens die besluitneming, beplanning of implementering van CDC-ontwikkelingsinisiatiewe te vertolk nie. As gevolg van die lae deelnamekoers bestaan daar nie gedeelde mag binne of verantwoordelikheid vir ontwikkeling tussen die CDC en die ontwikkelende gemeenskap nie (sien 5.4.5.1).

Die teoretiese stelling vir dialoog is soos volg: *Die kommunikasie tussen die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu behoort ŉ gereelde proses van horisontale tweerigtingkommunikasie te wees binne die konteks van gelyke mag ten einde gedeelde begrip vir mekaar en die ontwikkelingsituasie te skep en ŉ vertrouensverhouding daar te stel (3.5).*

Die kommunikasie tussen die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu is nie ŉ gereelde proses van horisontale of tweerigtingkommunikasie nie. Hierdie problematiese kommunikasie lei daartoe dat die ontwikkelende gemeenskap nie gedeelde begrip vir die ontwikkelingsituasie of wedersydse begrip vir die situasie of beperkings van die CDC-lede het nie. Voorts blyk dit die geval te wees dat daar nie ŉ vertrouensverhouding tussen die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu is nie (sien 5.5.5.1).

Die teoretiese stelling vir kulturele identiteit vir hierdie studie is: *Kommunikasie tussen die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu behoort die CDC-lede in staat te stel om begrip van en respek vir die kulturele identiteit van die ontwikkelende gemeenskap te hê*

*ten einde die kulturele identiteit te kan beskerm en integreer binne die konteks van die ontwikkelingsinisiatief (3.5).*

Die kommunikasie tussen die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu stel nie die CDC-lede daartoe in staat om begrip van en respek vir die kulturele identiteit van die ontwikkelende gemeenskap te hê nie, hoewel dit voorkom asof hulle wel begrip vir die kulturele identiteit het. Voorts blyk dit of die CDC-lede nie die kulturele identiteit van die ontwikkelende gemeenskap integreer binne die konteks van ontwikkelingsinisiatiewe nie (sien 5.6.4.1).

Die teoretiese stelling vir bemagtiging lui soos volg: *Kommunikasie tussen die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu behoort die gemeenskap te bemagtig om eienaarskap van hul eie omstandighede te neem en om meer onafhanklik te funksioneer* (3.5).

Die kommunikasie tussen die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu bemagtig nie die gemeenskap nie. Die gemeenskap neem nie eienaarskap van hulle ontwikkelingsituasie nie, hulle is nie oortuig daarvan dat hulle onafhanklik van die regering ontwikkeling kan meebring nie. Tans word die ontwikkelende gemeenskap ook nie toegerus met vaardighede om selfstandig te kan nadink, om probleme te kan analiseer of om self met oplossings vir probleme vorendag te kan kom nie (sien 5.6.4.1).

Vanuit die bostaande gevolgtrekkings oor deelname, dialoog, kulturele identiteit en bemagtiging kan afgelei word dat die aard van kommunikasie tussen die ontwikkelende gemeenskap van Rundu en die CDC nie voldoen aan die beginsels soos uiteengesit in die deelnemende benadering tot ontwikkelingskommunikasie nie.

## 6.5. Die aard van kommunikasie tussen die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu

Die algemene navorsingsvraag lui soos volg: *Wat is die aard van kommunikasie tussen die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu* (1.4)*?*

Ten einde die algemene navorsingsvraag te kan beantwoord, gaan die bostaande spesifieke navorsingsvrae se antwoorde geïntegreer en vergelyk word met teorie. Eerstens, gaan die teoretiese stelling (wat voorstel wat teorie verlang) gegee word dan gaan die persepsies van die CDC-lede geïntegreer word met dié van die ontwikkelende gemeenskap van Rundu en vergelyk word met die operasionele definisies van die konstrukte van hierdie studie ten einde ŉ regverdige gevolgtrekking te kan maak oor die aard van kommunikasie tussen die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu.

### 6.5.1. Deelname

*Die kommunikasie tussen die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu behoort ŉ geleentheid daar te stel vir die gemeenskap om ŉ aktiewe rol tydens die besluitneming, beplanning en implementering van die ontwikkelingsinisiatief te vertolk binne die konteks van gedeelde mag en verantwoordelikheid* (3.5).

Die konstrukte van deelname, soos uiteengesit in hierdie studie, is soos volg: *aktiewe rol in besluitneming, aktiewe rol in beplanning, aktiewe rol in implementering, gedeelde mag en gedeelde verantwoordelikheid* (Tabel 3.2).

Die deelnemende benadering ag deelname aan die verskillende fases van ontwikkeling as noodsaaklik om ontwikkeling mee te bring; deelname alleen is nie genoegsaam nie, maar moet aktief van aard wees (sien 2.3.1). Beide die CDC-lede en die deelnemers het saamgestem dat die ontwikkelende gemeenskap nie aktief deelneem aan die besluitneming, beplanning of implementering van CDC-ontwikkelingsinisiatiewe nie (sien 4.2.4.1 en 5.3.6.1). Tydens die fokusgroepe het die deelnemers benadruk dat hulle veral nie CDC-gemeenskapsvergaderings bywoon nie omdat dit hulle oortuiging is dat hulle geensins baat vind daarby nie (sien 2.1). Voorts het die CDC-lede meestal ook saamgestem dat die ontwikkelende gemeenskap van Rundu minimaal gemeenskapsvergaderings bywoon omdat hulle van mening is dat hulle nie daarby baat nie en dat dit dus nie tot hul voordeel sal wees om te gaan nie (4.2.1). Dit is egter van belang dat die ontwikkelende gemeenskap wel CDC-gemeenskapsvergaderings moet bywoon, juis omdat hierdie vergaderings veronderstel is om die vertrekpunt van ontwikkeling en gevolglik gemeenskapsdeelname binne die verskillende kiesafdelings te wees. Die nie-bywoning van hierdie vergaderings het tot gevolg dat die gemeenskap nie aktief kan deelneem aan die besluitneming, beplanning of implementering van ontwikkelingsinisiatiewe binne hulle gemeenskappe nie.

Aktiewe deelname aan besluitneming verlang dat die ontwikkelende gemeenskap se stem ook gewig dra wanneer daar binne die konteks van ontwikkelingsinisiatiewe besluite geneem word (Tabel 3.2). Beide die CDC-lede en die deelnemers het saamgestem dat die ontwikkelende gemeenskap van Rundu nie aktief deelneem aan besluitneming nie. Die CDC-lede het benadruk dat ŉ geleentheid vir deelname aan besluitneming daargestel word, maar dat die ontwikkelende gemeenskap die keuse maak om nie deel te neem nie. Die feit dat besluite deur die dorpsraad van Rundu geneem word wat nie altyd die insette van die ontwikkelende gemeenskap weerspieël nie, is ŉ moontlike rede waarom die gemeenskap die keuse maak om nie deel te neem nie (sien 4.2.1). Tydens die fokusgroepe het die deelnemers die CDC-lede se persepsie as waar bewys – hulle het verduidelik dat die plaaslike regering in gevalle op ander 'magtiges' soos hoofmanne staatmaak om besluite namens die ontwikkelende

gemeenskap te neem (sien 5.4.1). Gevolglik blyk dit die geval te wees dat die ontwikkelende gemeenskap minder mag het om ontwikkelingsinisiatiewe te beïnvloed en sodoende nie aktief deelneem aan besluitneming nie.

Aktiewe deelname aan die beplanningsfase verg dat die planne wat ten opsigte van ontwikkeling gemaak word die insette van die ontwikkelende gemeenskap behoort te reflekteer (Tabel 3.2). Die CDC-lede en die deelnemers het saamgestem dat die ontwikkelende gemeenskap nie aktief deelneem aan die beplanningsfase van CDC-ontwikkelingsinisiatiewe nie. Die CDC-lede het verduidelik dat die meeste van die beplanning tussen die CDC en die dorpsraad van Rundu geskied. Wanneer die bevoordeeldes van ontwikkeling nie deelneem tydens die beplanning nie kan dit daartoe lei dat die gemeenskap se insette nie gereflekteer word in die planne wat geïmplementeer word nie. Verder kan dit tot gevolg hê dat die ontwikkelingsoplossings nie heeltemal voldoen aan die behoeftes van die ontwikkelende gemeenskap nie (sien 4.2.2). Die deelnemers het ook beaam dat ander 'magtiges' soos hoofmanne soms namens die gemeenskap besluite neem en dus die agenda vir beplanning stel. Voorts het die deelnemers saamgestem dat hulle idees of planne ten opsigte van ontwikkeling nie tot uitvoering kom nie (sien 5.4.2). Die gevolgtrekking wat gemaak kan word, is dat die planne wat eindelik gemaak word nie die insette van die ontwikkelende gemeenskap weerspieël nie.

Aktiewe deelname aan implementering veronderstel dat die ontwikkelende gemeenskap van Rundu verantwoordelikhede behoort te hê om te vervul tydens die implementering van CDC-ontwikkelingsinisiatiewe (Tabel 3.2). Dit blyk uit die CDC-lede en deelnemers se response dat die ontwikkelende gemeenskap nie aktief deelneem aan die implementering van CDC-ontwikkelingsinisiatiewe nie. Beide partye het die behoefte tot verhoogde gemeenskapsdeelname tydens die implementering van ontwikkelingsinisiatiewe voorgestaan. Die CDC-lede het aangevoer dat die ontwikkelende gemeenskap nie wil deelneem aan implementering nie en dat hulle hul eerder met eie sake besig hou ten einde te oorleef (sien 4.2.3). Die deelnemers het wel ander moontlike hindernisse tot hulle deelname aan implementering ontbloot. Bitter min van die deelnemers aan al die fokusgroepe het al vantevore deelgeneem aan 'n CDC-ontwikkelingsinisiatief. Een van die hindernisse wat opgehaal is, is die feit dat daar slegs in sekere kontekste en onder sekere omstandighede die geleentheid vir deelname aan implementering is – in die klein dorpies (*villages)* blyk dit of daar meer geleentheid is om aktief deel te neem aan implementering. Verder is die kwessie van tenders geopper. Hierdie is 'n kwessie omdat maatskappye gewoonlik reeds 'n werksmag het wat sorg vir die implementering van sekere projekte of inisiatiewe (sien argument by 5.3.3).

Gevolglik kan gesê word dat die ontwikkelende gemeenskap van Rundu nie aktief deelneem aan die implementering van CDC-ontwikkelingsinisiatiewe nie.

Gedeelde verantwoordelikheid vereis dat die CDC-lede sowel as die ontwikkelende gemeenskap verantwoordelikhede het ten opsigte van die besluitneming en uitkomste van ontwikkelingsinisiatiewe (Tabel 3.2). Die CDC-lede het benadruk dat die ontwikkelende gemeenskap nie noodwendig verantwoordelikhede het ten opsigte van ontwikkeling nie – of die gemeenskap deelneem nie, die projekte word steeds voortgesit (sien 4.2.4). Hierteenoor het die konsep van gedeelde verantwoordelikheid die gemeenskapslede verwar; hulle het nie regtig verstaan wat dit beteken om te deel in die verantwoordelikhede van CDC-ontwikkelingsinisiatiewe nie (sien 5.4.5). Die volgende argument kan wel gemaak word: as die ontwikkelende gemeenskap nie aktief deelneem tydens die besluitneming of beplanning van CDC-ontwikkelingsinisiatiewe nie, kan hulle nie deel in die verantwoordelikhede van hierdie inisiatiewe nie. Wanneer die ontwikkelende gemeenskap nie deel in die verantwoordelikheid om te sorg dat ontwikkelingsinisiatiewe suksesvol geskied nie, maak dit die deur oop dat die blaam vir die 'mislukking' van inisiatiewe altyd op die regering of CDC-lede rus. Gevolglik kan daar gesê word dat die ontwikkelende gemeenskap van Rundu nie deel in die verantwoordelikheid om besluite te neem of oor die uitkomstes van ontwikkelingsinisiatiewe nie.

Gedeelde mag binne die konteks van ontwikkeling kan nie los staan van deelname aan besluitneming en beplanning nie – dit is waar daar gesien kan word of die skaal ten gunste van die plaaslike regering, CDC-lede of die ontwikkelende gemeenskap van Rundu swaai. Gedeelde mag veronderstel dat beide die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap gedeelde mag het ten opsigte van besluitneming en beplanning (Tabel 3.2). Beide die CDC-lede en die deelnemers het saamgestem dat die ontwikkelende gemeenskap nie aktief deelneem aan besluitneming of beplanning nie (sien 4.2.4.1 en 5.3.6.1). Verder het dit na die lig gekom dat die mag om besluite te neem en om te beplan minimaal in die hande van die ontwikkelende gemeenskap van Rundu lê (sien 4.2.1). Dus kan die afleiding gemaak word dat daar ŉ oneweredige verspreiding van mag ten opsigte van ontwikkeling bestaan. In sekere kontekste moet die mag om finaal ŉ besluit te neem by die regering lê maar daar moet sover as moontlik gestreef word vir balans van mag binne die konteks van ontwikkeling. Dit gaan verg dat beide die plaaslike regering (insluitend die CDC) en die ontwikkelende gemeenskap na mekaar moet luister en mekaar tegemoet kom waar moontlik. Die gevolgtrekking kan gemaak word dat daar ŉ oneweredige verspreiding van mag tussen die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu binne die konteks van ontwikkeling bestaan.

#### 6.5.1.1. *Gevolgtrekking: deelname*

Vanuit die bostaande blyk dit duidelik dat die kommunikasie tussen die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap nie voldoen aan die teoretiese beginsels van deelname binne die konteks van die deelnemende benadering nie. Hoewel, die kommunikasie tussen die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu in ŉ mate geleenthede daarstel vir die ontwikkelende gemeenskap om deel te neem aan besluitneming, beplanning en implementering van ontwikkelingsinisiatiewe blyk dit die geval te wees dat die gemeenskap kies om nie aktief deel te neem nie. Die besluit kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die feit dat die gemeenskap nie baat vind daarby om deel te neem nie. Hierdie realiteit beteken dat die sogenaamde geleenthede nie regtig waarde het as die gemeenskap se deelname nie tot hul voordeel is nie. Verder is daar nie gedeelde verantwoordelikheid of gedeelde mag tussen die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu nie.

### 6.5.2. Dialoog

*Die kommunikasie tussen die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu behoort ŉ gereelde proses van horisontale tweerigtingkommunikasie te wees binne die konteks van gelyke mag ten einde gedeelde begrip vir mekaar en die ontwikkelingsituasie te skep en ŉ vertrouensverhouding daar te stel* (3.5).

Die konstrukte vir dialoog soos uiteengesit vir hierdie studie is: *gereelde proses, horisontale kommunikasie, tweerigtingkommunikasie, gedeelde en wedersydse begrip sowel as vertrouensverhouding* (Tabel 3.2).

Gereelde proses veronderstel dat kommunikasie tussen die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu op ŉ gereelde basis behoort te geskied en dat sekere platforms vir terugvoer vir die gemeenskap oop behoort te wees (Tabel 3.2). Dit blyk die persepsie van beide die CDC-lede en die deelnemers te wees dat kommunikasie tussen die CDC en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu nie ŉ gereelde proses is nie. CDC-gemeenskapsvergaderings is die primêre kommunikasiegeleentheid tussen die CDC en die ontwikkelende gemeenskap en dit blyk of hierdie vergaderings een maal elke drie maande geskied (sien 4.3.1). ŉ Groot probleem is die feit dat geleenthede wat daar wel is, nie benut word nie – die gemeenskap woon nie graag hierdie vergaderings by nie. Volgens die CDC-lede is hulle altyd beskikbaar vir meer informele kommunikasie met die ontwikkelende gemeenskap (as ŉ gemeenskapslid hulle op straat voorkeer of by hul huis aangaan) (sien 4.3.1). Hierteenoor was die deelnemers nie so oortuig van ŉ geleentheid aan informele kommunikasie met CDC-lede nie. Hoewel, die meerderheid deelnemers saamgestem het dat die geleentheid vir informele kommunikasie seker bestaan, was hulle nie gemaklik om buite

die konteks van gemeenskapsvergaderings die CDC-lede te nader nie (sien 5.5.1). Die feit dat die meerderheid deelnemers nie die vrymoedigheid het om op ŉ meer informele basis met die CDC-lede te kommunikeer nie beteken dat ŉ vergadering een maal in drie maande heeltemal te min is om ŉ volgehoue ontwikkelingsdiskoers te bewerkstellig. Verder het die CDC-lede en die deelnemers benadruk dat die terugvoerproses baie langdradig is. Hierdie situasie het ook aan die lig gekom as ŉ hindernis vir die ontwikkelende gemeenskap om gereeld CDC-gemeenskapsvergaderings by te woon. Die deelnemers het gevoel dat daar vir hulle geen nut is om die vergaderings by te woon as hulle nie terugvoer gaan kry op kwessies of voorstelle wat hulle op vorige vergaderings geopper het nie (sien 5.5.1). Gevolglik blyk dit dat die kommunikasie tussen die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu nie ŉ proses van gereelde kommunikasie is nie.

Horisontale kommunikasie vereis dat die stemme van beide die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu ewe veel gewig behoort te dra tydens kommunikasie (sien Tabel 3.2). Beide die CDC-lede en die deelnemers het bevestig dat die kommunikasie tussen die CDC en die ontwikkelende gemeenskap nie horisontaal van aard is nie. Hierdie persepsies kan toegeskryf word aan die feit dat die ontwikkelende gemeenskap se stem minder gewig dra in die kommunikasieproses (sien 4.3.6.1 en 5.4.6.1). Gevolglik kan daar gesê word dat die stemme van die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu nie ewe veel gewig dra tydens kommunikasiegeleenthede nie.

Kommunikasie tussen die CDC en die ontwikkelende gemeenskap blyk ook nie tweerigting van aard te wees nie. Tweerigtingkommunikasie verlang dat beide die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu ewe veel geleentheid het om deel te neem aan gesprekvoering en om na mekaar te luister (Tabel 3.2). Dit is die persepsie van die gemeenskap dat die CDC-lede nie werklik na hulle luister nie omdat dit vir hulle voel of hulle insette (klagtes sowel as voorstelle) nie in ag geneem word nie. Die afleiding kan verder vanuit die gemeenskap se respons gemaak word dat hulle ook nie werklik luister na die CDC-lede nie (sien 5.5.3). Hierdie afleiding word gegrond op die feit dat daar nie veel gedeelde begrip tussen die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu bestaan nie.

Gedeelde en wedersydse begrip veronderstel dat die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu begrip het vir mekaar en vir die ontwikkelende situasie waarin hulle lewe (Tabel 3.2). Die CDC-lede was van mening dat daar tot ŉ mate gedeelde begrip tussen hulle en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu is omdat die CDC-lede ook in hierdie gemeenskappe woon (sien 4.3.4). Die deelnemers was egter verdeel: van die deelnemers was nie heeltemal oortuig dat daar konsensus tussen hulle en die CDC-lede oor die belangrikste ontwikkelingskwessies in hulle gemeenskappe is nie terwyl ander gevoel het dat

daar ’n verstandhouding tussen hulle en die CDC-lede bestaan (sien 5.5.4). Wedersydse begrip verwys na begrip vir mekaar se situasie binne die konteks van ontwikkeling. Vanuit die CDC-lede se response tydens die onderhoude kan die afleiding gemaak word dat daar tog tot ŉ mate begrip vir die ontwikkelende gemeenskap se situasie is; die feit dat die CDC-lede korrek was in hulle aanname waarom gemeenskapslede nie CDC-vergaderings bywoon nie bevestig dit (sien 4.3.4). Hierteenoor blyk dit vanuit die gemeenskap se response die geval te wees dat hulle nie begrip het vir die situasie of beperkings van die CDC-lede nie (sien 5.5.4). Daar moet egter aangevoer word dat dit moeilik is om gedeelde begrip vir die CDC-lede te fasiliteer vanweë die feit dat kommunikasie tussen ŉ regeringsinstelling en ontwikkelende gemeenskap moet geskied. Gevolglik laat die wedersydse en gedeelde begrip tussen die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu veel te wense oor. Dit is belangrik dat daar ŉ verhoogde mate van gedeelde sowel as wedersydse begrip tussen die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu bestaan omdat dit na ŉ verhoogde mate van vertroue in mekaar kan lei wat die sleutel is tot die sukses van samewerking en eindelik die sukses van ontwikkelingsinisiatiewe.

Die CDC-lede en die deelnemers het weer eens saamgestem dat daar ŉ lae mate van ŉ vertrouensverhouding tussen die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu is (sien 4.3.6.1 en 5.4.6.1). Aan die een kant het dit het egter geblyk dat die CDC-lede nie die ontwikkelende gemeenskap vertrou om hulle kant te bring ten opsigte van sosiale verandering nie (sien 4.3.5). Aan die ander kant het die meerderheid van die gemeenskapslede ook saamgestem dat hulle nie die CDC-lede vertrou om hulle belange voorop te stel nie (sien 5.5.5).

#### *6.5.2.1. Gevolgtrekking: dialoog*

Vanuit die bostaande blyk dit dat die kommunikasie tussen die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu nie voldoen aan die vereistes van die deelnemende benadering ten opsigte van dialoog nie. Die kommunikasie is nie ŉ gereelde proses van horisontale of tweerigtingkommunikasie nie. Die CDC-lede het ŉ groter geleentheid om by te dra tot die kommunikasie en die mag om besluite te neem lê grotendeels by die CDC of plaaslike regering. Dit blyk die geval te wees dat daar nie genoegsame gedeelde of wedersydse begrip tussen die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu vir mekaar of die ontwikkelingsituasie bestaan nie. Daar is ook nie ŉ positiewe vertrouensverhouding tussen die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap nie.

### 6.5.3. Kulturele identiteit

*Kommunikasie tussen die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu behoort die CDC-lede in staat te stel om begrip van en respek vir die kulturele identiteit van die ontwikkelende gemeenskap te hê ten einde die kulturele identiteit te kan beskerm en integreer binne die konteks van die ontwikkelingsinisiatief* (3.5).

Die konstrukte vir kulturele identiteit vir hierdie studie is soos volg: *begrip, respek en integrasie* (Tabel 3.2).

Begrip verwys daarna dat die CDC-lede die kulturele norms en waardes van die ontwikkelende gemeenskap van Rundu verstaan (Tabel 3.2). Die afleiding kan gemaak word dat die CDC-lede begrip het vir die ontwikkelende gemeenskap van Rundu se kulturele identiteit (sien 4.4.1 en 5.6.1). Hierdie begrip spruit wel nie vanuit gesprekvoering met die ontwikkelende gemeenskap daaroor nie, maar eerder vanuit die bekendheid wat die CDC met die gemeenskap het. Die CDC-lede woon ook in hierdie kiesafdelings en is dus bekend met die kulturele oorwegings van die ander inwoners (sien 4.4.1). Gevolglik kan daar gesê word dat die CDC-lede die kulturele norme en waardes van die ontwikkelende gemeenskap van Rundu verstaan.

Respek veronderstel dat die CDC-lede se boodskappe die gevoelens, wense, of regte van die ontwikkelende gemeenskap van Rundu se kulturele identiteit in ag neem en dat hulle verstaan dat kulturele identiteit belangrik in die kommunikasieproses is (Tabel 3.2). Hoewel die CDC-lede beaam het dat kulturele oorwegings belangrik binne die konteks van volhoubare ontwikkeling is en dit voorkom of hulle kultuur respekteer en bevorder, lyk dit nie of die CDC doelbewus kulturele identiteit deel maak van ontwikkelingsdiskoers nie (sien 4.4.2). Hierteenoor was die meerderheid van die gemeenskap ook oortuig daarvan dat die CDC-lede nie beduidende respek vir hulle kulturele norme en waardes toon nie en ook nie hulle kultuur binne die konteks van ontwikkeling bevorder nie. Verder het die deelnemers benadruk dat die boodskappe wat die CDC kommunikeer nie die gevoelens of regte van hulle kulturele identiteit in ag neem nie (sien 5.6.2). Hoewel die CDC-lede besef dat kultuur belangrik is, blyk dit gevolglik dat die boodskappe wat die CDC-lede kommunikeer nie genoegsaam die gevoelens, wense, of regte van die ontwikkelende gemeenskap van Rundu in ag neem nie.

Integrasie veronderstel dat die CDC se boodskappe en ontwikkelingsinisiatiewe die kultuur van die ontwikkelende gemeenskap van Rundu behoort te weerspieël (Tabel 3.2). Tydens die onderhoude met die CDC-lede het dit aan die lig gekom dat die integrasie van die ontwikkelende gemeenskap van Rundu se kulturele identiteit binne die konteks van ontwikkelingsinisiatiewe oppervlakkig geskied. Die CDC-lede was van mening dat hulle tog

kultuur in ag neem en dat dit soms tot implementering as ontwikkelingsoplossing kom (sien 4.4.3). Hierteenoor was dit die mening van die gemeenskap dat hulle kulturele identiteit nie genoegsaam geïntegreer word binne die konteks van ontwikkeling nie. Hulle het benadruk dat hulle kultuur oplossings vir ontwikkelingskwessies inhou, maar dat die CDC-lede nie noodwendig ag slaan daarop nie. Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat CDC-ontwikkelingsinisiatiewe nie genoegsaam die kulturele identiteit van die ontwikkelende gemeenskap van Rundu weerspieël nie.

*6.5.3.1. Gevolgtrekking: kulturele identiteit*

Uit die bostaande blyk dit dat die kommunikasie tussen die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu nie voldoen aan die teoretiese vereistes soos uiteengesit vir kulturele identiteit nie. Omdat kultuur nie genoegsaam binne ontwikkelingsdiskoers geïntegreer word nie, kweek dit nie noodwendig begrip van of respek vir die kulturele identiteit van die ontwikkelende gemeenskap nie. Voorts blyk dit of enige integrasie van kultuur is oppervlakkig geskied.

### 6.5.4. Bemagtiging

*Kommunikasie tussen die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu behoort die gemeenskap te bemagtig om eienaarskap van hul eie omstandighede te neem en om meer onafhanklik te funksioneer* (3.5).

Die konstrukte vir bemagtiging soos uiteengesit vir die doeleindes van hierdie studie is: *eienaarskap, selfstandige denke, probleemanalise en -oplossingsvaardighede* (Tabel 3.2).

Beide die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu was verward oor die konsep van bemagtiging. Beide partye het eerder verwys na tasbare oplossings (klinieke, lopende water of elektrisiteit) as die groot uitkoms van ontwikkeling eerder as ŉ verandering in gesindheid of verhoogde onafhanklikheid (sien 4.5.4.1 en 5.6.4.1). Hier is dus ŉ fundamentele probleem wat gesetel kan wees in verskeie faktore, insluitende die swak ekonomiese toestand van die gemeenskap, die gebrek aan doelgerigte opvoeding van owerheidsweë of nie-regeringsorganisasies oor die doel van ontwikkeling op lang termyn.

Eienaarskap veronderstel dat die ontwikkelende gemeenskap van Rundu verantwoordelikheid kan neem vir hulleself en hulle eie sosiale verandering (Tabel 3.2). Dit het aan die lig gekom tydens die onderhoude met CDC-lede en die fokusgroepe dat die ontwikkelende gemeenskap van Rundu passiewe ontvangers van ontwikkeling is en nie eienaarskap neem nie (sien 4.5.4.1 en 5.6.4.1). Die ontwikkelende gemeenskap wag eerder op die regering om ontwikkelingsinisiatiewe in plek te sit wat hulle lewenskwaliteit behoort te verbeter (sien 5.6.1).

Hierdie passiewe houding teenoor ontwikkeling is gevaarlik en kan ŉ moontlike faktor wees waarom die gemeenskap nie aktief deelneem aan CDC-ontwikkelingsinisiatiewe nie. Gevolglik kan daar gesê word dat die ontwikkelende gemeenskap van Rundu tans eerder ontvangers van ontwikkeling is en nie selfstandig verantwoordelikheid vir hulle situasie probeer vat nie.

Selfstandige denke vereis dat deelname aan CDC-ontwikkelingsinisiatiewe die ontwikkelende gemeenskap van Rundu in staat behoort te stel om selfstandig te kan dink oor situasies (Tabel 3.2). Hoewel die CDC-lede nie uitgebrei het oor selfstandige denke nie, word hierdie vaardigheid ontwikkel wanneer daar aktief deelgeneem word aan besluitneming en beplanning (sien 4.5.2). Daar is reeds vasgestel dat die ontwikkelende gemeenskap van Rundu nie aktief daarin deelneem nie en dus kan gesê word dat selfstandige denke nie tans gekweek word nie (sien 4.2.4.1 en 5.4.5.1). Tydens die fokusgroepe het dit aan die lig gekom dat die gemeenskap nie werklik selfstandig kan nadink oor hulle situasie nie. Die meeste deelnemers kon vinnig en maklik ŉ lys van ontwikkelingskwessies binne hulle gemeenskap identifiseer maar min deelnemers was van mening dat hulle iets daaromtrent kan doen (sien 5.6.2). Dit blyk gevolglik of die ontwikkelende gemeenskap van Rundu nog nie by wyse van deelname aan CDC-ontwikkelingsinisiatiewe in staat gestel is om na te dink oor hul ontwikkelingsituasie nie.

Probleemanalise en probleemoplossingsvaardighede veronderstel dat deelname aan CDC-ontwikkelingsinisiatiewe die ontwikkelende gemeenskap van Rundu in staat behoort te stel om oor huidige en toekomstige probleme te reflekteer en selfstandig met oplossings vir hierdie omstandighede vorendag te kan kom (Tabel 3.2). Vanuit die onderhoude en fokusgroepe kan die afleiding gemaak word dat die ontwikkelende gemeenskap van Rundu nie tans toegerus word met die nodige vaardighede nie (sien 5.6.3). Hierdie afleiding word gegrond op die feit dat hierdie vaardighede gekweek, ontwikkel en bemeester word wanneer begunstigdes aktief deelneem aan besluitneming en beplanning binne die konteks van ontwikkelingsinisiatiewe. Siende dat die ontwikkelende gemeenskap van Rundu nie tans aktief deelneem aan die besluitneming en beplanning van CDC-ontwikkelingsinisiatiewe nie word hulle nie tans met die nodige vaardighede toegerus nie (sien 4.5.3). Alhoewel hulle nie tans met hierdie vaardighede toegerus word nie het heelwat gemeenskapslede saamgestem dat hulle hierdie vaardighede graag sou wou aanleer (sien 5.6.3).

#### *6.5.4.1. Gevolgtrekking: bemagtiging*

Die kommunikasie tussen die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu voldoen nie aan die vereistes van die deelnemende benadering ten opsigte van bemagtiging

nie. Die kommunikasie tussen die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap bemagtig nie tans die ontwikkelende gemeenskap om eienaarskap van hulle omstandighede te neem nie. Dit lei tot gevolg dat die ontwikkelende gemeenskap van Rundu nie tans onafhanklik van die plaaslike regering ontwikkel nie.

### 6.5.5 Gevolgtrekking oor die aard van kommunikasie tussen die CDC en die gemeenskapslede in Rundu

Vanuit bostaande besprekings word daar tot die gevolgtrekking gekom dat die aard van kommunikasie tussen die CDC en die gemeenskapslede van Rundu nie voldoen aan die beginsels van die deelnemende benadering soos in die literatuur uiteengesit word nie. Daar word geargumenteer dat die gebrek aan deelname, dialoog en die integrasie van die gemeenskap se kulturele identiteit in die ontwikkelingsinisiatiewe daartoe lei dat bemagtiging nie in hierdie konteks plaasvind nie.

Indien bemagtiging as ŉ belangrike uitkoms van die CDC se ontwikkelingsinisiatiewe beskou word, behoort daar baie meer klem geplaas te word op deelname, dialoog en kulturele identiteit in die kommunikasie tussen die CDC-lede en die plaaslike gemeenskap van Rundu.

## 6.6. Beperkings van die studie

Die grootste beperking vir hierdie studie is die feit dat die persepsies van slegs sekere ontwikkelende gemeenskappe en sommige CDC-lede ingevorder is. Dit is moontlik dat ontwikkelende gemeenskappe in ander streke se gemeenskapslede ander persepsies of ervarings kan hê. Die moontlikheid bestaan ook dat ander streke se CDC-lede ander persepsies kan hê as dié wat ingewin is tydens die empiriese navorsing. Die doel van hierdie studie was egter nooit om te veralgemeen nie; die persepsies wat ingevorder is, gee wel ŉ indruk van die kommunikatiewe proses tussen die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu. Hierdie beperking beïnvloed gevolglik nie die geldigheid van die studie nie.

ŉ Ander moontlike beperking kan die herdefiniëring van die deelnemende benadering wees en die voorstelle wat gevolglik daaruit vir die CDC gemaak is. Hierdie voorstelle is nie empiries "getoets" nie en die toepaslikheid daarvan kan dus nie verseker word nie. Dit is belangrik dat dit in werklikheid binne die konteks van kommunikasie tussen die CDC-lede en die ontwikkelende gemeenskap van Rundu getoets en evalueer word ten einde verbeterings daarop te kan maak.

## 6.7. Aanbevelings vir verdere studie

ŉ Groter empiriese studie behoort by te dra tot ŉ duideliker begrip van die aard van kommunikasie. In opvolgstudies kan daar groter klem geplaas word op die gemeenskapslede se persepsies deur meer gemeenskapslede te betrek, asook ŉ dieper begrip van die CDC-lede se persepsies deur meer CDC te betrek. Deelnemer-waarnemer-navorsing kan ook nuttige inligting genereer indien navorsers CDC-vergaderings sou bywoon om die aard van kommunikasie tydens hierdie vergaderings te bepaal.

Dit sal ook waardevol wees om hierdie studie te herhaal in ander streke van Namibië om vas te stel tot watter mate persepsies ooreenstem of verskil van dié wat tydens hierdie studie in Rundu ingewin is sodat daar duideliker begrip vir die aard van kommunikasie tussen die CDC en gemeenskapslede in die breë kan wees.

**Bibliografie**


Agunga, R. A. 1999. Developing the third world: a communication approach. New York: Nova Science.

Alweendo, T. 2012. Introduction. (*In* National Planning Commision. Republic of Namibia: Namibia's fourth national development plan. Windhoek, Namibia. p. ix-xi).

Arnstein, S.R. 1969. A Ladder Of Citizen Participation, Journal of the

American Institute of Planners, 35:4, 216-224.

Babie, E. & Mouton, J. 2012. The practice of social research. Cape Town: Oxford University Press.

Bessette, G. 2004. Involving the community: a guide to participatory development communication. George Town: Southbound.

Casmir, F.L. 1991. Culture, communication, and development. (*In* Casmir, F.L., *ed.* Communication in development. Norwood: Ablex Publishing Corporation. p. 5-26).

Chang, L. & Jacobson, T. 2010. Measuring participation as communicative action: A case study of citizen involvement in an assessment of a city's smoking cessation policy-making process. *Journal of Communication*, 60:660-679.

Chauhan, M.S. & Verma, S. 2009. Communication in Social Change. (In Dubey, V.K., Pandey, K.N. & Pandey, R. eds Development Communication: Applied to Journalism & Mass Communication, Extension Education & Communication, Rural Development and Management Studies. India: International Book Distributing Co. p. 581-592).

Coetzee, J.C. 2001. Modernization theory. (*In* Coetzee, J.C., Graaf, J., Hendricks, F. & Wood, G., *eds.* Development: Theory, policy and practice. Cape Town: Oxford University Press Southern Africa. p. 27-43).

Colle, R.D. 2008. Threads of development communication. (*In* Servaes, J., *ed*. Communication for development and social change. Los Angeles: Sage. p. 96-157).

Davids, I. 2009. Development theories: past to present. (*In* Davids, I, Theron, F. & Maphunye, K. J., *eds*. 2009. Participatory development in South Africa: a development management perspective. Pretoria: Van Schaik. p. 4-29).

Davdis, I. & Maphunye, K.J. 2009. The public sector: promoting development and good governance. (*In* Davids, I., Theron, F. & Maphunye, K. J., *eds*. 2009. Participatory development in South Africa: a development management perspective. Pretoria: Van Schaik. p. 52-67).

Dutta, M. J. 2011. Introduction. (*In* Dutta, M.J., *ed*. Communicating social change: Structure, culture, and agency. 1–28. London: Routledge p. 1-28).

Emmerij, L. 2010. The basic needs development strategy. (Ongepubliseer)

Etana, A. 2014. The characteristics of development paradigms: modernization, dependency, & multiplicity. Addis Ababa University, Ethiopia.

Freire, P. 1969. Education for critical consciousness. (*In* Gumucio-Dagron, A. & Tufte, T., *eds*. 2006. Communication for social change anthology: Historical and contemporary readings. New Jersey: Communication for Social Change Consortium. p. 39-42).

Freire, P. 1970. Pedagogy of the oppressed. (*In* Gumucio-Dagron, A. & Tufte, T., *eds*. 2006. Communication for social change anthology: Historical and contemporary readings. New Jersey: Communication for Social Change Consortium. p. 44-48).

Freire, P. 1983. Pedagogy of the oppressed. New York: Continuum.

Fouché, C.B. & Schurink, W. 2003. Qualitative research designs. (*In* de Vos, A.S., Strydom, H., Fouchè, C.B. & Delport, C.L.S., *eds*. Research at grass roots: for the social sciences and human service professions. Pretoria: Van Schaik Publishers. p. 307-327).

Graaff, J. & Venter, D. 2001 Understanding the world system. (*In* Coetzee, J.C., Graaf, J., Hendricks, F. & Wood, G., *eds*. Development: Theory, policy and practice. Cape Town: Oxford University Press Southern Africa. p. 77-95).

Greef, M. 2013. Information collection: interviewing. (*In* de Vos, A.S., Fouchè, C.B., Poggenpoel, M. & Schurink, E.M., *eds*. Research at grass roots: a primer for the caring professions. Pretoria: Van Schaik Publishers. p. 341-375).

Government of Namibia. 2015. Decentralisation Namibia. http://www.decentralisation.gov.na/ Datum van gebruik: 22 April 2017.

Gumucio-Dagron, A. & Tufte, T. 2006. Roots and relevance: Introduction to the CFSC anthology. (*In* Gumucio-Dagron, A. & Tufte, T., *eds*. 2006. Communication for social

change anthology: Historical and contemporary readings. New Jersey: Communication for Social Change Consortium. p. xiv-xxxvi).

Gumucio-Dagron, A. 2008. Vertical minds versus horizontal cultures: An overview of participatory process and experiences. (*In* Servaes, J., *ed*. 2008. Communication for development and social change. Los Angeles: Sage. p. 68-81).

Gupta, A., & Ferguson, J. 1997. 'Beyond "Culture": Space, Identity, and the Politics of Difference'. (*In* Gupta, A. & Ferguson J., *eds*. Culture, power, place: explorations in critical anthropology. Durham: Duke University Press. p. 33-51).

Haynes, J. 2008. Development studies. Cambridge: Polity Press.

Hecht, M., & Choi, H. 2012. The communication theory of identity as a framework for health message design. (*In* Cho, H., *ed*. Health communication message design: theory and practice. Lafayette: Sage. p. 137-141).

Huesca, R. 2008. Tracing the history of participatory communication approaches to development: A critical appraisal. (*In* Servaes, J., *ed*. Communication for development and social change. Los Angeles: Sage. p. 180-198).

Jacobson, T.L., & Kolluri, S. 1999. Participatory communication as communicative action. (*In* Jacobson, T.L. & Servaes, J., *eds*. Theoretical approaches to participatory communication. Hampton: Cresskill. p. 265-280).

Jamieson, N.L. 1991. Communication and the new paradigm for development. (*In* Casmir, F.L., *ed*. Communication in development. Norwood: Ablex Publishing Corporation. p. 27-50).

Jdiay, C. 2009. Development Communication in Rural Areas: a participation approach. (*In* Dubey, V.K., Pandey, K.N. & Pandey, R., *eds*. Development communication: Applied to journalism & mass communication, extension education & communication, rural development and management studies. India: International Book Distributing Co. p. 385-392).

Korten, D.C. 1990. Getting to the 21st century: voluntary action and the global agenda. West Harford: Kumarian Press.

Latouche, S. 1993. In the wake of the affluent society: an exploration of post-development.

London: Zed (orig. French edn. 1991).

Madikiza, L. & Bornman, E. 2007. International communication: Shifting paradigms, theories and foci of interest. Communication, 33(2):11-44.

Malakwane, C.T. 2012. Economic and social effects of unemployment in South Africa: prospects for the future. Pretoria: TUT. (Thesis- Masters).

Marshall Foundation. 2016. History of the Marshall Plan. https://marshallfoundation.org/marshall/the-marshall-plan/history-marshall-plan/ Datum van gebruik: 20 Februarie 2016.

McLeod, S. 2014. Maslow's hierarchy of needs. https://www.simplypsychology.org/maslow.html Datum van gebruik: 6 November 2017.

McKee, N., Manoncourt, E., Yoon C.S. & Carnegie R. 2008. Involving people, evolving behaviour: The unicef experience. (*In* Servaes, J., *ed*. 2008. Communication for development and social change. Los Angeles: Sage. p. 254-275).

Melkote S.R. & Steeves, H.L. 2001. Communication for development in the third world: theory and practice for empowerment. New Dheli: Sage Publications India Pvt Ltd.

Melkote, S. R. 2003. (*In* Mody, B., *eds*. International and Development Communication: A 21st Century perspective. California: Sage Publications. p. 129-146).

Nam. 2014. Basic training manual for regional development coordination committees, constituency development committees & settlement development committees. Windhoek, Namibia.

National Planning Commission. 2015a. Poverty mapping report. Windhoek, Namibia.

National Planning Commision. 2015b. Annual report. Windhoek, Namibia.

Nederveen Pieterse, J. 2010. Development theory: Deconstructions/reconstructions. 2nd ed. London: Sage.

Nieuwenhuis, J. 2013. Qualitative research designs and data gathering techniques. (*In* Maree, K., *ed*. First steps in research. Pretoria: Van Schaik Publishers. p. 70-97).

Patrick, T. 2013. Socio-cultural tradition. https://torajoypatrick.wordpress.com/2013/10/07/socio-cultural-tradition/ Datum van gebruik: 18 Maart 2015.

Pole, C.J. & Lampart, R. 2002. Practical social investigation: Qualitative and quantitative methods in social research. Harlow: Pearson.

Provan, J. 2017. The Marshall plan and its consequences. https://www.george-marshall-society.org/george-c-marshall/the-marshall-plan-and-its-consequences/ Datum van gebruik: 10 Maart 2017.

Rahim, S.A. 1994. Participatory development communication as a dialogical process. (*In* White, S.A.W., Nair, K.S. & Ascroft, J., *eds*. Participatory communication: working for change and development. p. 117-138).

Roodt, M. 2001 Participation, civil society, and development. (*In* Coetzee, J.K., Graaff, J., Hendricks, F. & Wood, G., *eds*. Development: Theory, policy and practice. Cape Town: Oxford University Press Southern Africa. p. 469-495).

Rosier, D. 2013. Arnstein's Ladder of Participation. https://slamtwigops.wordpress.com/2013/08/17/arnsteins-ladder-of-participation/ Datum van gebruik: 15 Maart 2016.

Schurink, E.M. 1998. Participatory action research as a tool for sustainable social development and reconstruction. (*In* de Vos, A.S., Fouchè, C.B., Poggenpoel, M. & Schurink, E.M., *eds*. Research at grass roots: a primer for the caring professions. Van Schaik Publishers: Pretoria. p. 404-420).

Servaes, J. 1991. Toward a new perspective for communication and development. (*In* Casmir, F.L., *ed*. Communication in development. Norwood: Ablex Publishing Corporation. p 51-85).

Servaes, J. 1995. Towards a new perspective for whom and for what? Communication, 21(1):39-49.

Servaes, J. 2002. By way of introduction. (*In* Servaes, J., *ed*. Approaches to development communication. Paris: UNESCO. p. 1-22).

Servaes, J. 2008a. Introduction. (*In* Servaes, J., *ed*. 2008. Communication for development and social change. Los Angeles: Sage. p. 14-28).

Servaes, J. 2008b. Communication for development approaches of some governmental and non-governmental agencies. (*In* Servaes, J., *ed*. Communication for development and social change. Los Angeles: Sage. p. 201-218).

Servaes, J. & Arnst, R. 1999. Principles of participatory communication research: its strengths (!) and weaknesses (?). (*In* Jacobson, T.L. & Servaes, J., *eds*. Theoretical approaches to participatory communication. Cresskill: Hampton Press. p. 107-130).

Servaes, J. & Malikhao, P. 2008. Development communication approaches in an international perspective. (*In* Servaes, J., *ed*. 2008. Communication for development and social change. Los Angeles: Sage. p. 158-179).

Servaes, J. & Verschooten, C. 2008. Hybrid Interactions: Human rights and development in a cultural perspective. (*In* Servaes, J., *ed*., 2008. Communication for development and social change. Los Angeles: Sage. p. 45-57).

Thomas, P. 1994. Participatory development communication: Philosophical premises. (*In* White, S. A., Nair, K.S. & Ascroft, J., *eds*. Participatory communication: working for change and development. New Delhi: Sage. p. 49-59).

Tomlinson. J. 2003. Globalization and cultural identity. (*In* Held, D. & McGrew, A., *eds*. The global transformations reader: An introduction to the globalization debate. Cambridge: Polity Press. p 269-277).

Tufte, T. & Mefalopolous, P. 2009. Participatory communication: a practical guide. Washington: The World Bank.

United Nations, 2018. Namibia. https://sustainabledevelopment.un.org/index.php?page=view&type=30022&nr=1071&menu=3170 Datum van gebruik: 31 Desember 2018.

UNESCO. 2013. Identity and heritage. http://portal.unesco.org/geography/en/ev.php-URL_ID=9230&URL_DO=DO_TOPIC&URL_SECTION=201.html Datum van gebruik: 17 Maart 2015.

UNESCO. 2014. Cultural diversity and identity. http://www.unesco.org/new/en/communication-and-information/flagship-project-activities/unesco-and-wsis/implementation-and-follow-up/unesco-and-wsis-action-lines/c8-cultural-diversity-and-identity-linguistic-diversity-and-local-content/ Datum van gebruik: 17 Maart 2015.

White, K. 1999. The importance of sensitivity to culture in development work. (In Jacobson, T.L. & Servaes, J., eds. Theoretical approaches to participatory communication. New Jersey: Hampton Press. p. 17-46).

Waisbord, S. 1999. Family tree of theories, methodologies and strategies in development communication. New York: Rockefeller Foundation.

Waisbord, S. 2014. The Strategic Politics of Participatory Communication. (*In* Wilkins, K. G. Tufte, T. & Obregon, R., *eds*. The handbook of development communication and social change. Chichester: Wiley Blackwell. p. 147–167).

Yoon, S. C. 1996. Participatory communication for development. (*In* Bessette G. & Rajasunderam, C. V., *eds*. Participatory development communication: A West African agenda. Canada: International Development Research Centre. p. 37-64).

NWU®
NORTH-WEST UNIVERSITY
NOORDWES-UNIVERSITEIT
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA

**Higher Degrees Administration**

# SOLEMN DECLARATION AND PERMISSION TO SUBMIT

## Solemn declaration by student

I, **Lerine Miller**

declare herewith that the thesis/dissertation/mini-dissertation/article entitled (**exactly as registered/approved title**),

Kommunikasie tussen die CDC-lede en die gemeenskap van Rundu: 'n Ontwikkelingskommunikasieperspektief

which I herewith submit to the North-West University is in compliance/partial compliance with the requirements set for the degree:

Magister Artium in Kommunikasie

is my own work, has been text-edited in accordance with the requirements and has not already been submitted to any other university.

**LATE SUBMISSION: If a thesis/dissertation/mini-dissertation/article of a student is submitted after the deadline for submission, the period available for examination is limited. No guarantee can therefore be given that (should the examiner reports be positive) the degree will be conferred at the next applicable graduation ceremony. It may also imply that the student would have to re-register for the following academic year.**

Ethics number: NWU-00277-16-A7

ORCiD: 0000-0002-2528-2193

Signature of Student: Lerine Miller — Digitally signed by Lerine Miller Date: 2019.05.28 21:12:43 +02'00'

University Number: 23600527

Signed on this 28 day of May of 2019

## Permission to submit and solemn declaration by supervisor/promoter

The undersigned declares that the thesis/dissertation/mini-dissertation complies with the specifications set out by the NWU:

- with regards to A-rules (PhD students shoud have at least one paper on aspects of the thesis submitted for review in an accredited scientific journal) Yes ○ No ○ Not applicable (n/a) ●
- with regards to faculty rules on submission or acceptance by an accredited scientific journal: Yes ○ No ○ n/a ●
- with regards to faculty rules on peer reviewed conference proceedings: Yes ○ No ○ n/a ○
- the student is hereby granted permission to submit his/her mini-dissertation/ dissertation/thesis: Yes ● No ○
- that the student's work has been checked by me for plagiarism (by making use of TurnItIn software for example) and a satisfactory report has been obtained: Yes ● No ○


and that the work was language edited before submission for examination.

Signature of Supervisor/Promoter

Elbe Kloppers — Digitally signed by Elbe Kloppers DN: cn=Elbe Kloppers, o=NWU, ou=Kommunikasie, email=Elbe.Kloppers@nwu.ac.za, c=ZA Date: 2019.05.29 10:55:15 +02'00'

Date: 29-05-2019

# Turnitin verslag



**Bewys van taalversorging**

# JD Froneman, PhD

# Teksredakteur

**---------------------------------------**

VIP Block 18, Negende Straat

Kleinmond

joh.froneman@gmail.com

083-26350765

Hiermee bevestig ek dat ek Miller se MA-verhandeling in geheel taalversorg het en dat ek dit op standaard ag om ingegee te word vir eksaminering.

Johannes Froneman

**Paspoort**


REPUBLIC OF NAMIBIA

ORDINARY PASSPORT
PASSEPORT ORDINAIRE

Type/Type: P
Code of issuing State/Code de l'État émetteur: NAM
Passport No/Passport No.: P0648282
Surname/Nom: MILLER
Given names/Prénoms: LERINE
Nationality/Nationalité: NAMIBIAN
Identity No/No identitie: 94080300395
Date of Birth/Date de naissance: 03 AUG/AOÛT 94
Place of birth/Lieu de naissance: GROOTFONTEIN
Sex/Sexe: F
Authority/Autorité: MINISTRY OF HOME AFFAIRS
Date of Issue/Date de délivrance: 06 JAN/JAN 16
Date of Expiry/Date d'expiration: 05 JAN/JAN 21
Holder's Signature/Signature de titulaire

P<NAMMILLER<<LERINE<<<<<<<<<<<<<<<<<<<<<<<<<
P0648282<7NAM9408034F210105994080300395<<<58